

VOORTREKKER-PIONIERS **in** **Oos-Transvaal**

deur
J P BOTHA
 M.A., B.Ed.,D.Litt.et Phil.

Kopiereg in teks deur
Dr J P Botha

Die verhaal van Hendrik Potgieter
en die Trekkers se verhuising na
Ohrigstad;

die vergeefse pogings om
Delagoabaai as hawe te benut;

die stryd tussen die Potgieterparty
en die Volksraadparty;

Potgieter se verhuising na
Soutpansberg;

die Republiek Lydenburg
en die eenwording van die
Voortrekkergroepe
na die Sandrivierse Konvensie van
1852

Inhoudsopgawe

Potgieter verhuis na Ohrigstad

Vestiging van die Ohrigstadse
gemeenskap

Die skeuring in die gemeenskap

Die buitelandse handel misluk

Ohrigstad word verlaat

Versoeningspogings

Lydenburg skei af

Potgieter verhuis na Ohrigstad

Die bewering dat Andries Hendrik Potgieter steeds na die noorde gehunker het omdat hy in Natal nooit enige heil gesien het nie, aangesien hy dié gebied as nog te na aan die Engelse beskou het, is seer seker oordrewe, maar dit is bo alle twyfel waar dat Potgieter dié pionier is wat die republikeinse gebied ten weste van die Drakensberge vir die Voortrekkers gewen het. Dit is hy wat die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier van die naturellekaptein Makwana vir die Voortrekkers geruil het en dit is ook hy wat die Oorvaalse streek van die naturellegevaar gesuiwer en vir die Voortrekkers bewoonbaar gemaak het. So het hy ook na die tweede straftog teen Mzilikazi te Derdepoort die gronde wat tot op dié datum deur die onderdane van die Matebelekonink bewoon was as Voortrekkerbesit geproklameer en die Kaapse owerheid sowel as Mzilikazi daarvan kennis gegee.

Op hierdie gebied, geleë ten noorde van die Vetrivier en ten weste van die Drakensberge, wat hy vir die Voortrekkers gewen het, het Potgieter blykbaar gemeen om die vrye republiek wat die groot ideaal van die Voortrekkers was, te laat verrys. Hy het dan ook van die staanspoor af stappe gedoen om vir hierdie gebied 'n verbinding met die see te vind, vry van Britse invloed, want hy het goed besef dat sonder 'n onbelemmerde verkeer met die vrye wêreld oor die see die republiek tot ondergang gedoem sou wees.

Aan 'n eie seehawe het hy aanvanklik nie gedink nie want dit word ons vertel dat dit sy opvatting was dat waar die see is die Engelse ook sou wees. Van die staanspoor af was sy pogings

dus daarop gerig om Delagoabaai wat in Portugese besit was, te bereik en om deur middel van 'n ooreenkoms met die Portugese hierdie hawe vir die Republiek te benut. Met die oog hierop het hy in 1836, na die verkryging van die grondgebied tussen die Vet- en die Vaalrivier, sy bekende ekspedisie na die noorde gelei om Trigardt en Van Rensburg op te soek ten einde in samewerking met hulle deur die Portugese gebied handelsverbinding met die see te soek. Deur die tussenkoms van die Matebele-oorlog kon hy Trigardt se ekspedisie na Delagoabaai nie meemaak nie maar sy ekspedisie na die noorde was tog nie vrugteloos nie. Dit het hom in Banjailand met Portugese handelaars tussen die naturelle in aanraking gebring en dié feit het glo selfs gedagtes aan moontlike handelsbetrekkinge met Sofala en Inhambane by hom laat ontstaan.

Intussen het die oorloë teen die Matebeles en daarna teen die Zoeloes hom voortdurend besig gehou tot in April 1838 met die slag te Italeni toe hy na die gebied ten weste van die Drakensberge terug is en in die winter van 1838 sy pogings om met die Portugese aan die Ooskus in aanraking te kom, hervat het. Sy broer Hermanus en hyself is gedurende Julie 1838 voort op 'n verkenningstog in die rigting van Lourenco Marques om die land te verken. Hulle is deur Rhenosterpoort en langs die Olifantsrivier af tot aan Strydpoort. Daarvandaan het hulle die loop van die Olifantsrivier tot aan die Lebomboberge gevolg, maar toe hulle daar berig kry dat die Trigardt-geselskap daar verby is onderweg na die Baai het hulle omgedraai, blykbaar in die hoop dat Trigardt die genoemde

handelsverbinding sou bewerkstellig en daarna sou terugkeer om te vertel wat hy uitgerig het.

Die Voortrekkers ten weste van die Drakensberge wat feitlik uitsluitend bestaan het uit Potgieter se mense, dit wil sê mense wat tot sy trek behoort het, het hulle in die tussentyd gevestig in die gebied wat deur Potgieter verkry is, dit is die hele streek ten noorde van die Vetrivier, insluitende die westelike en suidwestelike Transvaal en 'n gereëelde regering het daar net soos in Natal ontstaan. In laasgenoemde streek het die Voortrekkers onder leiding van Andries Pretorius die Zoeloegevaar gedurende 1838 tot 1840 aan bande gelê en die gebied wat deur Piet Retief van die Dingaan geruil is tesame met die streek wat na die vernietiging van Dingaan se mag deur Pretorius geannekseer is, is deur die Voortrekkers gewen en deur hulle bewoonbaar gemaak.

Vir die bestaan van hierdie twee Voortrekkermaatskappye wat albei op demokratiese grondslag bestuur is, was daar geen regsverdiging nie en gevolglik is hulle op 16 Oktober 1840 met mekaar verenig onder een sentrale volksraad waarvan die setelplaas Pietermaritzburg sou wees. As kommandant-generaals is benoem Andries Pretorius vir die distrik Natalia, oos van die Drakensberg en AH Potgieter vir die distrik Potchefstroom, dit is die hele gebied ten weste van die Drakensberg, waar daar ook 'n adjunkraad sou bestaan, volkome aan die volksraad onderhorig om Potgieter by te staan.

Ten gevolge van hierdie verwikkeling het Potgieter nou tydelik nie meer die dringende behoefte gevoel om met die Portugese in verbinding te tree nie want die Republiek Natalia het mos nou sy eie hawe, Port Natal, gehad. Die ongelukkige afloop van die Trigardttrek het, so word vertel, meegewerk om sy

belangstelling vir Delagoabaai te laat taan, maar onses insiens was dit die feit dat die Voortrekkers nou in staat gestel was om deur middel van hul eie hawe die buitewêreld te bereik, wat by hom die deurslag gegee het.

Die nuwe hawe was doeltreffend en toe kort daarna 'n berig Potgieter bereik dat 'n Nederlandse handelsvaartuig, die "Brazilië", Port Natal aangedoen het, spesiaal deur 'n Nederlandse maatskappy (Ohrig, Klein en Kie.) afgevaardig om 'n gereelde handelsverkeer met die emigrante te bewerkstellig, het die kommandant-generaal wes van die Drakensberge blykbaar begin glo dat die besit van 'n eie seehawe net so voordelig was as om deur die hawens van ander nie-Britse moondhede met die buitewêreld die nodige verbinding te bewerkstellig. Die koms van die skip waarvan die opperstuurman die heer Jean Arnaud Smellekamp was, kantoorbediende van die heer CG Ohrig, was soos bekend, die gevolg van die bemoeiinge van professor UG Lauts, die groot Boerevriend in Holland, in belang van die Voortrekkers, ten gevolge waarvan in 1841 daar 'n redery of handelsmaatskappy tot stand gekom het wat sig ten doel gestel het om in die tydelike en geestelike behoeftes van die Voortrekkers te voorsien.

Dit het egter spoedig geblyk dat Potgieter tog reg was. Die besoek van die Brazilië het Groot-Brittanje se aandag gevestig op die belangrikheid van Port Natal as 'n lewensaar om die pasgestigte Voortrekkerstaat sterk te maak en toe die Boere weer hul oë uitvryf was hulle verplig om na die wapen te gryp ter verdediging van hul duurgekogte vaderland teen 'n Engelse troepemag wat in 1842 gestuur is om die hawe te beset en Natal te onderwerp. Die afloop van die stryd wat gevolg het, is welbekend. Groot-Brittanje het geseëvier en die

Voortrekkergebied ten ooste van die Drakensberge het met hawe en al in 1843 in Britse hande geval.

Potgieter het, nadat hy verslag ontvang het van dié gebeure van die vyf lede van die adjunk-raad wat as volksraadslede na Pietermaritzburg gestuur is om die vergadering van die volksraad by te woon en daar aanskou het hoe die ander lede van die volksraad 'n akte van oorgawe aan die Engelse onderteken, op 3 Oktober 1843 aan die Engelse gesaghebbendes in Natal kennis gegee dat die gebied ten weste van die Drakensberge hom nie deur die anneksasie getref ag nie en dus nie deur Natal se onderwerping aan Brittanje gebind is nie, maar volkome onafhanklik bly. Potgieter het dadelik weer begin roer om sy ideaal te verwesenlik, naamlik om deur middel van die Portugese hawens verbinding met die buitewêreld te bewerkstellig.

Die bestuur van die gebied ten weste van die Drakensberge is herorganiseer, onder andere deur die daarstelling van 'n "burgerraad" of volksraad om die adjunk-raad te vervang en die Voortrekkerrepubiek was nou inderdaad beperk tot die gebied wat deur Potgieter gedurende die tydperk 1836 tot 1838 verwerf is. Die burgerraad het egter in 1844 aan Cloete laat weet dat die grens van hul gesag tot aan die Oranjerivier strek. Die bewoners van hierdie streek was egter nie slegs Potgieter-aanhangers of lede van die Potgieter-trek nie. Afgesien van die blanke bewoners van die gebied tussen die Vet- en die Oranjerivier, waaronder 'n groot aantal was wat Britsgesind was, het daar na die anneksasie van Natal 'n groot aantal van die Voortrekkers wat nie onder Britse bewind wou staan nie uit die gebied ten ooste van die Drakensberge na die Voortrekkerrepubiek ten weste van die bergreeks getrek en hulle daar gevestig. Onder hulle was ook die voormalige

sekretaris van die oorlede Natalse volksraad, naamlik die heer Jacobus Johannes Burger.

Toe dit duidelik geword het dat Natal permanent Engels sou bly, het 'n aansienlike getal Trekkers gereed gemaak om hul gewese tuiste vir goed te verlaat om hulle in die omgewing van Winburg en Potchefstroom-Magaliesberg te gaan vestig. Veral na April 1845, met die aankoms van die Engelse landmetergeneraal te Natal, het die verhuising na die noordweste oor die Drakensberge 'n algemene verskynsel geword as gevolg van die nuwe bepalinge ten opsigte van uitgifte van plase in Natal. Vir die Trekkers het dit geskyn asof die Britse goewerment deur buitensporig hoë grondbelasting die emigrasie wou help bevorder. Stuart meen dat goed tweederdes van die Natalse Trekkers hierdie gebied na die anneksasie verlaat het. Hiervan het die oorgrote meerderheid hulle noord van die Vaalrivier gevestig.

Die aanwesigheid van hierdie Natalse groep, ten minste van dié seksie wat onder leiding en invloed van JJ Burger gestaan het, was nie bestem om die eenheid in die republiek wes van die Drakensberge te bevorder nie. Die verantwoordelikheid daarvan rus, soos later aangetoon sal word, gedeeltelik op hul skouers maar nie uitsluitend nie. Die burgerraad het naamlik tydens sy sitting op 9 April 1844, toe die Drie-en-dertig Artikels, die grondslag van die bestuursinstellings van die republiek wes van die Drakensberge, aangeneem is sekere bepalinge van krag gemaak, wat so vertolk kon word dat van die Natallers verhinder kon word om onbelemmerd 'n aandeel in die bestuur van die republiek te neem.

In artikels 9 en 10 van die betrokke stuk is naamlik bepaal dat "*Al die geenene die met de buitenlandsche mogendheden of*

hunne gouverneurs of amptenaars aanslagen en verstandhoudings zal gevormd en belegd hebben ten einde dezelve tot het plegen van vyandlykheden.....tegens deze Repebeliek over te halen.....die zal gestraft worden.....Doch (En) alle die geene die voor dato deezer hem schuldig gemaakt heeft aan boven gemelde Artichel, indien het een amptenaar moge zyn, zal van zyn post ontset worden en nimmer in onze maatschappy een post bekleeden, en indien een privaat man, nimmer een post te krygen." Volens hierdie artikels kon van die gewese Natallers, byvoorbeeld JJ Burger, 'n aktiewe aandeel in die bestuur van die republiek wes van die Drakensberge ontsê word.

Aanvanklik het daar egter geen moeilikhede ontstaan nie en kon Potgieter onbelemmerd sy aandag wy aan die verlossing van die republiek uit isolasie deur die verkryging van 'n weg na die see oor Potugese gebied.

Reeds in 1843 is 'n kommissie wat glo deur Potgieter georganiseer is na Delagoabaai waar hulle tot die ontdekking gekom het dat die vriende van die Voortrekkers in Nederland hulle geensins vergeet het nie maar dat die *Brazilië* 'n tweede maal deur Ohrig, hierdie keer bygestaan deur J Swart en A Kooy, na Natal gestuur is, weer eens met Smellekamp as opperstuurman. Van die skip self, soos tewens van Smellekamp het hulle niks gewaar nie maar wat hulle wel ontmoet het was ds Ham wat met die skip meegekam het, juis as predikant van die Voortrekkers en van hom kon hulle die treurige geskiedenis van die tog verneem.

Die skip het naamlik reeds op 7 Mei 1843 in Port Natal aangekom maar die Britse owerheid aldaar, van wie Smellekamp wat nog niks van die anneksasie verneem het nie

natuurlik niks wis nie, wou hom nie toelaat om van sy lading ontslae te raak en met die Trekkers in verbinding te tree nie.

Die *Brazilië* moes derhalwe maar noodgedwonge sy stewe na Mosambiek rig en het daarvandaan na Madagaskar geseil en het uiteindelik die Portugese hawe Delagoabaai aangedoen. 'n Onderwyser wat daar vir die Voortrekkers aan boord was, ene Martineau, is intussen op see oorlede, en ds en mev Ham het, onderwyl die skip sy reis na Batavia verder voortgesit het, te Delagoabaai agtergebly in die hoop om op een of ander wyse hiervandaan die Trekkers in die binneland te bereik. Teëspoed het hulle egter oorval. Tydens haar bevalling is mev Ham en haar baba albei te Lourenco Marques oorlede, terwyl ds Ham malaria opgedoen het.

Dit was in hierdie toestand dat die bogemelde Boerekommissie in 1843 ds Ham in Delagoabaai aangetref het. Dat hulle baie bly was oor hulle predikant en hom baie graag wou saamneem, is natuurlik begryplik maar deur die rampe wat hom getref het, het die dominee nie nou meer sy weg oopgesien om met hulle mee te gaan nie. Hy wou onder omstandighede liever terug na sy vaderland en die kommissie moes onverrigtersake terugkeer. Van die energieke Smellekamp wat toe op see was, het hulle niks gewaar nie en toe dié weer in Delagoabaai aankom, was hulle reeds weg. Hier vanuit Delagoabaai waar hy agtergebly het onderwyl die *Brazilië* met ds Ham aan boord voort is na Kaapstad, het Smellekamp 'n brief aan die Natalse volksraad gerig wat hulle deur middel van die Zoeloekoning Panda ontvang het en waarin hy hulle meegedeel het dat hy hulle geen militêre hulp kon aanbied nie maar sou meewerk tot hul ekonomiese opheffing, wat die weg vir staatkundige onafhanklikheid moes voorberei.

Die Natallers was baie bly om van Smellekamp te hoor en het dadelik 'n kommissie bestaande uit Joachim Prinsloo, Gert Rudolph en 'n jongman, Diederik Bezuidenhout, na Delagoabaai gestuur om hom te spreek. Hulle het nie alleen met Smellekamp gesprekke gevoer nie maar ook met die Portugese goewerneur wat aan die hand gedoen het dat die Trekkers Natal moes verlaat en hulle in die gebied agter die Portugese hawens ten noorde van die 25e graad suiderbreedte moes vestig met die oog op toekomstige handelsmoontlikhede, 'n gedagte wat vurig deur Smellekamp ondersteun is, wat daarop gewys het dat die Boere dan nie alleen in staat sou wees om met die Portugese handel te dryf nie maar via Delagoabaai ook met Holland in verbinding kon kom.

Die kommissie het na 'n rampspoedige terugtog waartydens al hul perde dood is en twee man aan die koors beswyk het, Natal weer bereik.

Die berig dat hierdie Natalse kommissie daarin geslaag het om Smellekamp te spreek, was vir Potgieter 'n aansporing om weer eens 'n poging aan te wend om hierdie simpatieke heer uit Holland in die Portugese hawe te probeer bereik. Ook het hy 'n ekspedisie noodsaaklik geag met die oog op die daarstelling van 'n verbinding met die buitewêreld via Delagoabaai, waaraan daar as gevolg van die Britse verowering van Port Natal 'n baie groot behoefte was en met die oog op die handel, want die handel met Port Natal was veels te stadig na sy sin, weens die lang pad waarlangs die transportwaens moes trek. Vir die bewering van dr Preller dat hy die tog onderneem het om by die Portugese die weg vir 'n tweede verhuising te gaan voorberei, kon ons geen bewys vind nie.

Hoe dit ook al sy, Potgieter wat op hierdie tydstep in die Rustenburgse wêreld op die plaas Buffelshoek agter die Magaliesberg gewoon het, het sonder versuim byeenkomste laat hou om die mense se sienswyse aangaande die voorgenome ekspedisie te verneem, en in die somer van 1843 het hy die tog onderneem met 'n geselskap van tagtig Winburgers en Potchefstromers onder bevel van homself, kommandant Mocke en landdros Vermeulen. Carel Trigardt het hulle as tolk vergesel.

Die geselskap het die pad langs die Olifantsrivier af tot by die sameloop van die Elandsrivier gevolg. Hulle is met 16 waens deur Rhenosterpoort langs die rivier af maar in plaas van om links na Strydpoort se kant toe te swaai, het hulle regs gedraai met die doel om in die buurt van Krokodilpoort oor die rivier te kom. Weens milde somerreëns was die Olifantsrivier egter onbegaanbaar en alhoewel hulle veertien dae lank daar vertoef het in die hoop dat dit sou afloop, het dit onbegaanbaar gebly. Geolglik het hulle met die oog op die malariagevaar in hierdie tyd van die jaar en die tsetsevlieg, op die ou end besluit om maar liever om te draai en die tog in die winter weer te hervat.

So tref ons dan die kommissie gedurende die winter van 1844 weer aan op reis op die lang ongebaande pad na Delagoabaai, met 'n aantal ossewaens en gedeeltelik te perd. By Kommissiedrif net anderkant Rooibokkop, is hulle die Olifantsrivier deur en daarvandaan het hulle in 'n oostelike rigting getrek oor Magneetshoogte, deur die Steelpoortrivier, Joubertshoogte uit en toe links oor 'n nek in die berg wat deur Casper Kruger ontdek is en vandag nog as *Caspersnek* bekend staan.

Ongeveer 24 kilometer verder is die waens onder toesig van sowat die helfte van die reisgeselskap agtergelaat omdat die terrein so moeilik begaanbaar was. Vandaar het Potgieter, Mocke en Vermeulen met die res van die geselskap die tog te perd voortgesit tot in Delagoabaai waar hulle in Julie 1844 aangekom het, gelukkig betyds om Smellekamp wat juis op die punt gestaan het om weer na Holland te vaar, te ontmoet. Die Hollander het hulle verseker van sy opregte voornemens om spoedig 'n gereelde handel tussen Nederland en die Trekkers tot stand te bring en het hulle die raad gegee om met die oog daarop en op die *Cape of Good Hope Punishment Act*, van die Portugese toestemming te kry om hulle noord van die 26e graad suiderbreedte te vestig waar hulle buite die Britse invloedseer sou wees want hy was oortuig dat die Engelse hulle ten suide van dié lyn steeds sou bly agtervolg.

Ook moes hulle, met die oog op die bevordering van die handel nie alleen met Holland nie maar ook met die Portugese, hulle in die gebied wat die Portugese aan hulle sou toewys hulle nader aan Delagoabaai vestig en intussen niks doen wat enige bemoeiing van Britse sy kon uitlok nie, "*maar stil opstaan, zyn grond gebied te verlaten*". Hy was bereid om die kommissie persoonlik behulpsaam te wees in die onderhandeling met die Portugese goewerneur maar die kommissie moes, indien die onderhandelings slaag, so spoedig moontlik vanaf hulle nuwe aanleg 'n pad na die baai maak en nie vir die tsetsevlieë en malaria terugdeins nie.

Vir Potgieter en sy metgeselle het hierdie plan aanloklik voorgekom en vergesel van Smellekamp as tolk het hulle hulle dan ook terstond begeef na die Portugese goewerneur wat hulle vriendelik ontvang het. Uit die samesprekings wat gevolg het, is op 22 Julie 1844 'n mondelinge ooreenkoms met die

Portugese goewerneur gebore, wat deur die kommissie dadelik as volg op skrif gestel is.:

Dellagoa Baai den 22 July 1844.

Publieke zitting gehouden op bovengemelde datum door de ondergemelde heeren geauthoriseerd door de Wel Edelen heeren uitmakende den Volksraad te Pochefstroom tot inwinning van de berigten door den heer J Smellekamp medegebracht.

AH Potgieter Ho(ofd) Comm(andant); JG Mocke

Commandant; CJ Kruger, lid der raad; FD Dupre,

PS Strydom, JL Vermeulen Landrost (Van Winburg).

Voorgesteld aan de Weled. heer goeverneur van Lourens Marqus de vraag om zich binnenlands achter de portiegiesche havens te vestigen en wat zeyn gedachten daar omtrent was. Den gouverneur antwoord dat de Emigranten den binnenlanden achter hunne havens kunnen intrekken vanaf den 26 gr. tot de 10 gr. noo(r)der breet mit zich steeds vier dagreizens naar landwaarts van de thans gevestigd Portiegiesche havens en door Portiegiesche bewoonde strecken af te houden, mits zich zoo rustig mooglyk met de inlandsche bevolking gedragende en dat van zynen kant hy al(les) wilde bybrengen wat mooglyk was en wat aan hun geluk bevorderlyk konde wezen. Dat het echter verboden was kafferstammen in hunnen dienst te nemen binnen de 4 dagreisens boven gemeld wonende, doch tot de overige volle vryheid hadden te gebruiken veronderstellende den heer gouverneur dat het ook van den kant der emigranten het doel was niet anders dan in vriendschappelyke betrekking met de Portiegiesche gouvernement te blyven verkeer en elkander vredemeenig (wederkeerig?) die hulp en bystand te verleenen welke de omstandigheden wenschelyk zoude maken.

Die rede vir die inskiklikheid van die Portugese was dat hulle gehoop het om op aansienlike skaal ivoor, velle en volstruisvere van die Boere te handel terwyl laasgenoemde, soos reeds aangetoon is, 'n kanaal begeer het waarlangs hulle lewensbehoefes, kruit en lood ingevoer kon word en waardeur hulle vrye verbinding met die buitewêreld kon hê. Die Boere het egter nie besef dat die Portugese se aanspraak op die gronde in die binneland van Suid-Afrika maar op onvaste grondslag berus het nie. Die *Cape of Good Hope Punishment Act* het hulle egter bekommernis besorg en om hierdie rede het hulle die raad van Smellekamp om verder te trek met gretigheid aanvaar.

Genoemde wet het die jurisduksie van die Kaapse geregshowe uitgebrei oor die hele gebied tot aan die 25e graad suiderbreedte, maar hulle het dit vertolk - ongetwyfeld op Smellekamp se advies - dat hulle hul Britse onderdaanskap kon afskud deur noord van dié breedtegraad te trek. Eers later het hulle en Smellekamp tot die gevolgtrekking gekom dat hulle hulle, volgens Engelse opvatting altans, nooit vry kon trek nie maar dat, soos Smellekamp dit in 1850 vertolk het, 'n persoon volgens Engelse opvatting 'n Britse onderdaan bly, selfs in vreemde lande, indien hy eenmaal op Engelse gebied gewoon het. Trouens, volgens Van Jaarsveld het die Engelse self aan diegene wat vryheid oorkant die "graad" wou gaan soek maar self nie wis waar dié lyn geleë was nie verduidelik dat wanneer hulle saans na die tog van die dag hul osse uitspan en die jukke neerlê, dan sou die grens van die Engelse invloedseer maar nog steeds 'n entjie verder wees as waar die voorste juk lê.

Op daardie tydstip, die winter van 1844, het Potgieter en diegene wat saam met hom in die baai was egter wel geglo dat

die Engelse hulle noord van dié lyn ongemoeid sou laat en het hulle die terugtog Transvaal toe met nuwe geesdrif aangepak. Toe hulle die stroom bereik waar hulle die walaer twee maande tevore agtergelaat het, was dié egter weg. Die persone in die laer het naamlik toe Potgieter en sy geselskap 'n maand nadat hy belooft het om terug te wees nog steeds wegbly, besluit dat hulle almal omgekrom het. Hulle het toe die rivier waar hulle gelaer was die naam Treurrivier gegee en in 'n treurige stemming die terugreis aangevang. Hulle was egter nouliks by die volgende rivier toe die perdekommendo op pad van die baai af terug hulle inhaal met die gevolg dat hulle hierdie rivier toe die naam Blyderivier gegee het.

Teen die einde van Augustus 1844 was die ekspedisie te Magaliesberg terug en kon hulle verslag doen van wat hulle uitgerig het. Die burgerraad het die besluit om nader aan die Portugese hawe te trek, goedgekeur, oortuig daarvan dat die verhuising nie alleen voordelig sal wees met die oog op voorsiening in hul stoflike behoeftes nie maar ook met die oog op die verkryging van 'n predikant uit Holland om in hul geestelike behoeftes te voorsien. Die nuwe trek kon dus 'n aanvang neem.

Die leiding en organisasie skyn feitlik uitsluitlik of byna uitsluitlik op die skouers te rus van Potgieter, klaarblyklik in opdrag van die burgerraad wat tydens die verhuising opgehou het om te bestaan.

Potgieter het hom van hierdie taak goed gekwyt. Hy het in die Oorvaalse gebied, by name die streek Potchefstroom-Magaliesberg, byeenkomste gehou en die mense te woord gestaan en aangemoedig om na die nuwe land te trek. Daarby het hy hulle egter duidelik te kenne gegee dat die gebied wat

hulle gaan verlaat nie prysgegee sou word nie en dat diegene wat die verhuising meemaak se regmatige aansprake op die plase wat hulle agterlaat, gehandhaaf sou word, want wat Smellekamp ook al te sê gehad het oor die Britse aansprake ten suide van die 25e breedtegraad, Potgieter was nie van plan om die gebied wat hy skoongemaak en vir die Voortrekkers gewen en bewoonbaar gemaak het sommer met koue hande prys te gee nie. Immers, baie van diegene wat hulle in die Oorvaalse gevestig het, het nie daaraan gedink om die verhuising mee te maak nie, hoe Potgieter ook al daarvoor propaganda gemaak het. Daar is dus besluit dat dié gebied as 'n "Adjunkt Kolonie" vanaf die nuwe hoofkwartier van die staat in die noordooste bestuur sou word.

Van 'n prysgawe van dié streek was daar dus geen sprake nie en die voorgenome verhuising sou nie die stigting van 'n nuwe Voortrekkerstaat beteken nie maar alleen die verplasing van die volksraad na 'n nuwe setel. Daar is dan ook persone in gesag in Potchefstroom agtergelaat om wet en orde te handhaaf, te wete JH Visage, om beheer oor die agterblywendes uit te oefen en die besitsreg van die betrokkenes se plase te handhaaf, en Gert Kruger wat deur Potgieter in sy eie plek as kommandant van Mooirivier en Magaliesberg aangestel is.

As leier was Potgieter vir hierdie nuwe groot trek by uitstek geskik want ofskoon, volgens die oordeel van een van ons vooraanstaande historici, konserwatief, koppig en afkerig van inmenging van persone van buite (DW Kruger), was hy inderdaad 'n pionier, 'n beproefde leier op wie staat gemaak kon word, 'n man van naam in hierdie verband. Niemand het dan ook beswaar gemaak teen sy leierskap by die verhuising self nie. Daar was egter mense, veral van die nuwe intrekke uit Natal, wat Potgieter net wou gebruik as "trekleier" totdat die

verhuising sy bestemming bereik het en hom dan wou uitskakel. Hulle wou hom benut om die trek na die nuwe gebied te organiseer en deur te voer en hom dan later uit sy pos lig en deur iemand anders vervang. Hierdie praatjies het Potgieter ter ore gekom en hom diep verontrus. Hy wou nie graag op sy ou-dag so 'n belediging aangedoen word nie en het van die publiek verlang om hom skriftelik te verseker dat so iets nie sou gebeur nie.

Met die oog hierop is daar op 6 Mei 1845 'n vergadering te Potchefstroom gehou waar 114 persone 'n dokument onderteken het waarin hulle verklaar het dat *(wy) ons tans door den band van liefde en getrouwhyd aan elkanderen verbind en AH Potgieter dien tot hiertoe onsen bestierder is geweest en onsen saken heeft bewerksteld, verkies als onssen hoofd Commandant en bestierder.....van nu en voortaan zoo lange het blyken zal te doen gelyk hy tot heeden toe gedaan heeft,....om onsen zaken verder te bewerkstellen tot onsen besten.* Daar sou van tyd tot tyd deur hulle manne gekies word *als een raad volgens onse voorige wetten om alle zaken met zyn Eedele te zamen te handhaven,* maar Potgieter sou *ten alle tyden een stem in den raad.....behouden* en alle ander kommandante wat van elders mag kom, sou hulle *onder ons maatschappy.....moeten*
20

onderwerpen, en zoo meede die hier naar onder ons mogt komen, het sy wie hy ook zyn mag, zal geen heerschappy over ons moge gebruiken.

Dit is van belang om daarop te let dat Jacobus Johannes Burger wat te Ohrigstad die siel van die opposisie teen Potgieter sou wees en nog drie ander Natallers ook dié stuk onderteken het.

Of en in hoeverre hierdie dokument Potgieter gerus gestel het, weet ons nie. Hy was egter nie die man wat 'n saak wat hy eenmaal aangepak het nie deurgedryf het nie en toe die winter van 1845 aanbreek, het die verhuising begin in groepies waarvan mense van Winburg en Natal glo op die voorpunt was. Daar word beweer dat sommige van die Trekkers teen hierdie tyd alreeds in so 'n mate verarm het dat hulle geen waens meer besit het nie en per slee moes trek. Hoe dit ook al sy, die trek het plaasgevind.

Die Kruger-broers, Gert en Casper en laasgenoemde se seun Paul wat Potgieter se staatmakers was, het die trek meegemaak maar het spoedig daarna weer na die weste teruggekeer, alhoewel hulle verderaan nog steeds deur dik en dun by Potgieter gestaan het.

Die mense wat uit Pretoria se omgewing afkomstig was, het die pad deur Rhenosterpoort (Trigardtspoort) langs die Olifantsrivier af gevolg tot by Kommissiedrif en die Trekkers uit Magaliesberg en Potchefstroom se wêreld is langs die Elandsrivier af en ook deur dieselfde drif, waarvandaan almal die nuwe verblyfsoord vanaf die westekant binnegetrek het. Hulle is Magneetshoogte oor, deur die Steelpoortsrivier en
21

verder langs die rivier af deur Olifantspoortjie, waarvandaan hulle die Spekboomsrivier by De Groote Boom deur is en toe Joubertshoogte uit na die nuwe terrein wat Andries Ohrigstad sou word..

Onderwyl hulle nog op trek was, het die Bapedi-kaptein, Sekwati, te Korenkoppies by hulle gekom en op 5 Julie 1845 'n verdrag met Potgieter gesluit waarby hy al sy regte op die grond tussen die Bapedi-vesting in die Loeloeberge en

Swazieland in die suide aan die Boere oorgedra het in ruil vir beskerming teen Mswasi. Sekwati het verklaar dat hy voortaan Potgieter se "hond" sou wees, soos hy vroeër die "hond" van Soboesa was.

Hierdie Bakwena- of Bapedi-stam het 'n aantal jare tevore onder Sekwati se voorvader Tulare suidwaarts oor die Olifantsrivier beweeg en hulle in die Loeloeberge gevestig, maar onderwyl Mzilikazi vir die Zoeloes op vlug was, het hy die Bapedi weer oor die Letaba-bergwêreld verdryf. Nadat Mzilikazi verslaan is, het Sekwati teruggekeer en die oorblyfsels van die stam weer versamel. Hy het dus behoefte gehad aan die vriendskap van die witman as beskerming teenoor sy vyande.

Magneetshoogte was die voorpos van die nuwe nedersetting want hiervandaan het verskeie verhuisers begin halt roep om hul nuwe plase aan te lê. Alhoewel alle Trekkers nie tegelyk by die nuwe nedersetting aangekom het nie, het die meeste gedurende Julie 1845 opgedaag, sodat daar teen Augustus 1845 reeds meer as 1000 persone of ruim 300 huisgesinne in die nuwe gebied gesetel was. Rondom die terein waar die dorp sou verrys, geleë binne twee weke se reis na die baai en naby die kant van die Drakensbergpasse waarlangs Trigardt gegaan het, kon reeds 'n groot aantal beeste, skape, perde en waens bespeur word, sodat die gesig sterk aan die vroeëre Voortrekkerlaers herinner het.

Die naam van die nuwe dorp sou Andries Ohrigstad wees, ter ere van Andries Hendrik Potgieter en George Gerhardus Ohrig, die Amsterdamse koopman wat later na Suid-Afrika gekom het en te Kaapstad op 20 Junie 1852 in die ouderdom van 38 jaar oorlede is. Alhoewel Lauts en Stuart beweer dat die dorp

gedeeltelik na Smellekamp vernoem is, is dit duidelik dat dit nie die geval was nie daar Smellekamp se voornaam nie *Andries* was nie.

Potgieter het vir homself 'n plaas aan die noordelike grens van die dorp en geleë aan die Dorpsrivier op 2 Augustus 1845 aangeteken en die naam *Strydfontein* daaraan gegee. Feitlik grensende aan die plaas van Potgieter het Jacobus Burger sy plaas Nooitgedacht, aangeteken op 6 Augustus 1845, aangelê.

Die verhuising na Ohrigstad was egter nog nie voltooi nie want groepies trekkers vanuit Natal wat reeds aan die Vet- en Modderrivier gestaan het en sommige by die Vaalrivier en ander wat intussen by Magaliesberg aangekom het, het ook gereed gemaak om na die nuwe hoofsetel van die Trekkerrepubliek te verhuis.

Die gemeenskap te Ohrigstad het die benaming *Maatschappy der Zuidhollandsche Emigranten binnen de 26ste Graad Z.B. achter de Portugeesche Havens* aangeneem en Potgieter en sy mede-Trekkers het baie van hierdie nuwe verblyfsoord verwag. Afgesien van die handelsmoontlikhede met Holland en die Portugese het hulle gehoop dat die veeboerdery hier suksesvol sou wees en dat tabak en koring goed sou aard. Die omgewing was 'n natuurskone oord, deur berge ingesluit en waterryk, met 'n half-tropiese klimaat, volop hout, goeie weiveld en vrugbare grond.

Uit militêre oogpunt besien, sou Ohrigstad wat feitlik van die begin af die huidige distrikte Middelburg, Lydenburg, Carolina en Ermelo ingesluit het, ook goedgeleë wees want daar was geen swart stamme in die onmiddellike nabyheid teenwoordig nie, aangesien die Swazies en die Zoeloes die omgewing daar

skooongemaak het. Die Bapedi het wes van die Steelpoortrivier gewoon terwyl die oorblyfsels van die Swaziemag suid van die Komati was. Die Kaalkaffers en Knopneuse het in die berge oos van Caspersnek gewoon en verder na die laeveld het Manukozi met sy Zoeloes en oorblyfsels van Sjangaan en Knopneuse huisgehou.

Gedurende die eerste maande van die bestaan van die nedersetting het alles dan ook ongetwyfeld voor die wind gegaan want op 27 Oktober 1845 skrywe Potgieter aan landdros Visage te Potchefstroom dat die toestand te Ohrigstad nog rustig en stil is. Hulle het goeie reëns gehad, die veld is mooi en die beste vet en hulle vind die streek tot sover toe baie gesond.

Hierdie rooskleurige toestand sou egter nie voortduur nie.

Vestiging van die Ohrigstadse gemeenskap

Om aan die besluit wat op 6 Mei 1845 deur die vergadering te Potchefstroom geneem is, uitvoering te gee en klaarblyklik ook omdat die onmiddellike handhawing van wet en orde noodsaaklik was, is daar op 30 Julie 1845 op die nuwe dorp 'n byeenkoms gehou om die regering weer te reorganiseer en 'n nuwe volksraad op te rig. Die eerste nege lede wat deur die publiek gekies is, het die volgende dag vergader om die ampseed af te lê. Casper Kruger het as president of voorsitter gedien en Jacobus Burger as sekretaris, terwyl Potgieter self ook as volksraadslid ingesweer is.

Tevore is reeds 'n skrifstuk *Regulaties en Instruksies voor den Volksraad van het volk aan Adries Orieg Stad en omliggende land* opgestel, wat aan die lede tydens die inswering voorgelees is.

Hierdie *Regulaties en Instruksies* is op enkele wysigings en 'n paar toevoegings na 'n afskrif van die *Regulaties en Instruksies* wat vanaf 1838 in die Natalse Republiek gegeld het. Die vernaamste wysigings het op die samestelling van die raad betrekking gehad. Dit sou uit 22 persone bestaan en nie uit 24 soos die geval in die Natalse Republiek was nie en sou deur die publiek gekies word uit 'n aantal kandidate wat deur die volksraad genomineer sou word. Artikel 2 van dié grondwet het bepaal dat die verkiesing soos volg sou moes geskied:

De Raad zal aan het publiek 3 delen (voorstellen waar uit het publiek 1 deel by meerderheid van stemmen als leden van de Raad kiezen kunt, en elk persoon die 21 jaren en) daar boven bereikt heeft, zal een stem in de verkiezing hebben. Wanneer 'n lid bedank of sterf, sou daar volgens die voorskrifte van hierdie artikel binne drie maande 'n ander persoon in sy plek gekies moes word.

Hierdie bepaling in verband met die verkiesing van volksraadslede het heelwat afgewyk van die voorskrifte in die Natalse *Regulaties en Instruksies*, wat eenvoudig bepaal het dat *De leden van den Raad zullen voor het volk by meerderheid van stemmen worden gekozen* en dat by die vulling van vakatures in die raad *geene verkiezing zal mogen plaats vinden, tenzy de President van Politie ofte de Volks-Raad, daartoe eene requisitie uitvaardigt.*

Dit skyn asof die veranderings op aandrang van die Potgietermense gemaak is, klaarblyklik met die doel om te voorkom dat Engelsgesinde intrekkers (uit Natal en elders) tot volksraadslede verkies sou word en ook om te verseker dat vakatures in die raad gereeld gevul sou word. Daar is ook 'n bepaling ingevoeg waarmee blykbaar gepoog is om te voorkom dat 'n volgende volksraad die besluite en beleid van sy voorganger té ingrypend wysig. Daar is naamlik neergelê dat aan die einde van elke jaar slegs die helfte van die raadslede - deur loting aangewys - sou uittree. Die res sou moes dien tot die volgende verkiesing.

Afgesien van hierdie afwykings sou die raad, wat sy samestelling betref, met die ou Natalse volksraad identies wees: Twaalf lede sou 'n kworum uitmaak en namate die getal burgers toeneem, sou die raad uitgebrei word totdat die getal van 72

lede bereik word. Voorlopig egter sou *daar de bevolking noch niet uitgestrekt is*, die voltallige raad maar uit nog net agt persone bestaan.

Ten einde te verseker dat alle lede van die bewoonde gebied behoorlike verteenwoordiging sou kry, sou net soos wat die bepaling in Natal was die gebied in veldkornetskappe verdeel word *wanneer een geregelde bewoning plaats vind* en daar sou van tyd tot tyd bepaal word hoeveel lede elke veldkornetskap moes kies. Gewone volksraadslede moes in dié betrekking 'n jaar lank dien en sou 'n boete van 50 Rds moes betaal indien hulle voor verstryking sou bedank *zonder wettige door de vergadering daartoe goedgekeurde redenen.*

Die bepalings met betrekking tot die reglement van orde van die raad het feitlik woordeliks ooreengekom met die betrokke bepalings in die ou Natalse grondwet. By elke vergadering moes die raad 'n voorsitter kies *die de besegheden van den dag zal moeten reguleren* en lede wat hulle in die vergadering skuldig maak aan *onbetamelyke gedrag, beledigende expressien in de vergadering, of rustverstoring*, kon deur die raad beboet, ernstig vermaan of bywoning van die vergaderings *voor een tyd dan wel geheel* ontsê word. Voorts sou elke raadslid 'n ampseed moes aflê van die volgende inhoud:

Wy ondergetekende leden van de Volksraad van het volk, beloven en sweren plegtelyk dat wy in onze betrekkingen in elke zaak onzen stemmen geven zult in alle rechtvaardigheid, zonder gunst, vrees of aanzien des persoons, en naar onze kennis en wetenschap, dat wy hoegenaamd van niemand eenige giften of gaven genomen hebben of gegeven hebben, noch nemen of geven zullen aan of van eenig persoon, wanneer wy vermoeden kunnen zulks gedaan wordt

met oogmerk om onze stemmen ten zynen of haren voordelen te gewinnen, niet anders in het oog hebben dan om het algemeen best en welzyn te bevorderen naar inhoud der instruktien hiervoren geinsereerd.

Waar die grondwet van die Natalse volksraad egter neergelê het dat *alle decisien door meerderheid van stemmen beslist worden*, het die grondwet van die Ohrigstadse raad bepaal dat *alle decisien door drie kwart van stemmen beslist worden*, klaarblyklik om te verseker dat geen besluite geneem word wat nie die goedkeuring van die oorgrote meerderheid van die publiek wegdra nie.

Die pligte en bevoegdhede van die raad was feitlik woordeliks dieselfde as die van die ou Natalse volksraad. Eersgenoemde sou die reg hê om *regulatiën en instruktien* vir alle amptenare op te stel, wette *die de plaatselyke omstandigheden mogen vereischen* te maak, vredesverdrae te sluit of te bekragtig, publieke amptenare aan te stel of af te dank, *publieke landeryen* uit te gee en te verkoop, dorpe en stede aan te lê en *voorts alle inrichtingen en verordeningen het gemenebest betreffende* in die lewe te roep. Verder sou die raad ook nog oor die bevoegdheid beskik om *boetens of straffen, door de bevoegde geregtshoven in criminele zaken opgelegd, te verminderen of vrey te schelden.*

'n Belangrike bepaling wat nie in die Natalse grondwet voorgekom het nie is egter bygevoeg met die doel om te verseker dat geen wette gemaak word wat nie die goedkeuring van die publiek wegdra nie, naamlik dat *Geen Raadsbesluit over landswetten zal vastgesteld worden by hunne zittingen, maar zal moeten aan het publiek bekend gemaak worden door den Veldkornets van zyn wyk, die gehouden zal zyn zoo de*

tegenwerp by memories aan te nemen en de goedkeuring by naamtekeningen, en by de volgende zitting des Raads in te leveren ten einde te bevestigen of te veranderen.

Om te voorsien vir die behandeling van spoedeisende sake as die raad nie in sitting is nie, is die voorbeeld van die ou Natalse Republiek gevolg en voorsiening gemaak vir die byeenroeping van 'n *provisionele raad* (dit is 'n kommissieraad). So 'n raad sou uit vyf volksraadslede bestaan en hulle verrigtinge sou voor die volle volksraad vir goed- of afkeuring voorgelê moes word.

Onder hierdie konstitusie het die volksraad dan op 1 Augustus 1845 sitting geneem en sy werksaamhede begin. Die eerste plig was die inswering van die nege lede, naamlik Casper Kruger as president of voorsitter, AH Potgieter, JGS Bronkhorst, JL Venter, Dawid Snyman, DS Joubert, TA van der Walt, PS Snyman en JJ Burger as raadslid en sekretaris.

By hierdie eerste sitting het 'n netelige vraagstuk opgeduik. Die hoofkommandant het naamlik sy aanstelling as kommandant en algemene "bestierder" deur die publiek van Potchefstroom op 6 Mei, aan die raad voorgelê en versoek dat dié liggaam dit bekragtig. Hierteen het *eeniege leden* beswaar aangeteken. Hulle houding was dat die aanstelling slegs bedoel was om van krag te wees gedurende die verhuising self en *(om)dat er weder een Volks Raad bestaat, geen hoofdbestierder zal bestaan die in gezag boven de Raad zal zyn, d(us) die aanstelling beschouwde in zo lang (van) kragt gewees te zyn voor dat de Vol(ks) Raad was opgerigt, dus nu ophoude(n) moet, en geen hoger regering onder onze maatschappy zal bestaan dan (de) Volks Raad.* Die vereiste driekwart meerderheid vir die bekragtiging van Potgieter se aanstelling as "bestierder" kon nie verkry word nie maar die raad het *geen*

objectie zyn Ed. ho(of)t comm. zal blyven. Dit was 'n amp waarvan die bevoegdhe die omskryf was nie.

Hierdie besluit was vir die groot getal ondersteuners van Potgieter in die maatskappy soos 'n rooi doek voor 'n bul en nog dieselfde dag het hulle 'n geskrif opgestel wat deur 122 persone onderteken is en waarin hulle op ondubbelsinnige wyse uiteengesit het wat hulle van Potgieter dink en wat hulle van die raad ten aansien van hom verlang. Dit het hierin soos volg gelui:

Andries Hendrik Potgiter, Raadslid en Hoofd Commandant, ter eere van zyn standvastigheid en eiver voor de Zuid Hollandsche Emigranten hunner welvaart en vreiheid, als een dier hoofden welke staande gebleven is van het jaar 1836, en destyds eene comissie gemaakt heef, waar wy ons thans bevind -

En in het jaar 1844 een tweede comissie mede gemaakt heeft om te Lourenzo Marquis, zoo met de Portuguesche als Hollandsche Maatschappien te onderhandelen, en de eenigste Hoofd is die staande en standvastig gebleven is om de communicatien open te houden, waarvoor hy in staat was de Emigranten te brengen, waar wy thans zyn, zal en moet onafgebroken in die betrekking blyven dienen zoo lang hy zig houd en gedraag als ZynEd tot hiertoe gedaan heef, beneevens de verdere leeden van den Volksraad zal uitmaken de hoogste gezag en bestier dezer volksplanting, doch by afwezigheid van den Edele Heer A. H. Potgiter zal de voltallige leeden des Raads de hoogste gezag blyven.

Nogthans zal den HoofdComm. en Raadslid A. H. Potgiter, schoon ZynEd. boven de jaren van eenige diensten mogten

koomen, dezelfde titul blyven behouden tot aan zyn einde, en daarvoor moeten erkend worden.

Alle communicatien van brieven uit Delgo als anderzints, zal de Edele Heer A. H. Potgiter mogen openen en leezen, welk aan geen ander Raadslid toe(ge)staan wordt alleen te openen, zonder byzyn van (de) prezente leeden; en dat alle andere Commandanten, die van elders komen, onder de Edele Heer A. H. Potgiter moeten onderwerpen; ook kan de Edele Heer A. H. Potgiter alleen een Raad oproepen ten allen tyden, indien ZynEd. het noodzakelyk oordeelt.

Wy ondergetekende representanten verzoek de Edele Raad deeze bovenstaande begeerte van ons te willen bekrachtigen en te notuleeren ter eere van de Edele Hoofd A. H. Potgiter.

Die raad het op 2 Augustus 1845 verdaag tot die 18e en het die memorie op die 20e behandel. Die besluit wat daarvoor geneem is, is in die notule sleg geformuleer maar dui tog daarop dat aan die wense van die memorialiste voldoen is, behalwe in die bepaling dat *alle brieven aan den Raad gerigt (zal de) heer Potgieter niet anders kunnen (open) dan in by zyn van 2 presente leeden.* Origen is die betrokke dokument op versoek der tekenaren geboekt (d.w.s. in sy geheel in die notule opgeneem) en zyn de Raad overeengekomen d(at) te bekrachtigen, een ieder (lid) afzonderlyk van (den) tyd hy getuigenis geven kan omtrent de ha(nde)lingen van den Ed. heer Potgieter waarin hy genoeg genoomen heeft overeenkom(stig) te zyn met de welvaart onzer maatsch(appy). Ewenwel is slegs die getuigenis van drie van die nege lede aan die einde van die besluit soos volg geformuleer:

Jacs. Johs. Burger. Lid en f.Sec. van 1844 van de Commissie is begonnen na Delagoa Baay. D.J.Joubert, op dezelfde wys als hier bo(oven) door Burger getekend. J.L.Venter, heef getekend van 1839, van(daar) dat hy te vreden is met de (ge)drag van den Heer Potgieter.

Hiermee was die volgelinge van Potgieter en die hoofkommandant self skynbaar tevrede en die dreigende botsing voorlopig altans besweer en kon die raad sy aandag aan die talle ander spoedeisende sake wy. Die eerste hiervan was die instelling van 'n behoorlike staatsbestuur en administrasie om in die behoeftes van 'n beskaafde gemeenskap te voorsien.

Deur die *Regulaties en Instruksies* is soos reeds aangetoon is, voorsiening gemaak vir 'n soewereine volksraad, geskoei op die lees van die ou Natalse volksraad wat as sentrale bestuursliggaam kon optree. Aanvanklik het hierdie raad uit slegs 9 lede bestaan maar op 10 Desember 1845 het die publiek wat tot 'n algemene byeenkoms opgeroep was *een voltallig Raad* begeer en vervolgens nog sewe lede gekies om die raad voltallig te maak. Hierdie lede is op die 11e ingesweer nadat hulle onderneem het om alles wat deur die bestaande volksraad tot op dié tydstip gedoen is as wettig te erken. Vier van hierdie sewe is tydens die vergadering van die volksraad self gekies deur die aanwesige publiek wat, na dit voorkom, graag die sittings bygewoon het om na die beraadslagings te luister.

Die gewoonte van die publiek om die vergaderings by te woon was spontaan en vrywillig en weerspieël die eg-demokratiese grondslag van die regeringstelsel, indien verder ook daarop gelet word dat die volk toegelaat is om by wyse van versoekskrifte hul goed- of afkeuring aan voorgestelde

wetgewing te kenne te gee en dus 'n belangrike aandeel aan die opstel van die wette self begin neem het.

In die vervulling van sy taak om uitvoering te gee aan die besluite van die raad en om vir die bewaring van rus en orde te sorg, het die raad in die eerste plek gesteun op die kommandante en veral veldkornette wat reeds voor die aanvang van die trek gekies is en die leiding in verband met die verhuising op hulle geneem het. Die bevoegdhede en pligte van die veldkornette is mooi omskryf in 'n *Instruksie voor de Veldkornetten in de Maatschappij der Zuidhollandsche Emigranten binnen de 26ste Graad Z.B. achter de Portugeesche Havens*, wat op 22 Januarie 1846 deur die raad goedgekeur is en onmiddellik daarna in werking getree het.

Hierin is bepaal dat veldkornette burgers van goeie naam en faam en minstens 25 jaar oud moes wees en dat aangesien hierdie pos *voor het inwendig bestier onontbeerlyk* was, niemand wat daartoe geroep word hom sonder wettige redes daarvan mog onttrek nie.

'n Dienende veldkornet is van alle beslastings vrygestel en sou ook by aftrede, indien hy 25 jaar lank in hierdie hoedanigheid diens gelewer het, dieselfde voorreg bly geniet. Veldkornette was met regterlike gesag bekleed in hulle hoedanigheid as *ondergeschikte magistrads perzonen* wat die pligte van die landdroos in sy afwesigheid moes behartig. Ook moes hulle op hoogte wees met die heersende toestande en gebeurtenisse in hulle wyke en toesien dat die *rust en goede order in hun omtrek* nie versteur word nie. Dit was die plig van die veldkornette om alle wette en besluite van die volksraad in hul wyke bekend te stel en sorg te dra dat daaraan uitvoering gegee word. Afgesien van hul gehoorsaamheid aan volksraadsbevele moes die

veldkornette ook nog verder die instruksies van die landdros en heemrade en die hoofkommandant uitvoer.

Elke veldkornet moes vir sy wyk 'n register aanhou, bevattende die name van burgers oor 16 jaar oud en waarin ook alle sterfgevallen aangeteken word. Verder moes die veldkornette ook nog die volgende aangeleenthede behartig: Lykskouings in geval van onnatuurlike sterfgevallen, rapportering van gepleegde misdade aan die landdros en voorlopige ondersoek daarvan, inhegtenisneming van misdadigers op *order van hoger gezag* en opkommandering van die burgerstrydmag in tye van oorlog op *last van den Hoofd Commandant*.

Van elke veldkornet is verwag om voorbeeldige gedrag, stiptelike gehoorsaamheid aan die bevel van die volksraad en strenge regverdigheid in die uitoefening van sy pligte na te kom.

Dat hierdie veldkornette hulle op uitstekende wyse van hul pligte gekwyt het, word bewys deur die feit dat die raad dit nie nodig geag het om 'n landdros vir die nuwe gebied te benoem voor 21 Januarie 1846 nie, dit is byna ses maande nadat die eerste volksraadsvergadering op Ohrigstad gehou is. Die persoon wat toe benoem is, naamlik JH Grobler, was maar baie huiwerig om die pos te aanvaar aangesien *dat door verkeerde persoonen onder ons zyn Ed bloot staat voor alle affronte en moetwilliege handelwyze* en het dit opsluit slegs gedoen op voorwaarde dat hy na ses maande ontslaan sou word en nadat die raadslede hom eenparig van hul steun in die moeilike betrekking verseker het. Weens gebrek aan die middele om 'n gereelde salaris aan hom te betaal, is besluit dat hy as beloning sou geniet *alle inkomsten van landdrost cantoor als trouw*

gelden, proseskosten, (en) alle boetens dat niet in saken van apel komt te vallen.

Op 8 Oktober 1845 het die raad dit alreeds nodig gevind om PJ Fourie en JF Schutte as huwelikskommissaris vir die gemeenskap aan te stel.

Met hierdie klein "amptenary" - 'n hoofkommandant, 'n volksraadsekretaris, 'n paar veldkornette, huwelikskommissaris en 'n landdros, aangevul wanneer omstandighede dit vereis het met persone uit die publiek om spesiale take te verrig soos die inspeksie van plase, het die raad die taak wat op hom gerus het, aangepak.

Die eerste saak wat aandag vereis het, was die permanente vestiging van die mense wat getrek het in die nuwe gebied en daar is dus onverwyld 'n aanvang gemaak met die uitgee van erwe in die nuwe dorp Andries-Ohrigstad en van plase in die nuwe distrik wat nou ontwikkel moes word.

Regulasies in verband met die aantekening van plase, die grootte daarvan en die manier waarop dit uitgegee sou word, is reeds op 2 Augustus 1845 deur die volksraad aangeneem. Die grootte van die plase is deur die ligging daarvan bepaal en die meeste plase is aan die vernaamste riviere en spruite uitgegee om die eienaars daarvan in staat te stel om vir besproeiing voorsiening te maak.

Vanaf 2 Augustus 1845 tot 22 Januarie 1846 is 67 plase langs die Dorpsrivier (later Ohrigstadrivier genoem), Kasperrivier, Bleyrivier, Kaloniesrivier, Wagenpadsrivier, Vlakfonteinspruit, Tafelbergspruit, Bergrivier, Treurrivier, Vaalkopspruit en Kranskloofspruit uitgegee. In dieselfde omgewings is vanaf 22

Januarie 1846 tot 9 Oktober 1847 nog 26 plase toegeken, sodat die totaal vir hierdie streek uiteindelik op 93 te staan gekom het. Ook is daar vanaf 4 Augustus 1845 tot 10 Augustus 1846 'n totaal van 95 plase vanaf die oorsprong van die Spekboomsrivier tot waar hy in die Steelpoortrivier inloop, uitgegee. Terselfdertyd is ook 81 plase in die omgewing van die Steelpoortrivier vanaf 4 Augustus 1845 tot 8 Desember 1847 uitgegee en aangeteken. *Van Magneets hoogten al de waters die af loop naar Olifan(s)rivier en over tot aan Streypoort*, is vanaf 4 Augustus 1845 tot omstreeks 15 Oktober 1847 sowat 98 plase uitgegee. Verder is ook vanaf 6 November 1845 tot 15 Mei 1846 sowat 39 plase in die omgewing van "Delago's berg" uitgegee.

Strydfontein, die plaas van die hoofkommandant, was 7 kilometer noord van die dorp aan die Ohrigstadrivier geleë en het min of meer, soos ook die geval met die ander plase was, 'n oppervlakte van 3000 morg beslaan. Nooitgedacht, die plaas van Jacobus Burger, was 5 kilometer onderkant Strydfontein geleë en die plase van sy vernaamste ondersteuners soos DJ Joubert, WJ Joubert, Van Breda en T van Niekerk was nie vër daarvandaan nie.

Volgens die getal aangetekende plase was die Ohrigstadse bevolking aan die begin dus glad nie onaansienlik nie, 'n feit wat ook deur tydgenote bevestig word. Daar kon dus spoedig met die ontwikkeling van die landbou 'n aanvang gemaak word om in eie behoeftes te voorsien. Die dorp self het ook van groei en vooruitgang getuig. Die Trekkers het kort na hul aankoms op die terrein waar Ohrigstad sou verrys 'n gesamentlike poging van stapel gestuur om 'n voor te grawe wat die nuwe dorp van water moes voorsien. Op 'n publieke byeenkoms wat reeds op 30 Julie 1845 gehou is, is besluit om die grootte van die erwe

wat uitgegee sou word op 100 tree in die vierkant te bepaal. Burgers wat aan die watervoor arbeid, sou elkeen 'n erf as beloning ontvang. Hierdie bepaling het ook vir jong mans bo 16 jaar oud gegeld, mits binne tydsbestek van een jaar 'n woning op die bepaalde erf opgerig word. Erwe is ook aan persone wat nie aan die watervoor help grawe het nie teen die som van 25 Rds te koop aangebied. 'n Sekere Tobias Smuts was met die taak van opmeting van die erwe en strate van die dorp belas en sou as vergoeding vir sy diens 'n stuk grond buite die dorp ontvang.

Die werksaamhede aan die watervoor het nie na wense gevorder nie, sodat die volksraad spoedig genoodsaak was om aan elkeen wat nog 50 tree ver daaraan arbeid lewer 'n tweede erf as beloning aan te bied. Frans Schutte, die opsigter oor die werksaamhede, is eweneens vir sy diens met 'n erf vergoed. Die voor moes 1½ meter wyd wees en omtrent 'n ½ meter diep. Die raad het verder streng voorsorgmaatreëls getref om te verseker dat die water skoon en bruikbaar sou bly deur alle diere van die voor te laat weghou.

Soos dit gewoonlik met die verdeling van water onder belanghebbers aan dieselfde voor gebeur, het hier ook *ongeregeldheden als onaangenaamheden* plaasgevind. Om hierdie rede was die volksraad later verplig om vir Marthinus Joubert as opsigter oor die watervoor en -sluise van die dorp aan te stel. Reeds teen die begin van 1846 was die aanvraag na erwe te Ohrigstad so te sê versadig want politieke verwickelinge wat tot skeuring in die gemeenskap gelei het, het veroorsaak dat die getal inwoners mettertyd verminder het. Nietemin was daar aan die begin spoedig sowat 30 wonings en twee winkels aan die hoofstraat, ongeveer twee kilometer lank, te sien, terwyl aan die noorde- en suidekant van die dorp twee

skanse opgerig is om moontlike inboorlingaanvalle die hoof te bied. Die volksraad het planne beraam om 'n raadsaal te laat oprig want gedurende die eerste maande is die vergaderings by private woonhuise op die dorp gehou.

Intussen het die raad nie uit die oog verloor dat een van die vernaamste oorwegings wat aanleiding tot die trek gegee het, was om in opvolging van Smellekamp se advies, deur middel van die Portugese hawens verbinding met die buiteland te bewerkstellig nie en daar is dan ook kort na die aankoms van die mense in die nuwe gebied besluit om 'n kommissie na die baai te stuur om die geskikste pad daarheen te vind en sake met die Portugese owerheid te bespreek. As so 'n weg eers gevind en bevredigende reëlings met die Portugese getref is, so het die emigrante gehoop, sou hulle spoedig vanuit Holland artikels soos klere, gereedskap, verf, medisyne en ander verbruikersgoedere waaraan daar groot behoefte was, kon verkry in ruil vir velle en ivoor en dat hulle binne afsienbare tyd ook in staat sou wees om onderwysers en 'n predikant te verwelkom om in hul geestelike nood te voorsien.

Die leiding van die ekspedisie wat deur 'n geselskap van 26 man onderneem sou word, is opgedra aan Carolus Trighardt wat nou deur die raad met die rang van veldkornet beklee is. Hy was in staat om deur middel van sy kennis van die Portugese en hulle taal belangrike diens aan die emigrante te bewys en het ook van die volksraad volmag ontvang om aan die oostekant van die Lebombo plase ten behoeve van die Trekkers aan te teken.

Carel Trighardt het voorgestel dat die geselskap die reis te voet moes aflê om eers die geskikste pad wat die minste gevaarlik vanweë tsetsevlieë sou wees, te vind maar sy togmaats het

verkies om te perd en met waens met velle en ivoor belaa, af te reis.

Teen 27 Oktober 1845 was hulle die Lebombo reeds oor langs 'n betreklik maklike roete en nie lank daarna nie het hulle die baai bereik, maar hulle het al hul trekdier en perde as gevolg van die tsetsevlieg en perdesiekte verloor.

Die Portugese wat daarvan oortuig was dat daar voordeel uit die handel met die Boere te hale was, het beleefd en hulpvaardig voorgekom maar toe die kommissie op hul terugtog na Ohrigstad, waar hulle teen die einde van die jaar aangekom het, hulleself vermeet het om op 'n afstand van enkele dagreise van die baai af 'n baken in te plant om die grens van die Portugese grondgebied volgens hulle opvatting aan te dui, het die vriendskap in gramskap oorgegaan. Die Portugese goewerneur het dadelik toe hy van die daad verneem, by Potgieter daarvoor geremonstreer en hom laat weet dat die baken net so goed op die middel van sy lyf ingeplant kon gewees het. Hy wou weet of dit in opdrag van Potgieter geskied het en sy boodskap het gelui dat indien dit die geval was, hy niks meer met die emigrante te doen wou hê nie en dat die handelsbetrekkinge wat daar bestaan het, gestaak word.

Dit het die Trekkers laat skrik en die volksraad het, om 'n herhaling van sulke insidente te voorkom, nou voorsorgmaatreëls getref om te verseker dat niemand hom binne die Portugese gebied ter woon vestig nie; ook mog in die toekoms niemand sonder toestemming van die volksraad 'n reis na Lourenco Marques onderneem nie.

Ontmoedig deur die mislukking van hierdie eerste poging om 'n behoorlike handelsverbinding met Delagoabaai daar te stel, het

die owerheid te Ohrigstad meer as 'n jaar lank nie weer ernstige aandag aan 'n handelstog na die hawe geskenk nie en 'n individuele poging van 'n sekere J van Helsdingen om as vennoot in 'n sekere Portugese handelsmaatskappy handelsbetrekkinge op te bou, is verydel deur die te vroeë oorlye van die betrokke persoon.

Eers teen die einde van 1846 het daar nuwe hoop opgevlam toe 'n Portugese handelaar, Joao Albasini, met 'n paar vragte negosie vanaf Delagoabaai te Ohrigstad aangekom het en met die berig dat hy van 'n pad na die baai weet wat deur 'n vliegvrue, waterryke en berglose streek gaan. Dit sou dus 'n pad wees wat die vernaamste struikelblokke in die weg van die opbou van 'n gereëldede handel, te wete tsetsevlieë, koors en berge uitgeskakel het. Die pad het egter een groot nadeel gehad: Dit het deur die gebied geloop van Manukosi, die Kaalkaffer wat na bewering vir die moord op die Van Rensburg-trekgeselskap verantwoordelik was. Manukosi was die Boere geensins goedgesind nie. Die volksraad het hiervoor egter nie teruggedeins nie. Hulle het met Albasini ooreengekom dat hy in Mei 1847 weer na Ohrigstad sou terugkeer om die pad te gaan aanwys. Om moontlike aanvalle van Manukosi die hoof te bied, sou hy op dié tog vergesel word van minstens 150 gewapende man en 40 waens terwyl hy self vir 50 kg kruit en 200 kg lood sou sorg.

Ofskoon tot op dié tydstop die een groot doel wat die emigrante hulle gestel het, naamlik die daarstelling van 'n handel met Delagoabaai, nie verwesenlik kon word nie, het die emigrante nogtans nooit gebrek ondervind aan dié handelsware wat vir hulle lewensonderhoud en voortbestaan noodsaaklik was nie. Smouse wat dié goedere uit Natal en Kaapland gebring het, was daar voldoende. Vanaf die vroegste dae van die Groot Trek het

handelaars vanuit Kaapland smoustogte na die Voortrekkergebied onderneem en aanvanklik, solank die muntgeld wat die Trekkers besit het nog nie uitgeput was nie, veral in Natal goeie sake gedoen.

Hierdie handelaars, wie se vernaamste oogmerk was om soveel wins as moontlik te maak, het egter uiteindelik toe die muntgeld skaars geword en die koopkrag van die Voortrekkergemeenskap afgeneem het, ten gevolge waarvan wapens en ammunisie feitlik nog die enigste handelsware was wat 'n redelike wins kon afwerp, 'n vloek vir die gemeenskap geword. Van hulle het naamlik ter wille van 'n goeie wins nie geskroom om wapens en ammunisie ook aan die inboorlinge te verkoop nie en het hulle selfs beywer vir die anneksasie van die Voortrekkergebied deur die Britse owerheid, slegs met die oog op beter handelsgeriewe en meer winste! Om die Britse owerheid ten gunste van anneksasie te stem, het hulle onder andere die storie versprei dat die inwoners van Ohrigstad slawerny pleeg en dat selfs transporte by die slaweverkopings uitgereik word.

Hierdie wanpraktyke van sommige van dié handelaars en smouse het die Voortrekkers, veral dié in die Ohrigstadse wêreld, erg ontstem en hulle met 'n diepe wantroue vervul, nie alleen teenoor die handelaars nie maar jeens alle vreemdelinge wat die Voortrekkergebied binnegedring het en selfs teenoor vreemde jagers wat die gebied enkel en alleen besoek het met die doel om olifante en ander grootwild te skiet, 'n voorreg wat die volksraad uitsluitend vir sy eie burgers gereserveer het.

Dié wantroue het reeds voor die verhuising na Ohrigstad in so 'n mate bestaan dat die gemeenskap hom daarteen verset het om einge uitlander toe te laat om die verhuising mee te maak. In

die selfde gees het Carel Trighardt en sy makkers tydens die bogenoemde handelsreis na Lourenco Marques geweier om 'n sekere Adolph Coqui, wat hom op hierdie tydstip te Ohrigstad bevind het, die kommissie te laat meemaak.

Om aan die ondermynende bedrywighede van dié vreemdelinge perk en paal te stel, het die volksraad van Ohrigstad in Januarie 1846 besluit om JL du Preez aan te stel om die deurtog van alle vreemde handelaars aan die Olifantsrivier te kontroleer. Aan hom is die reg verleen om hulle te keur. Hy moes aan elke goedgekeurde handelaar skriftelike toestemming verleen om die handelstog na Ohrigstad voort te sit en moes tewens handelslisensies teen £2 per wavrag negosie aan sodanige handelaars uitreik. Vir sulke goedgekeurde handelaars sou dit egter ten strengste verbode wees om enige handel met inboorlinge te dryf.

Handelaars wat dié gebod oortree of met ondermynende bedrywighede teen die Voortrekkergemeenskap voortgegaan het, is swaar gestraf. Dit was byvoorbeeld die geval met Joseph McCabe, wat op hierdie tydstip met 'n paar vragte handelsware in die omgewing van Potchefstroom sake gedoen en daarvandaan sy skrede na Ohrigstad gewend het. Omdat die owerhede te Potchefstroom egter agterdog gekoester het dat hy aan die naturellekaptein Segela vuurwapens in ruil vir ivoor verskaf het, het kommandant Delpont geweier om hom toestemming te verleen om 'n tog na Ohrigstad te aanvaar. McCabe of Makeep, soos die Trekkers hom genoem het, het egter eie reg gebruik en teen die middel van Februarie 1846 te Steelpoort aangekom, waar Du Preez hom voorgekeer en verbied het om voort te reis.

McCabe is ook nou deur Du Preez by die volksraad daarvan aangekla dat hy die swart bediendes teen die emigrante opgestook en olifante langs die Olifantsrivier gejaag het, waarop die raad sy gevangeneming gelas het, maar Du Preez het hom intussen vanaf Steelpoort na Mooirivier teruggestuur, sodat die volksraad alleen op 'n wa en twee vragte goedere van McCabe wat agtergebly het beslag kon lê.

In die beskuldigde se afwesigheid is hy vir sy oortredings met 500 Rds beboet, wat bygebring is deur sommige van McCabe se goedere waarop beslag gelê is te verkoop. Omdat daar later tog geen definitiewe bewyse gelewer is dat McCabe werklik vuurwapens aan inboorlinge verruil het nie is tydens 'n provisionele raadsitting op 14 Mei 1847 besluit om die res van die goedere aan hom terug te besorg.

'n Ander geval waar die volksraad verplig was om 'n handelaar te vonnis, was dié van 'n sekere Giesing wat gedurende die loop van dieselfde jaar daarvan aangekla is dat hy *hem bedient heef van erroevende beschuldigingen zoowel van zommege uit het publiek dan wel de geheele algemeen*. Hy is 'n boete van 666 Rds opgelê wat aan JJ Burger uitbetaal is omdat laasgenoemde die eintlike persoon was wat onder Giesing se beledigings gebuk moes gaan. Burger het hierdie bedrag as 'n fonds vir die oprigting van 'n gevangenis aan die raad terugbesorg.

Teenoor bekende handelaars soos Alexander Davidson wat nie die gemeenskap se wette oortree het nie, het die volksraad egter welwillend opgetree en hom selfs met die invordering van skuld bygestaan.

Die houding van die volksraad ten aansien van hierdie vreemdelinge wat die republiek ondermyn en die naturelle

opgestook of van wapens voorsien het, moet verklaar word uit die vrees wat daar deur die Boere gekoester is vir 'n aanval van die omliggende naturellestamme wat sedert die vestiging van die emigrante te Ohrigstad 'n steeds dreigender houding teenoor die Boere aangeneem het.

In die eerste plek was daar Sekwati, die naturellopperhoof van wie Potgieter die terrein verkry het waarop Ohrigstad aangelê is. Toe die Boere hulle aanvanklik in die nuwe gebied gevestig het, was hierdie naturellopperhoof hulle heeltemal vriendskaplik gesind. Wellig het hy nog onthou dat dit Potgieter was wat die magtige Silkaats se nek gebreek het en daarom het hy ook nie gehuiwer om die betrokke gebied aan die hoofkommandant af te staan nie. Later moes hy egter tot die ontdekking kom dat baie Boere teen Potgieter gekant was en die reg van die gemeenskap op die gebied in twyfel getrek het omdat dit uitsluitend berus het op die persoonlike afstand daarvan aan Potgieter deur Sekwati.

Die Burger-aanhangers in die volksraad en ander persone het naamlik sedert Oktober 1845 daarop aangedring dat die grond opnuut weer van Sekwati aangekoop en die transaksie skriftelik bekragtig moes word. Alhoewel Potgieter ongetwyfeld hierin 'n aanslag op sy persoonlike gesag moes gesien het, het hy tog onderneem om deur middel van 'n baster, Doris Buis, Sekwati per ossewa te laat haal ten einde die raad se voornemens uit te voer. Buis het onverrigtersake teruggekeer en verklaar dat Sekwati baie agterdogtig was en nie kon insien hoe hy die grond waarvan hy reeds klaar afstand gedoen het weer 'n tweede keer kon verruil nie.

Die raad het die saak hier tydelik laat berus totdat hulle in Julie 1846 'n oplossing gevind het in die koop van 'n stuk grond

gelegen van Ohrigstad daar noordwaards tot aan de Olifants Rivier op, en af tot aan de lyn van Delagoa Baai, suidwaards tot aan de Krokodil Rivier, westwaards tot aan Elandspruit en tot aan de 26ste Graadlyn, oostwaards tot alwaar Krokodil Rivier in Kommatie loop, en tot aan die lyn van Delagoa Baai, van Masous, die Swazi-opperhoof, vir die koopsom van 100 beeste.

Hierdie twyfel by die Boere self oor die eiendomsreg van die maatskappy op die grond wat deur Potgieter van Sekwati verkry is, het ongetwyfeld daartoe meegewerk om Sekwati se vertrouwe in die Boere te ondermyn en hom steeds aстранter teenoor hulle te stem. So onuitstaanbaar het sy houding geword dat die volksraad mettertyd planne in werking gestel het om 'n kommando teen hom op die been te bring.

Om die dorp teen moontlike aanvalle te beveilig, moes elke veldkornet toesien dat net die helfte van sy manskappe op 'n keer die dorpsgebied verlaat om weiding vir hul vee te gaan soek. Hulle mog nie verder as een dagreis van die dorp af gaan nie, sodat hulle spoedig in tye van gevaar weer by die geleedere van die verdedigers kon aansluit.

In die tweede plek het 'n nagenoeg kroniese staat van vyandskap tussen die Zoeloes en die Swazies wat vyande was en gedurig strooptogte in mekaar se gebiede uitgevoer het, die vrede en rus van die gemeenskap bedreig. Hierdie rusies het sulke afmetings aangeneem dat Potgieter verplig was om die Zoeloe-opperhoof Panda, wat eers probeer het om sy hulp teen Rapoza, die Swazi-opperhoof te bekom en hom later weer verwyt het dat die blankes die Swazies steun, ernstig te waarsku om nie met sy rusies teen die Swazies op blanke gebied te kom oortree nie. Panda het hom nie daaraan gesteur nie en die

wedersydse strooptogte het voortgeduur en soveel onrus verwek dat die volksraad opsluit gedwonge was om persone wat volgens hul insiens te ver op die buitewyke van die nedersetting gewoon het binne nader-vasgestelde grenslyne te laat terugtrek, *daar men niet weet wat nog gebeuren kan door de swarte.*

In die derde instansie het die kleiner naturelestammetjies onder die hiel van Manukozi onrus verwek en 'n wesentlike gevaar vir die blanke gemeenskap begin word.. Vroeg in 1846 is voor die volksraad getuienis gelewer dat van al hierdie stamme nog net die opperhoofde Modjadji, Tjarie en Gananwa die Trekkers enigins goedgesind was maar dat Manukosi hulle optrede voorskryf. Verder was die kapteins Rasithuu, Matshaba en Moletse saam met Manukozi die Boere volslae vyandiggesind. Moletse het 'n impi bymekaar gemaak om alle blanke jagters uit die streek waarop hy blykbaar aanspraak gemaak het, te verdrywe. Laasgenoemde swartes het byna daarin geslaag om veldkornet Jan Valentyn Botha en Piet Potgieter, seun van die hoofkommandant, wat in die veld van Gananwa olifante gejag het, vas te keer en om die lewe te bring. Berigte dat daar alreeds sameswering tussen Manukozi en Rasithuu aan die gang was in 'n poging om die Trekkers uit Ohrigstad self te verdryf, het die gemoedere gaandeweg meer onrustig gestem.

Los groepies naturelle het begin om wederregtelik die blanke woonbuurt binne te dring en onder hierdie omstandighede het die raad besluit om hul plan om die inwoners op die voorposte van die nedersetting nader te bring, uit te voer en onder bevel van die veldkornette in laers te laat saamtrek. Geen onderdaan van enige kaptein sou meer toegelaat word om gewapend tussen die blankes rond te loop nie. Alle burgers ontvang

volmag om oortreders se wapens af te neem en by tekens van onraad hulle aan die gereg oor te lewer.

Hierdie maatreëls het nie gehelp nie. Met verloop van tyd het individuele kapteins, namate die getalsterkte van hul onderdane aangegroei het, al hoe aстранter teenoor die blanke gemeenskap begin optree, soos in 1848 die geval met Maleo was, wat hom aan perdediefstal skuldig gemaak het terwyl ook die berig dat hy reeds op hierdie stadium 28 gewere in sy besit gehad het, die volksraad bereik het. 'n Kommando is hierna op die been gebring met die doel om Maleo *tot zyn plicht te bringen*, wat dan ook met sukses uitgevoer is.

Intussen het die raad ook inligting ontvang dat Sekwati nog meer gewere as Maleo in sy besit gehad het en hulle was dus genoodsaak om die onwettige verspreiding van gewere en ammunisie onder naturelle deur middel van streng maatreëls die hoof te bied.

Nog 'n naturelle-opperhoof met wie onheil gedreig het, was Potgieter se ou vyand, Mzilikazi. Wel was hy ver weg anderkant die Limpopo en het hy ook geen poging aangewend om terug te kom of die Boere aan te val nie, maar berigte het Ohrigstad bereik dat van die blanke kinders wat met die Liebenberg-moord in 1836 deur hom weggevoer is nog onder sy hiel in Matebeleland gelewe het. Hierdie berigte het Potgieter ontstem. Die gedagte dat blankes onder die dwinglandy van naturelle gelewe het, wellig nog as slawe, was vir Potgieter en natuurlik ook die familiebetrekkinge van dié ongelukkiges, insonderheid JGS Bronkhorst wat 'n goeie vriend van Potgieter was, ondraaglik. Die hoofkommandant het derhalwe gedurende die eerste helfte van 1846 planne beraam

om 'n kommando teen Mzilikazi te organiseer ten einde dié blankes te gaan haal.

Binne die tydsbestek van drie jaar het die aanvanklike vooruitsigte om 'n vreedsame bestaan in die nuwe gebied te kom voer, dus plek gemaak vir onrus en onsekerheid. Die mense is in hul verwagtinge teleurgestel en stadigaan het 'n neiging posgevat om terug te trek, veral by die ondersteuners van AH Potgieter wat soveel jare in Wes-Transvaal gewoon en nog eiendom daar besit het. Gevolglik is Potgieter se aanhang in Ohrigstad geleidelik verswak. In sy stryd om hom te handhaaf teen die nedersetters uit Natal onder aanvoering van JJ Burger, die sogenaamde "Volksraadsparty", het dit hom op die ou end duur te staan gekom. Oor hierdie stryd word in die volgende hoofstuk breedvoerig uitgewei.

Die skeuring in die gemeenskap

In die vorige hoofstuk het ons aangetoon dat die welsyn van die gemeenskap in die Ohrigstadse gebied met verloop van tyd ernstig deur veral die naturellegevaar bedreig is. Niks het dit egter soseer in gevaar gestel as die verdeeldheid wat daar onder die inwoners bestaan het en wat daagliks groter afmetings aangeneem het nie. Ons het reeds aangetoon dat diegene wat hulle in Ohrigstad kom vestig het inderdaad uit twee groepe bestaan het, naamlik 'n groep wat altyd wes van die Drakensberge, veral in Wes-Transvaal gewoon het en wat sterk ondersteuners was van die baanbreker in daardie gebied, naamlik Andries Hendrik Porgieter, en 'n groep intrekkers vanuit Natal wat onder leiding van JJ Burger, eertydse sekretaris van die ou Natalse volksraad, daardie volksraad in die Ohrigstadse gebied wou laat herleef.

Aanvanklik het elkeen van hierdie partye genoeë geneem met die gesag van die ander en het hulle oënskynlik mooi saamgewerk. Spoedig egter het daar twis tussen die twee groepe ontstaan. Die "Volksraadsparty" wou die gesag van die hoofkommandant aan bande lê omdat dit ingedruis het teen hulle opvatting van demokrasie dat alle bestuursaangeleenthede deur die volksraad behartig moet word, terwyl die "Potgieter-party" geensins van plan was om hul leier afstand te laat doen van dié bestuursfunksies wat hy altyd namens hulle uitgeoefen het nie. So het gaandeweg by albei partye die gedagte ontstaan om die gesag van die teenparty te verontagsaam en uiteindelik te vernietig.

Kentekens van die botsing was reeds vroeg in 1846 duidelik sigbaar. Hans Botha wat op 22 Januarie 1846 voor die volksraad gedaag is om te verklaar waarom hy geen raad wil erken nie, het as rede aangevoer dat sommige lede van die raad wat van Natal afkomstig is na die oorgawe aan die Engelse hul gronde aldaar verkoop het en daarom deur hom as Britse onderdane beskou word. Jacobus Burger het hieroor baie gekrenk gevoel en het gekla dat Botha en baie ander persone wat nie die gesag van die volksraad wil erken nie *hun verblyf by den Hoofcommt. hebben.*

Hy en sy groep het nou daarop aanspraak gemaak dat hulle op grond van die feit dat hulle ten gunste van bestuur deur die volksraad was, inderdaad voorstanders was van beskawing, wet en orde, dinge waaraan die hoofkommandant en sy mense nie meer gewoond sou wees nie, terwyl die Potgieter-aanhangers aan die anderkant die Burger-groep as Engelsgesind beskou het en hulle selfs bestempel het as Britse onderdane wat nie die heil van die Voortrekkerrepubliek gesoek het nie. Die feit dat tydens 'n dansparty 'n aantal Burger-ondersteuners blykbaar in dronkmansroes sou uitgeskreeu het: "Hoera! Port Natal bo en Andries Ohrigstad onder!" was vir hulle 'n duidelike bewys hiervan.

In Junie 1846 het dit tot 'n uitbarsting gekom toe die landdros van Ohrigstad blykbaar op aandrang van 'n aantal inwoners van die omgewing wat nie van Potgieter gehou het nie, aan veldkonet Abraham Duvenhage opdrag gegee het om die handelaar Henry Hartley, wat die vereiste vergunning van veldkornet JL du Preez gekry het om in die Ohrigstadse gebied te kom handel dryf en ook die voorgeskrewe lisensiegeld betaal het, te belet om na die plaas van die hoofkommandant te gaan.

Waarom dié ongewone stap deur die landdros gedoen is, is nie uit die beskikbare dokumente af te lei nie en Potgieter wat natuurlik daardeur diep beledig is, het ook nie daarvoor navraag gedoen nie. Hy het Duvenhage gelas om toe te sien dat Hartley ongehinderd toegelaat word om na hom toe te kom op sy plaas Strydfontein waar hy 'n hoeveelheid handelsware van hom vir ivoor wou ruil ten behoeve van 'n aantal hulpbehoewendes in die gemeenskap en Duvenhage het verkies om in hierdie geval liewers die bevel van sy oom, die hoofkommandant, te gehoorsaam as dié van landdros Grobler.

Hiermee was die vet in die vuur. 'n Aantal persone, lede van die Volksraadsparty, het 'n wydlopipe dokument by die volksraad ingedien, vol klagtes oor Potgieter se "verregaande onverskillige handelwyse". In die eerste plek word beswaar gemaak teen sy optrede in verband met die Hartley geval en is hy daarvan beskuldig dat dit hom meer om die welsyn van die Engelsman as om dié van die hele gemeenskap te doen was. Die klag het verder gelui dat hy soos 'n alleenheerser gehandel het en hom gesag aangematig het waarop hy nie geregtig was nie. Tog moet onthou word dat Potgieter alleen teen die wense van 'n aantal burgers gehandel het en geensins teen enige volksraadsbesluit nie. Volgens die klagskrif ontvang hy gedurig olifantstande as geskenke ten nadele van die staatskas en is die gebrek aan werksvolk inderdaad aan sy handelwyse te wyte. Hy sou ook onwillig wees om die grondgebied van die republiek van Sekwati aan te koop, is wederregtelik besig om 'n ekspedisie teen Silkaats te beplan en het die staatskas met minstens 300 Rds skade berokken deurdat die plaas wat hy vir homself laat aanteken het vir hierdie som aan iemand anders kon verkoop gewees het..

Die klagskrif wat deur veldkornet Johannes Steyn ingelewer is, is op die volksraadsvergadering van 8 Junie 1846, waar tien lede teenwoordig was, voorgelees, waarop Potgieter verklaar het dat aangesien hy vir 'n verraaier beskou word hy as lid van die volksraad bedank en voortaan sy mense onder sy eie beskerming sou neem. Hy sou die klagskrif ook later opeis.

Die gemoedere het onstuimig geraak en die vergadering is meteens verdaag want saam met Potgieter het al die aanwesige lede met uitsondering van Burger self die raadsaal in die harwar wat ontstaan het, verlaat. Sewe van die lede wat Potgieter-ondersteuners was, het twee dae hierna eweneens hulle bedanking as lede van die volksraad ingedien. Hulle was van mening dat Jacobus Burger en Johannes van Rensburg die opstellers van die klagskrif was, met die bedoeling om Potgieter uit sy pos te lig en deur Van Rensburg te vervang.

Weens die krisis in die volksraadsvergadering was dit vir Potgieter uit die aard van die saak onmoontlik om die goedkeuring van die raad ten opsigte van sy voorgenome ekspedisie teen Silkaats, wat as een van die griewe genoem is, te verkry. Gevolglik het hy nou besluit om dit op eie verantwoordelikheid aan te pak, want alhoewel die volksraad nog nie ontbind was nie, het dit weens dié krisis fetlik opgehou om te fungeer. Daarom het Potgieter op 13 Junie, voor sy vertrek, eers 'n tydelike of provisionele raad aangestel om sake in sy afwesigheid te behartig.

Hy het intussen ook reëlins getref om die publiek op 20 September by die huis van Gert Bronhorst byeen te roep ten einde 'n gereghof saam te stel om die bestaande geskille te ondersoek en om reëlins vir die toekomstige bestuur van die republiek te tref.

Vir die hoofkommandant en sy volgelinge het die volksraad dus opgehou om te bestaan. Burger en sy aanhang het egter nie met dié toedrag van sake akkoord gegaan nie en het 'n vergadering vir 14 Augustus belê ten einde die ledetal van die volksraad weer aan te vul, waarop Potgieter hulle dit verbied het kragtens die mag wat aan hom op 1 Augustus verleen is, naamlik dat hy *beneevens de verdere leeden van den Volksraad zal uitmaken de hoogste gezag en bestier dezer volksplanting* en dat hy ook die reg gehad het om *ten allen tyden alleen een Raad* op te roep *indien Zyn Ed. het noodzakelyk oordeelt*. Daarom het hy hulle aanskryf om op 20 September met die klagskrif teenwoordig te wees, wanneer alle griewe teen die hoofkommandant behandel sou word.

Nieteenstaande die verbod van die hoofkommandant het Burger tog die vergadering gehou, maar omdat die byeenkoms slegs deur 51 persone bygewoon is, kon daar maar net 4 nuwe lede bygekies word om die totale ledetal van die volksraad weer op 9 te staan te bring wat onvoltallig en geensins verteenwoordigend van die gemeenskap was nie. Daarom het Burger probeer om die ontbrekende getal op hulle volgende vergadering van 1 September 1846 aan te vul, dog só min lede van die publiek het opgedaag dat die bestaande getal volksraadslede nie uitgebrei kon word nie.

Dit blyk dus duidelik dat die ondersteuning wat die volksraad van die kant van die publiek teen die einde van 1846 geniet het maar klein was en tot aan die einde van 1846 het dit so gebly, sodat die raad inderdaad slegs in naam bestaan het. Dit het die Burger-groep egter nie belet om 'n verbete stryd teen die nuwe maatreëls van die hoofkommandant te loods nie. Potgieter het op hierdie stadium te Ohrigstad 'n veel groter aantal ondersteuners as die volksraad gehad. Die byeenkoms

van 20 September 1846 is deur 222 persone bygewoon en die genome besluite is kort daarna deur 'n totaal van 633 handtekeninge bekragtig.

Met die aanvang van die vergadering is JJ Burger aangeskryf om met alle volksraadstukke teenwoordig te wees sodat die ondersoek 'n aanvang kon neem, dog hy het nie opgedaag nie.

Indien die griewe van die twee partye op hierdie vergadering behoorlik uitgepluis kon word en as daar 'n gees van toenadering bestaan het, sou die breuk miskien in groot mate geheel kon word. Albei partye het egter 'n styfhoofdige houding ingeneem wat enige samewerking onmoontlik gemaak het. Die Potgieter- volgelinge, bewus van hul krag, het van die vergadering 'n geleentheid gemaak om, met volle miskiening van die volksraad en bestaande bestuursinstelling, 'n splinternuwe grondwet op te stel waardeur die bestaande regeringsvorm radikaal verander is en feitlik teruggekeer is tot die toestand wat tydens die Groot Trek bestaan het. Alle regeringsgesag is naamlik geplaas in die hande van die hoofkommandant. Hy sou die staatshoof wees en die wetgewende en die uitvoerende gesag uitoefen, onderhewig aan die goedkeuring van die publiek. Wat die regspraak betref, sou die veldkornette in hulle wyke met alle minder belangrike sake soos geskille tussen partye belas word, terwyl gewigtiger sake besleg sou word deur die hoofkommandant bygestaan deur 'n *Raad van Gezworenen*, wat van 6 tot 72 persone kon wissel en by die samestelling waarvan die hoofkommandant self die belangrikste aandeel sou hê

Bowendien sou in die distrikte Potchefstroom en Winburg 'n addisionele *Raad van Gezworenen* uit 6 lede saamgestel, bestaan om die twee kommandante aldaar behulpsaam te wees

in die beslegting van geskille wat nie deur die plaaslike veldkornette opgelos kon word nie en vir die verhoor san sake in appél, maar teen die vonnisse van herdie plaaslike rade kon appél aangeteken word by die hoofkommandant.

Ten slotte het die grondwet voorsiening gemaak vir die aanstelling van twee boedelberedderaars en 'n kommissaris van huweliksake in elk van die drie distrikte Winburg, Potchefstroom en Andries Ohrigstad en vir 'n klerk van die hoofkommandant. In laasgenoemde betrekking is die heer CJ Rabe aangestel en met die taak belas om vir die aantekening van plase in die Ohrigstadse distrik te sorg.

By die eerste oogopslag is dit duidelik dat die bestuursvorm wat deur hierdie konstitusie geskep is nie aan 'n wydverspreide gemeenskap se behoeftes kon voldoen nie, want alhoewel die hoofkommandant verplig was om die goedkeuring van die publiek te verkry vir alles wat hy wou aanpak, was dit vir die inwoners onmoontlik om regstreeks sonder verteenwoordiging hulle begeertes te kenne te gee weens die uitgestrekte woongebied. Vir 'n verteenwoordigende liggaam van die publiek, dit is 'n volksraad, is in die grondwet geen voorsiening gemaak nie. Die bestaande volksraad is intendeel met hierdie grondwet deur die Potgieter-mense formeel afgeskaf en die kloof tussen die twee partye in die maatskappy is daardeur onoorbrugbaar gemaak want die Burger-party sou hulle by hierdie eensydige reëling nooit neerlê nie.

In werklikheid het daar nou te Ohrigstad twee regerings en twee administrasies bestaan wat mekaar se gesag nie erken het nie. So het byvoorbeeld die klerk van die hoofkommandant, die huwelikskommissarisse en krygsamptenare deur Potgieter aangestel, nou gesamentlik landdroswerk verrig op gesag van

die bestuur deur die Potgieter-konstitusie geskep, terwyl aan die anderkant landdros Grobler dieselfde funksies in dieselfde gebied uitgeoefen het onder gesag van die raad! 'n Ryker bron van potensiële moeilikhede as wat hierdie toestand gebied het, is werklik ondenkbaar. Die volksraad het dan ook nie gewag om op hierdie uitdaging te reageer nie. Pas nadat Rabe begin het om plase vir Potgieter-volgelingen aan te teken, het Jacobus Burger hom laat weet dat sy raad dit as onwettig beskou en Rabe gedreig met stappe *wat voor u onaangenaam zyn zal*. Op dieselfde wyse het die volksraad heftig beswaar gemaak teen Potgieter se pogings om 'n kerkgebou op die dorp te laat oprig.

Die Potgieter-ondersteuners daarenteen, het weer heftig beswaar gemaak teen 'n besluit van die raad om aan die Portugese handelaar Joao Albasini 'n erf op Ohrigstad toe te ken as beloning vir diens deur hom gelewer in verband met die ontdekking van 'n vliegvrystreep na Delagoabaai, op grond daarvan dat die baan van die nuwe weg reeds vantevore al deur die hoofkommandant beplan is.

Soos aangedui, was die Potgieter-volgelingen aan die begin egter nog ver in die meerderheid en die volksraad is só swak ondersteun dat op 10 Desember 1846 besluit is dat maar net 9 lede 'n voltallige raad sou uitmaak. Gevolglik kon die raad aanvanklik niks doen om die miskennings van sy gesag aan bande te lê en aan die toestand wat feitlik aan rebellie gegrens het 'n einde te maak nie. Gedurende 1847 het dié toestand egter radikaal verander en het die gesag van die hoofkommandant baie getaan omdat 'n groot gedeelte van sy mense uit die Ohrigstadse gebied weggetrek het.

Reeds vanaf die begin van 1846 het die neiging onder die bevolking van Ohrigstad ontstaan om weer na die weste terug

te trek waar hulle nog hul plase gehad het, meesal met die verskoning om te gaan klaar oes en dan weer terug te keer, wat gewoonlik nie gebeur het nie. Ohrigstad het aan die verwagtinge wat van hom gekoester is nie voldoen nie en na die skeuring in die gemeenskap het die aantrekkingskrag van die nedersetting snel verminder. Dit was veral die ondersteuners van die hoofkommandant wat gevestigde grondbesitters in Wes-Transvaal was wat in hoofsaak die wegtrekkers was, met die gevolg dat die volksraad eerlank in 'n baie sterker posisie teenoor Potgieter te staan gekom het. Dit het laasgenoemde, wat gevrees het dat die volksraad planne beraam om hom en sy mense aan te val, met so 'n donker onrus vervul dat hy twee maal 'n dringende beroep op kommandant Gert Kruger te Magaliesberg gedoen het om die mense in daardie omgewing te beweeg om onmiddellik na Ohrigstad te kom ten einde die volksraad teen te staan.

Aan hierdie oproep het, na dit voorkom, 'n aansienlike getal persone uit die weste gehoor gegee en tydelik na Ohrigstad gekom, sodat die volksraad oor so baie gewapende burgers se teenwoordigheid op die dorp begin onrustig word het. Inderdaad het hulle rede daartoe gehad want die Potgieter-party het werklik beoog om nou 'n einde aan die regering van die volksraadsparty te maak en om hierdie doel te verwesenlik, besluit om die staatsdokumente in besit te kry. Die heersende opvatting was naamlik dat besit van die staatspapiere sinoniem was met die besit van staatsgesag.

Die volksraad daarenteen het onversaagde pogings aangewend om die hoofkommandant in 'n slegte ruik by die publiek te bring en hom te verneder. Hy is onder andere van verskeie onwettige vergrype teenoor naturelle-opperhoofde, soos afpersing van osse en slagvee, beskuldig en daarna op 10

Februarie 1847 skriftelik gedaag om voor die volksraad verantwoording te kom doen van sy wandade. Twee volksraadsondersteuners, Diederik Lafnie en Piet Joubert, is afgevaardig om dié vermetele dagvaarding, wat die bewys moes lewer dat Potgieter nog onder die gesag van die raad staan, aan hom te gaan oorhandig. Hulle is egter deur ongeveer dertig ondersteuners van die hoofkommandant voorgekeur en hardhandig gedwing om onverrigtersake terug te keer..

Vererg oor hierdie astrantheid van sy teenstanders het Potgieter nou besluit om die volksraad 'n slag deeglik te verneder en met die oog hierop het hy drie dae later Jacobus Burger met sy seuntjie in die omgewing van Strydfontein deur veldkornet Minnaar laat voorkeer en gevange neem, onderwyl hulle na afloop van die volksraadsvergadering op die dorp besig was om na Burger se plaas terug te ry. Die seun is egter weer vrygelaat en Burger is toegelaat om per brief die toedrag van sake aan sy ondersteuners oor te bring.

Hierdie daad van die hoofkommandant het ten gevolg gehad dat sy teenstanders die volgende dag onder leiding van Hans van Rensburg gewapend te Strydfontein opgedaag het om die loslating van Burgers te eis.

Die gevaar van 'n noodlottige burgeroorlog het twee dae lank gedreig om 'n aaklige werklikheid te word maar gelukkig is op 13 Februarie aan albei kante besluit om elk vier verteenwoordigers aan te stel in 'n poging om tot 'n vergelyk te kom. Die agt afgevaardigdes het namens hulle partye besluit dat al Potgieter se persoonlike dokumente en die oorspronlike notule van die volksraad die volgende Saterdag aan die hoofkommandant oorhandig sou word, nadat daarvan behoorlike afskrifte gemaak is. Jacobus Burger sou

onmiddellik vrygestel word, waarna almal hulle wapens sou neerlê en geen vyandelikhede meer sou pleeg nie. Daar is verder ook afgespreek om op 24 Februarie 1847 'n publieke vergadering by die raadsaal op die dorp te hou, waar die geskille verder uit die weg geruim sou word.

Op die afgespreekte dag het die hoofkommandant twee verteenwoordigers, Frans Pretorius en Louis van Wyk, gestuur om die papiere in ontvangs te gaan neem. Hulle het egter onverrigtersake teruggekeer en daar is beweer dat Johannes Grobler selfs van hulle wou weet of hulle dan nie gedoop is nie, omdat hulle dan van plan sou wees om die dokumente te verbrand.

As gevolg van die versuim van die volksraadsparty om sy belofte na te kom, het Potgieter hom nou gereed gemaak om die staatsdokumente met geweld te bemeester en met die oog daarop het hy sy mense begin opkommandeer. Hy was tewens nou glad nie meer van plan om die publieke vergadering wat belê is om die geskille uit die weg te ruim, by te woon nie en het dan ook nie daar opgedaag nie, al het die vier volksraads-verteenwoordigers hom op 24 Februarie skriftelik daaraan herinner dat die publiek volgens die ooreenkoms van die 13e te Ohrigstad vergader was om die geskille uit die weg te ruim. Dit was nou aan die vier verteenwoordigers van elkeen van die partye gelaat om die moeilikhede op te los en die publiek te oortuig van die regverdigheid van elkeen se saak en hulle het nie op hulle laat wag nie.

Eers het die vier verteenwoordigers van die volksraadsparty, JC Klopper, JH Grobler, DJ Joubert en JF Schutte, op die 20e aan Potgieter geskryf dat hulle nie op die vorige Saterdag die dokumente kon oorhandig nie omdat hulle eie volksraadsparty-

ondersteuners hulle die papiere *met geweld hebben ontnomen* en hulle dus nie die ooreenkoms kon nakom nie. Die volksraadsondersteuners het self vier dae later by monde van JC Esbag, WA Bester en sewe ander in 'n brief aan die Potgieter- mense laat weet dat hulle nooit van plan was om die dokumente te oorhandig nie maar dat hulle dit aanvanklik beloop het net om bloedvergieting te voorkom.

In hul antwoord het die vier verteenwoordigers van die Potgieterparty, PFJ Pretorius, PC Minnaar, JGS Bronkhorst en MJ Fourie, as voorwaarde tot samewerking die afstand van die dokumente geëis en die teëparty as verraaiers bestempel, maar die volksraadsparty het botweg geweier om aan hierdie eis te voldoen en het verklaar dat die dokumente aan die volksraad behoort, dat Potgieter se "hoofbestierderskap" deur die raad geweier is, dat Burger se gevangening verraderlik was, dat hulle hulle nie aan 'n éénman-regering sou onderwerp nie en het verder 'n onpartydige ondersoek geëis om te bepaal aan wie die dokumente werklik behoort het.

Uiteindelik het die twee partye, moeg van die twisgeskryf wat tot niks gelei het nie, elkeen 'n afvaardiging benoem van ses persone om 'n ooreenkoms ter beslegting van die geskille op te stel vir goedkeuring en bekragtiging deur die publiek. Dat dit slegs van heel voorlopige aard sou wees, was van die staanspoor af duidelik want die twee teenpartye het onversoenlike standpunte gehandhaaf waarvan hulle nie geneë was om af te wyk nie.

Die Potgieter-manne se houding, gegrond op die besluit wat met die trek na Ohrigstad geneem is, was dat Potgieter opperkommandant was, dat alle kommandante van elders hulle aan hom sou moes onderwerp en dat die raadsparty op geen

groter besitsreg op die bewoonde gronde aanspraak kon maak as hulle teenstanders nie.

Hierteenoor het die mondstukke van die volksraad die oppergesag van die hoofkommandant in twyfel getrek en die standpunt verkondig dat, ofskoon almal gelyke aanspraak op die grond in die gebied besit, elkeen sy plaas slegs deur vergunning van die volksraad besit, wat deur die publiek en die hoofkommandant daartoe gemagtig is.

Die ooreenkoms wat op 2 Maart 1847 deur albei partye goedgekeur en deur die twaalf afgevaardigdes onderteken is, was dan ook inderdaad niks anders as 'n wapenstilstand waardeur niks besleg is nie. Daar is naamlik besluit dat die wapens neergelê sou word en *ieder party rustig en stil naar huis sal terug keeren* en dat die Hollander Smellekamp, in wie albei partye 'n grondelose vertroude gestel het, as arbiter in die saak sou optree. Totdat hy eendag opdaag, sou nie een van die twee partye intussen gedwonge wees om die regeringsvorm van die ander te erken nie. Daar sou egter militêre samewerking wees wanneer 'n inval van enige inboorlingstam die veiligheid van die nedersetting bedreig. Dit skyn asof die volksraad hiermee wou erken dat die militêre organisasie van Potgieter vir die veiligheid van Ohrigstad onontbeerlik was. JJ Burger, die leier van die volksraadsparty, het van die wapenstilstand gebruik gemaak om Smellekamp wat hy reeds in 1842 in Natal ontmoet het, ten gunste van sy party te probeer beïnvloed. Op 10 April 1847 het hy naamlik 'n brief aan hom gerig waarin hy dit voorstel asof die bestaande moeilikhede en onenigheid daaruit voortgespruit het dat die Potgieter-party so lank sonder wet en orde geleef het dat hulle al ongewoon daaraan geraak het en dit derhalwe nie kon vind met die volksraadsparty wat voorstanders van beskawing en gereëde wette was nie.

In dieselfde gees het ander lede van die volksraadsparty hulle daarop bly toelê om Potgieter swart te smeer en onder verdenking te probeer bring. So het AJ de Lange byvoorbeeld die hoofkommandant van allerlei vergrype teenoor naturelle by die raad kom verkla, terwyl veldkornet JL du Preez weer beweer het dat Potgieter die plan sou opgevat het om die hulp van Sekwati en Sebitiela teen die volksraad in te span. Die begerigheid van die raad om hierdie nuwe spoor te volg, blyk uit die feit dat daar selfs 'n verklaring van die baster Doris Buis in dier voege afgeneem is om die beweerde wandaad van Potgieter te probeer staaf.

Ten slotte het prominente lede van die raadsparty hulle persoonlik na Wes-Transvaal, na die omgewing van Potchefstroom en Mooirvier, begewe om die saak van die volksraad aldaar te propageer. Hulle het gewerk onder leiding van JH Grobler wat met dié doel voor oë vroeg in 1847 vanaf Ohrigstad na Potchefstroom afgereis het. Hy is 'n jaar later deur nog drie ander persone gevolg, wat Mooirvier en omstreke sou deurgaan met die doel *om het publiek aldaar inteligten aangaande onze Staats aangelegenheden*. Blykens alle getuienis het hulle sukses behaal. Potgieter, die pionier van Wes-Transvaal het as gevolg van hul propaganda heelwat gesag in daardie geweste ingeboet. Selfs van sy ou ondersteuners soos landdros JH Visagie het van hom afvallig geword. en die tweedrag te Ohrigstad het nou ook na die weste versprei.

Ofskoon die hoofkommandant hom oënskyklik nie veel aan hierdie lasterpraatjies gesteur het nie, het van sy aanhangers soos JFS Tredoux ook nie geaarsel om die volksraad steeds by die publiek in 'n slegte lig te stel nie, met 'n ruime mate van sukses. Só min ondersteuners het die raad sedert die "vrede"

geniet dat sy ledetal nooit weer na meer as 16 uitgebrei kon word nie. Die praattjies van persone soos JFS Tredoux, as sou die raad die publiek verraai het, het die aansien en gesag van die volksraad sodanig laat kwyn dat dit later moeilik geword het om kandidate vir die raadsverkiegings te vind en gedurende die laaste dae van die bestaan van die volksraad te Ohrigstad het lede selfs begin weier om langer diens te doen as gevolg van periodieke beledigings wat hulle van persone uit die publiek tydens sittings moes verduur.

Vir Potgieter self was hierdie getwis hoogs onaangenaam. Hy het hom egter stil gehou en in afwagting van Smellekamp gereed gemaak om 'n ekspedisie na die noorde te onderneem. Hierteen het die volksraadsparty sterk beswaar gemaak. Beïnvloed deur gerugte as sou die Zoeloes en die Swazies besig wees om nie ver van Ohrigstad af nie mekaar aan te val, ten einde 'n oë struweling te besleg en dat die blankes ook in die gedrang kon kom, het hulle Potgieter verwyrt dat hy met sy ekspedisie 'n verwoesting op hulle wil laat neerkom deur hulle as prooi aan 'n wreedaardige nasie oor te lewer.

Die hoofkommandant het hierop sy beplande kommissie 'n rukkie uitgestel en daarna op 'n tog na die noorde vertrek, wat twee maande sou duur in 'n poging om 'n beter handelspad na Inhambane te vind.

By sy terugkeer te Ohrigstad aan die einde van September 1847 was hy teleurgesteld om te bevind dat Smellekamp nog nie opgedaag het om die geskille te besleg nie. Hy het dan nou ook 'n brief aan hom gerig waarin sy kant van die saak wat die ongelukkige skeuring betref, uiteengesit is en waarin die vurige hoop uitgedruk word om hierdie Hollander spoedig *allhier in*

persoon te zien, sodat deur sy verstandige raad en tusschenkomst,alles tot genoeg zal ten einde loopen.

Hierna het hy 'n reis na Potchefstroom en Magaliesberg onderneem om vas te stel watter en hoeveel mense nog by hom staan en om opnuut sy aanspraak op die grondgebied van Winburg en Potchefstroom te bevestig.. Laasgenoemde maatreël is genoodsaak deur die feit dat kommandant Jan Kok van die Vrystaat, wat hom intussen te Potchefstroom kom vestig het, in samewerking met JH Visagie verklaar het dat Potgieter van hierdie gronde afstand gedoen het.

Daar is tekens dat hierdie rondreis van Potgieter in sy ou geweste geen segetog vir hom was nie want nadat hy sy sending voltooi het, het HS Lombard, landdros te Vryburg, aan die volksraad te Ohrigstad geskrywe dat die mense niks met Potgieter te doen wou hê nie en onwillig was om wette te gehoorsaam wat deur hom uitgevaardig is. Die hoofkommandant was egter seker dat ten minste nege-tiendes van al die emigrante hulle op hierdie tydstep hulle nog aan sy kant geskaar het.

Hoe dit ook al sy, toe Potgieter weer te Ohrigstad aankom en daar nog geen teken van Smellekamp was nie, het hy hom begin gereed maak om Ohrigstad te verlaat en met sy volgelingen na Zoutpansberg te trek, alwaar 'n nuwe dorp aangelê sou word.

Dit was vir hom duidelik dat so lank as wat daar twee regerings wat mekaar vyandiggesind was op dieselfde bodem bly voortbestaan het, daar geen hoop was op vrede en vooruitgang nie.. Intendeel, in plaas van te verminder, het die twis steeds toegeneem. So byvoorbeeld was Potgieter onmiddellik na sy

terugkeer van Potchefstroom genoodsaak om die volksraad te belet om plase van sy volgelingen te konfiskeer en te verkoop en die lede van dié party selfs te waarsku om nie die swartes van die omgewing teen hom op te stook nie. Die eerste het hy gedoen na aanleiding van persone soos JJ Roos, wat die raad beskuldig het dat hulle sy plaas wederregtelik verkoop het om hulle *luije buiken te vul met dezelve*, en die laasgenoemde na aanleiding van die houding van die volksraad, wat só ver gegaan het dat hulle op grond van 'n gerug as sou Potgieter van plan wees om Sekwati te gaan aanval, nie alleen heftig daarteen geprotesteer het nie maar selfs besluit het om Sekwati te gaan help indien dit sou gebeur.

So het die Ohrigstadse moeilikhede, waarin die persoonlike stryd tussen die Natallers en Potchefstromers 'n groot rol gespeel het, een van Potgieter se vernaamste beweegredes geword om die nedersetting te verlaat. Die twis het egter voortgeduur en die gevoelens het só verbitter geraak dat selfs nadat die breuk in 1852 geheel is daar nog steeds persone in die republiek was wat nie "vir" die volksraad was nie en om daardie rede alleen hierdie instelling oponeer het.

Die buitelandse handel misluk

Soos reeds vermeld, was een van die vernaamste oogmerke wat die Boere hulle met die verhuising na Ohrigstad gestel het die opbou van gesonde en gereëde betrekkinge met die buiteland oor die Portugese hawe, Delagoabaai. Die *vrye weg naar see*, sodat hulle sonder enige belemmering met die nie-Britse wêreld, insonderheid hulle ou stamland Nederland, handels- en ander betrekkinge kon aanknoop, was hulle hoofdoel. Om dit te bereik, moes hulle egter 'n goeie handelsweg na die baai vind en dit was juis die knoop: Die streek wat hulle van die baai geskei het, was besmet met malaria en tsetsevlies en was bowendien bewoon deur vyandiggesinde naturelle stamme wat vir hulle 'n voortdurende bedreiging gevorm het. Vir die Boere het die daarstelling van 'n gereëde verbinding met die buiteland dus in die eerste plek beteken die ontdekking van 'n veilige en gesonde weg na die Portugese hawe, Lourenco Marques. Daaraan het hulle hul dan ook van die staanspoor af gewy.

Na aanvanklike teleurstellings het hulle, soos reeds aangetoon is, berig gekry van die Portugees, Joao Albasini, dat hy van 'n maklike en vliegvrue pad na die baai weet wat loop deur die gebied van Manukozi en toe met groot geesdrif begin om voorbereidings te tref om met Albasini as gids gedurende die winter van 1847 'n tog na die baai te onderneem.

Helaas, die tweedrag wat daar te Ohrigstad tussen die Potgieter-party en die volksraad geheers het, het op dié stadium reeds sulke afmetings aangeneem dat daar van 'n eendragtige optrede

geen sprake meer was nie. Intendeel, toe die volksraad uitermate dankbaar vir die aangebode hulp van Albasini besluit om sy diens met 'n erf te Ohrigstad te beloon, het hy dadelik te doen gekry met hewige weerstand van 'n aantal ondersteuners van Potgieter wat teen dié voorbarige besluit geprotesteer het omdat hulle nie kon insien waarom 'n erf aan die Portugees gegee moes word nie.

Hieraan het die volksraad hom nie gesteur nie en voortgegaan om voorbereiding vir die ekspedisie te tref. Aangesien hulle ernstig gevrees het vir moeilikhede met die opperhoof Manukozi en vir die moontlikheid dat hulle in dié geval hulle die onmin van die Portugese goewerneur op die hals sou haal, het hulle aan laasgenoemde kennis van hul voorneme gegee en in afwagting van sy goedkeuring 'n aansienlike kommando georganiseer, om die tog te onderneem. Hierdie kommando is grotendeels saamgestel uit burgers van Potchefstroom en Magaliesberg. Uit hierdie geweste alleen is 240 manskappe verwag.

Intussen het hulle dit ook raadsaam gegag om Potgieter en sy mense wat natuurlik niks met die volksraad se ekspedisie te doen wou hê nie te waarsku om nie 'n soortgelyke ekspedisie te onderneem nie, aangesien die Portugese goewerneur gesteurd mag voel indien daar moeilikheid met Manukozi sou ontstaan.

Onderwyl hulle besig was met voorbereidings vir die voorgenome tog het die volksraad op 16 Maart 1847 'n brief van Smellekamp ontvang, gedateer Lissabon, 9 September 1846, waarin hy meedeel dat hy by die Portugese gaan hulp soek het aangesien die Nederlandse regering bang was om op die grondgebied van 'n ander moondheid in te meng. Hy hoop om binne ses maande persoonlik in Delagoabaai te verskyn,

miskien nog vergesel van Hollandse predikante en onderwysers wat in elk geval binnekort gestuur sou kon word.

Só dankbaar was die volksraad om dié nuus te ontvang dat daar besluit is om vir Smellekamp te Ohrigstad 'n huis te bou aan 'n straat wat dan *Smellekampstraat* genoem sou word.

Aangevuur deur die verwagting om Smellekamp te ontmoet en ook deur 'n gerug wat Albasini versprei het as sou Delagoabaai deur Makkasana en 'n klomp Zoeloes bedreig word, het die kommissie op 12 Julie 1847 na die baai afgereis, enersyds met die oog op die handel maar ook om militêre bystand aan die Portugese goewerneur te gaan verleen. Die tog is onderneem sonder die mense uit Wes-Transvaal wat helaas nooit opgedaag het nie aangesien gerugte hulle bereik het dat daar strawwe koors te Ohrigstad geheers het en dat die Ohrigstadters ook nie van plan was om vir hulle te wag nie, daar hulle baie haastig was om te vertrek, ten einde Smellekamp wat hulle in die baai verag het te ontmoet.

Die kommissie wat voor die einde van 1847 weer te Ohrigstad terug was, was egter 'n volslae mislukking. 'n Vliegrye pad is nie ontdek nie. Inteendeel, die pad wat die kommissie hierdie slag gevolg het, was nog meer met tsetsevlieë besmet as enige ander. Dit het hulle egter toegeskryf aan hulle gidse, volk van die inboorlingkaptein Saradie, wat hulle dan heimlik kwaadgesind sou gewees het en hulle derhalwe moedswillig deur 'n tsetsevliegstreek gelei het.. Die Portugese goewerneur, De Zilveira, se agterdag is ook nie deur die aangebode hulp teen sy vyande uit die weg geruim nie en om alles te kroon was daar van die Hollander Smellekamp van wie soveel verwag was geen spoor nie. As verskoning waarom hy nie sy beloftes kon nakom nie het Smellekamp aangevoer dat sy vorige ekspedisie

'n groot geldelike verlies was en dat die mense gevolglik gehuiwer het om 'n nuwe onderneming op tou te sit. Voorts het die onbestendige binnelandse toestand van Portugal sy onderhandelings met die Portugese regering belemmer. Hy en sy vriende was egter besig om sy voorgenome reis te bespoedig en as alles goed gaan, sou hy gedurende Maart 1848 te Delagoabaai aankom. Die Boere moes dus solank hulle ivoor, wol en velle gereed hou.

Hierdie berigte het skynbaar volkome vergoed vir hierdie en die vorige mislukte ekspedisies na die baai en die volksraad wat nog steeds die grootste verwagtings van Smellekamp gekoester het, het derhalwe met 'n blye gemoed 'n boukommissie benoem om met die bou van die huis vir Smellekamp op Ohrigstad voort te gaan, uit waardering *voor zyn onvermoeide pogingen, jaren agter een aangewend ter verkryging hunner begeerte.*

Smellekamp het ook nie stil gesit nie. Die ontbinding van die Hollandse handelsmaatskappy wat in 1842 deur Ohrig, Kooy en Swart opgerig is, ten gevolge van die groot geldelike verlies wat die vorige ekspedisies na die Voortrekkers opgelewer het, het sy ondernemingsgees en optimisme nie gedemp nie. Met onvermoeide ywer het hy voortgearbei om mense in Europa vir die handel met die Boere geïnteresseerd te kry en het dit werklik reg gekry dat in Desember 1846 'n nuwe onderneming, te wete die *Hollandse Handel en Redery Maatskappy*, gesteun deur manne soos professor Lauts, A Hoogendyk en J Pynappel, in die lewe geroep is met die doel om die begeerde betrekkinge met die Boere aan te knoop.

Hierdie maatskappy kon egter nie al vroeg in 1847 'n skip na Suid-Afrika uitstuur soos Smellekamp gemeen het toe hy sy optimistiese brief aan die volksraad gerig het nie. Die nodige

aandeelhouders moes nog eers gewerf en ander voorbereidende maatreëls getref word voordat daar aan die uitstuur van vragte gedink kon word en dit het baie tyd in beslag geneem, veel meer as wat Smellekamp vermoed het toe hy optimisties gedroom het om teen Maart 1847 in Delagoabaai te wees. Trouens, dit was reeds Februarie 1848 toe die eerste handelsvaartuig van die nuwe maatskappy, die *Animo*, met sy vrag bestem vir die Boere die Hollandse kus verlaat en na Lissabon geseil het, waar die nodige reëlings getref sou word vir die skip om sy verdere suidwaartse reis onder Portugese vlag voort te sit. Dit was nie bedoel as 'n handelstog nie, het die bestuur van die maatskappy in 'n brief aan die volksraad verduidelik, maar as 'n ekspedisie om ter plaatse ondersoek te kom instel wat daar te handel is. Hulle sou dan ook graag inligting van die volksraad wou ontvang aangaande sake wat vir die voorgenome handel van belang was, soos byvoorbeeld die grootte, die aard en gesteldheid van die grondgebied, die bevolking, die produkte wat die Boere te koop kon aanbied en die artikels wat deur hulle benodig word.

Intussen het die volksraad, in weerwil van die mislukking van die ekspedisie van 1847, die hoop om 'n vliegrye pad na Delagoabaai te vind nie laat vaar nie en onderwyl die *Animo* onderweg na die suide was, planne beraam om weer 'n ekspedisie na die kus te stuur om met behulp van Joas se volk 'n veilige pad na die baai te soek. Hulle was van plan om tot by Inhambane deur te dring, om ook die handelsmoontlikhede aldaar te ondersoek.

Die kommissie wat onder andere ook Jacobus Burger, Dawid Joubert en Carolus Trigardt ingesluit het, het aan die begin van Julie 1848 op hulle reis vertrek en was so gelukkig om in Delagoabaai aan te kom op dieselfde tydstip waarop die *Animo*,

van wie se koms hulle natuurlik geen kennis gedra het nie, aldaar anker gewerp het. Hulle kon dus eindelijk persoonlik met Smellekamp in aanraking kom.

Van handel was daar egter geen sprake nie. Smellekamp kon blykbaar in Lissabon nie daarin slaag om die *Animo* onder Portugese vlag te laat vaar nie en die Portugese owerheid te Delagoabaai het geweier om Smellekamp toe te laat om onder Hollandse vlag met die emigrante handel te drywe en die handelsartikels op die *Animo* kon dus nie aan wal gebring word nie. Al wat Smellekamp inderdaad aan die kommissie kon oorbring, was die bo-aangehaalde brief van die bestuur van die *Hollandse Handel en Redery Maatskappy*, waarop hy 'n onmiddellike antwoord versoek het en die versekering van 'n suksesvolle handel in die toekoms, want ondanks die houding van die plaaslike Portugese owerhede was hy nog gladnie pessimisties nie en het hy die kommissie hand en mond belowe dat hy binne 15 maande onder Portugese vlag terug sou kom met 'n nuwe handelsvrag.

Voorts het hy 'n onderwyser vir hulle aan wal gesit, 'n sekere HT Bührmann, wat later 'n groot rol in Transvaal sou speel...Daarna het hy Kaap toe geseil waar hy 'n klein deeltjie van sy vrag verhandel het en het toe met die res teruggevaar Holland toe waar hy twee dae voor oujaarsdag aangekom het. Hy het die antwoord van die volksraad op die handelsmaatskappy se brief van Januarie 1848 aan die bestuur oorhandig. Dit het besonderhede bevat aangaande die produkte wat die Voortrekkergebied kon uitvoer en van hul eie behoeftes, waarvan volgens hulle brief dié aan 'n predikant en goeie onderwysers inderdaad die dringendste was. Origenes het dit verwyte bevat, aan die adres van die ou maatskappy gerig,

as sou dié inderdaad daarvoor verantwoordelik wees dat hulle die trek na Ohrigstad aangepak het.

Die klaaglike mislukking waarop die ekspedisie uitgeloop het, het aan die maatskappy 'n uitklophou besorg en Smellekamp se versekerings aan Pynappel dat daar wel 'n suksesvolle handel met die Boere-emigrante tot stand gebring kon word, kon dit nie weer van die skok laat herstel nie. In April 1849 is dit ontbind en het nog 'n goedbedoelde poging vanuit Holland om die Voortrekkers te help in die sand verloop, tot groot misnoeë van Smellekamp aan wie die mislukking van die onderneming gewyt is.

Gelukkig maar het die Ohrigstadters, wie se poging om na Inhambane deur te dring ook misluk het, niks hiervan geweet nie. Hulle het dus, voortbouend op die beloftes van Smellekamp, onversaagd voortgegaan om sover dit in hulle vermoë was die struikelblokke wat die handel belemmer het uit die weg te ruim. Hulle het intussen reeds minstens twee geskikte roetes na die baai ontdek, blykbaar redelik vry van vlieë en het hulle nou daarop toegelê om ter bespoediging en vergemakliking van die handelsverkeer 'n behoorlike pad na die baai te maak. Hierdie gebaande weg wat 'n ruime afstand deur Umswaas se grondgebied sou loop, sou onder toesig van Jan de Beer en Willem Neethling tegelykertyd aan albei kante van die bergreeks aangepak word en 'n groot deel van die koste daaraan verbonde sou uit vrywillige bydraes gedek word, by name die voedsel soos mielies, koring, slagvee en gereedskap soos koevoete, pikke, ensovoorts wat vir die werkers nodig was en nou gekollekteer is.

Reeds vroeg in September 1849 kon Jan de Beer aan die volksraad rapporteer dat die pad, sover dit oor die gebied van

die republiek gegaan het, voltooi was en dat Umswaas ook die gedeelte wat deur sy gebied geloop het in orde gebring het. Die enigste stuk wat nog gemaak moes word, was dié in die Portugese gebied en daaraan was swartes reeds besig in opdrag van die Portugese goewerneur wat onderneem het om vir die weg van die Portugese grens af tot by Delagoabaai te sorg.

Intussen het die raad ook nie nagelaat om met die oog op die buitelandse handel die samewerking en welwillendheid van die Portugese owerhede te verkry nie. Hulle was vasberade om teen elke prys 'n herhaling van wat met Smellekamp se vorige besoek aan die baai gebeur het te voorkom en gevolglik het daar vroeg in 1850 weer 'n kommissie bestaande uit Andries Spies, Cornelis Potgieter, Philip Coetzer, Hendrik Bührmann en Carolus Trigardt, wat as tolk sou optree, na die baai vertrek om met die Portugese goewerneur, JC de Andrade, te gaan onderhandel. Dit sou geskied met die oog op beter vriendskaps- en handels- betrekkinge en ook om die oosgrens van die republiek nader aan die baai te probeer verskuif.

De Andrade was oënskynlik vriendskaplik genoeg. Hy het selfs, sowat 'n maand nadat hy met die kommissie 'n voorlopige ooreenkoms aangegaan het soos deur hulle begeer is, persoonlik na Ohrigstad gekom waar hy verskillende mooi beloftes aan die volksraad gedoen het. Hy sou onder andere kanonne aan die Boere verskaf, hulle toelaat om vryelik ammunisie in die baai te koop, hulle teen naturelle beskerm, hulle toelaat om op Portugese gebied te kom jag en die Lebombogebergte as grenslyn tussen die Portugese en Transvaal erken; maar hoe vriendskaplik hy ook al gelyk het, sy base in Lissabon was geensins van plan om aan sy beloftes gevolg te gee en sy ooreenkoms met die Boere te bekragtig nie.

Die Trekkers het egter geglo dat alle moeilikhede nou uit die weg geruim was en het reikhalsend uitgesien na die volgende besoek van hul Hollandse vriend, JA Smellekamp, wat getrou aan sy belofte om onder Portugese vlag terug te kom reeds vroeg in 1849 al weer besig was om persone in Holland se belangstelling in 'n nuwe ekspedisie na Suid-Afrika op te wek. Die heer J Pynappel en professor Lauts het weer eens hierin belang gestel.

Teen April 1850 het sy planne alreeds sóver gevorder dat daar in Amsterdam 'n prospektus, onderteken deur die broers Heemskerk, JCJ Knecht en M Weimar ten Cate gesirkuleer het vir *eene op te rigten Reedery en ten doel hebbende het daarstellen eener Handels- en Zedelyke gemeenschap* tussen Holland en die Boere in Ohrigstad. Gedurende Julie van dieselfde jaar het Smellekamp in Lissabon met die Portugese owerheid in verband met die ekspedisie gaan onderhandel, maar sy planne wou nie na wense vlot nie. Hy kon eers geen Portugese skip bekom nie en die reis moes weer uitgestel word.

Na enige maande is Smellekamp se ywer egter met sukses bekroon en kon voorbereidings getref word vir die reis na die suide met die Portugese skip *Vasco da Gama*. Daar sou drie onderwysers, die here Poen, Van der Linden en Spruyt met die ekspedisie na die Boere saamgaan en benewens handelsware sou daar ook 'n aantal boeke saamgeneem word. Die *Vasco da Gama* het in Desember 1850 uit Texel vertrek en in Julie 1851 in Delagoabaai aangekom. Dit was egter net te laat vir die Boere wat, oorywerig om die *goed gezouten huiden, ivoor en schapenwol* en ander handelsartikels deur Smellekamp aangevra, bymekaar te maak en alles vir die handel gereed te maak, intussen al weer besluit het om gedurende Mei 1851 'n kommissie na die baai te stuur om die pad weer 'n slag in orde

te bring. Hulle het verwag dat Smellekamp teen April, of op sy laaste teen Julie in die baai sou aankom en het dan ook besluit om hom te laat weet dat hy hulle onmiddellik van sy aankoms moes verwittig deur middel van twee rapporte wat oor twee verskillende roetes gestuur moes word..

Die kommissie, bestaande uit 29 man met 11 waens, het op 15 Mei 1851 na die baai afgereis. Hulle sending het egter slegs 'n ryke oes aan teleurstelling opgelewer. In die eerste plek kon hulle nie daarin slaag om 'n behoorlike terugvrag vir die skip bymekaar te maak nie omdat die olifantjag misluk het en toe hulle in die baai aankom, het hulle osse die een na die ander begin vrek aan 'n *onverwachten en heevigen ziekten*, met die gevolg dat hulle verplig was om op 25 Julie, nadat hulle ongeveer 100 trekosse verloor het, afgesien van een van die lede van die geselskap wat langs die pad gesterf het, huiswaarts te keer, vyf dae voor Smellekamp se aankoms in die baai! Hulle het gekla dat die water in die baai vir die osse ongesond was om te drink en dat die pad vanaf die Lebombo na die see met volop tsetsevlieë besmet was.

Op hulle terugreis moes hulle nog boënop die *veyandigen gezindheid en handelwyze* verduur van Umswaas wat geweier het om hulle in hul nood aan trekosse te help. Afgesien van die giftige vlieë was dit dus ook nog gevaarlik vir 'n klein reisgeselskap om deur Umswaas se landstreek te trek.

Die kommissie was dus 'n volslae mislukking. Ten spyte van die ontberings en gevoelige verliese wat die geselskap gely het, het hulle van Smellekamp niks gewaar nie en dus niks nader gekom aan die verwesenliking van die vurig gekoesterde ideaal van 'n gereëelde verbinding met Holland nie.

Vir Smellekamp wat op 30 Julie in Delagoabaai geland het, was dit 'n bittere teleurstelling om te verneem dat die kommissie vertrek het. Hy het die volksraad dan ook onverwyld per brief van sy aankoms verwittig. In die brief sê hy dat hy 'n skeepsvrag goedere het, in ruil vir ivoor, wol, *gezouten of goed gedroogde huiden en vellen, ossen en renoster hoorns*. Die raad, wat die brief in Augustus 1851 ontvang het, het egter nie kans gesien om onmiddellik weer 'n kommissie baai toe te stuur nie omdat hulle op hierdie tydstip baie besig was met kommandering en ander oorlogsmaatreëls om die dreigende oproerigheid van die swart stamme in die omgewing die hoof te bied.

Smellekamp se teenwoordigheid in die Portugese hawe het die ingesetenes van Lydenburg nogtans met nuwe moed besiel en die ou vertroude wat die Trekkers in hom gehad het weer lewendig laat opvlam, *omdat zyne tegenswoordigheid onder ons van al te grote aanbelang is*. Toe omstandighede dit dan ook toelaat, het daar aan die begin van September 1851 'n kommissie onder leiding van Bührmann, C Potgieter, WF Joubert, GJ Joubert en JJ Burger na die baai afgereis om Smellekamp te gaan ontmoet en om handel te dryf. Hulle was egter te laat vir die Hollander wat op 30 Augustus aan die volksraad geskywe het dat hy na Mosambiek vertrek om aldaar met die hoër outoriteite in verbinding te kom met die oog op die bestendiging van die handel en dat hy eers weer teen Desember na Delagoabaai sou terugkeer.

Die kommissie wat op 27 September 1851 in die baai aangekom het, het darem 'n kwart van die skeepsvrag onder sorg van Smellekamp se agent daar aangetref en kon dus wel sake doen. Tot hulle teleurstelling het hulle eie produkte egter veel minder opgelewer as wat hulle verwag het. Wel het die

horings en ivoor redelike pryse behaal maar die velle en ander produkte was baie swak op prys. Die pryse van die handelsartikels wat Smellekamp meegebring het, was daarenteen buitensporig hoog, volgens Stuart feitlik deurgaans hoër as wat die Boere aan deurtrekkende handelaars uit Natal moes betaal terwyl minder waarde aan die goedere van die Trekkers toegeken is as wat hulle gewoond was om van dié plaaslike handelaars te ontvang. Daarom is die kommissie tot die slotsom gedwing *dat den handel met ons op zoodanigen voet was ingerigt dat dezelve onmooglyk eenen goeden uitkomst kan opleveren*.

Die Boere het dan ook, sover ons kon vasstel, in Desember 1851 nie weer 'n kommissie na die baai gestuur om Smellekamp te gaan ontmoet wanneer hy van Mosambiek af sou terugkeer nie; gelukkig ook maar, want Smellekamp het eers in Februarie 1852 in Delagoabaai aangekom sonder dat hy iets van belang in Mosambiek uitgerig het. Al wat die ekspedisie hom blykbaar geleer het, was, soos hy dit in 'n brief aan die volksraad uitgedruk het, dat die Portugese *geene andere zaken voorstaan dan die hen, in hun particulier, geld in de zak kunnen brengen*.

Die Portugese goewerneur van Mosambiek het geweier om 'n vorige belofte van hom na te kom, naamlik om die vestiging van 'n handelskantoor aldaar en ook by die ander Portugese hawens toe te staan en het so 'n ongunstige houding ingeneem dat Smellekamp al weer planne begin beraam het om die Boere vanaf Kaapstad of Port Natal te bereik. Die lede van die Hollandse handelsmaatskappy het egter, met wrewel teenoor Smellekamp vervul, besluit om die redery te ointbind omdat die ekspedisie met die *Vasco da Gama*, soos trouens alle vorige pogings, miluk het. Daarmee het dan ook aan Smellekamp se

awenture 'n einde gekom. Hy het nou besluit om na Transvaal te verhuis met die voorneme om hom hier as handelsagent te kom vestig, ten einde ook *de zedelyke belangen dier vrienden bevorderlyk te wezen.....voor zoo verre myne geskiktheid daartoe strekt.*

Soos reeds aangetoon is, het Smellekamp die Portugese daarvan beskuldig dat hulle onwillig sou wees om die handel met die Boere in die binneland te bevorder. Nieteenstaande 'n vriendskapsverdrag in 1850 met die Portugese owerheid in Delagoabaai gesluit, het die Boere self ook tot die ontnugtering gekom dat die Portugese in die baai hulle feitlik vyandiggesind was en dat die Boere se teenwoordigheid in Lourenco Marques skaars meer geduld word. Hulle het die Engelse van konkelry in hierdie verband verdink omdat hulle redeneer het dat die Kaapse owerheid graag die alleenhandel met die Boere in die binneland wou bly behou.

Waarom die Portugese owerheid dié houding ingeneem het, is nie heeltemal duidelik nie. Die gedagte bestaan dat hy die Groot Trek as 'n bedreiging vir sy koloniale ryk vanaf Lourenco Marques tot by Quelimane beskou het en dit daarom selfs oorweeg het om in militêre samewerking met die Engelse teen die Trekkers op te tree.

Hoe dit ook al sy, die handelsvoordele wat die Boere in die binneland aan die Portugese hawe kon besorg, is nie deur Lourenco Marques benut nie. Vreemde skepe kon by Mosambiek anker werp maar is feitlik nooit by die ander ondergeskikte hawens aan die Afrikaanse ooskus toegelaat nie en Portugal self het gedurende hierdie tydperk maar selde 'n skip na Delagoabaai gestuur. Die destydse onbestendige binnelandse toestand van Portugal het daartoe bygedra dat die

Portugese owerheid weinig of geen belangstelling vir die handelsmoontlikhede met die Boere gekoester het nie omdat Portugal op hierdie stadium in 'n toestand van uiterste swakheid op die suid-ooskus van Afrika verkeer het.

Afgesien van hierdie struikelblokke het die Portugese handelsregulasies die uitstuur van handelsvaartuie alleen oor Lissabon moontlik gemaak, sodat dit die reëlings van Hollandse handelsmaatskappye aansienlik bemoeilik het.

Engeland was bewus van die Portugese se magteloosheid om Delagoabaai, *de schoonste haven van geheel de Afrikaanhe kust*, deur suksesvolle handel te laat opbloeï en het begeer om hierdie hawe self te besit. Omdat die Britse regering gevrees het vir die moontlikheid dat die Boere se handel met die buiteland oor Delagoabaai hierdie hawe se opbloeï sou bevorder, tot skade van die handel oor Kaapstad, is die toestand noukeurig dopgehou.

Die Kaapse owerheid het deur middel van majoor Smith en luitenant-goewerneur Pine gedurig verklarings van reisigers uit die Trekkergebiede aangaande die handelstoestand met Delagoabaai afgeneem en inligting hieroor aan die Britse owerheid gestuur. Toe kaptein Van der Meyden van die *Animo* in 1848 in Kaapstad aankom, is hy noukeurig ondervra oor watter ware hy alles in Delagoabaai aan wal gesit het, veral wat die hoeveelheid buskruit betref en of hy doeanebelasting daarop betaal het.

Die Britse owerheid het selfs in Holland inligting ingewin en daarop aangedring dat die uitvoer van wapens en ammunisie na die Trekkergebiede uit Nederlandse hawens verbied moes word. Hieraan is uitvoering gegee en volledige vraglyste van

die Hollandse skepe wat na Delagoabaai sou seil, is aan die Britse gesante oorhandig nog voordat hierdie skepe die Hollandse hawens verlaat het. Daar is selfs volledige inligting oor die swaar verliese wat die Hollandse handelsmaatskappye tydens hulle togte na Lourenco Marques gely het aan die Britse owerheid verskaf.

In 1848 het Britse handelsmaatskappye alreeds op groter handelsgeriewe te Delagoabaai aangedring, maar hulle het spoedig bemerk dat Britse handelsbelange nie 'n ernstige bedreiging deur die Trekkers se handelsverkeer met die Portugese kusgebied hoef te vrees nie.

Holland het gedurende hierdie periode 'n politiek van versoening en vriendskap met sterker moondhede soos Engeland gevolg en nie geaarsel om te verklaar dat hy glad nie Smellekamp se doen en late goedkeur nie. Omdat die Hollandse regering dus geen ondersteuning aan die pogings van die private handelsmaatskappye gegee het nie en dit boonop nog teengewerk het, was sulke ekspedisies van meet af aan tot mislukking gedoem, veral daar die gebied waar die Boere gevestig was geen ryke handelsveld gebied het nie en het die maatskappye wat die *Brazilië*, die *Animo* en die *Vasco da Gama* uitgestuur het sulke gevoelige verliese gely dat daar nie kans gesien is om met die ondernemings voort te gaan nie. Selfs 'n optimis soos Smellekamp moes uiteindelik moed verloor.

Een van die faktore wat daartoe bygedra het om laasgenoemde se pogings te laat misluk was die feit dat die skepe en die Boere-ekspedisies na die baai nooit op dieselfde tydstip in die hawe aangekom het nie. Gevolglik het dit die afhandeling van

handelstransaksies aansienlik vertraag en so tot die geldelike verlies van die maatskappye bygedra.

Die lang afstand vanaf Ohrigstad en Lydenburg na Delagoabaai, die moeilikhede om 'n goeie pad oor hierdie afstand te maak, soos die gebrek aan werksvolk, gereedskap en geld om die nodige arbeidskragte te huur, sodat benodighede selfs gekollekteer moes word, het in ruime mate tot die mislukking bygedra.

Soos reeds aangetoon is, was 'n groot gedeelte van hierdie roete met tsetsevlieë besmet, sodat elke tog na die baai gewoonlik met 'n gevoelige verlies aan trekosse gepaard gegaan het. Die gedeelte van die pad tussen die Lebombo en die see was die ergste met hierdie dodelike insekte besmet, sodat 'n gedagte in 1851 gekoester is om 'n pakhuis op te rig op die *uiterste gesonde plaats, daar alle toevoer on(t)vangen en uitvoer afgelevert kan worden, en daar een ieder sonder verlies van osse komen kan*. Goedere moes dan gedurende die nag met muile van die baai na die pakhuis gebring word.

Afgesien van die giftige vlieë was die beskikbare drinkwater by die baai vir die vee nie gesond nie en was dit een van die oorsake waarom die ekspedisie van 1851 soveel trekosse in Lourenco Marques verloor het.

In hierdie laeveldstreek het die gevaar van malaria enige handelstog gedurende die somermaande geheel-en-al onmoontlik gemaak, afgesien van die moontlikheid om deur vyandige inboorlingstamme aangeval te word.

Toevallige hindernisse soos strawwe droogtes was soms die oorsaak dat daar langs die pad *in den afstand van twee*

dagreizens geen gras of bruikbaar water te vinden was nie en die trekosse van maerte gevrek het.

Die gebrek aan kontantgeld en geskikte handelsartikels het eweneens tot die mislukking van die handel bygedra, sodat die Trekkergemeenskap uiteindelik totale verarming in die gesig gestaar het. Die brief wat die volksraad op 1 Oktober 1851 aan die maatskappy van *Heemskerk, Knecht en Weimar ten Cate* geskrywe het, gee 'n baie duidelike beeld van die wanhopige toestand waarin die Boere op hierdie stadium na die herhaalde handelsmislukkings verkeer het:

De meesten onzer zwerven van het jaar 1835 tot 37 af in Afrika om; al onzen bezittingen door het moorden en plunderen der kaffernatiën byna geheel of gedeeltelyk verlooren hebbende, en door de godloozen handelwyzen van het Engelschen Gouvernement gedurig verjaagd; en in de bittersten onzekerheid gehouden wordende, hebben wy alles verteerd, de geldmiddelen zyn uitgeput, en het eenigste waarvan wy leven is het hoornvee, en eenigen landbouw om in de levensbehoeften van onzen huisgezinnen te voorzien. Den handel word byna uitsluitend gevoerd met den Kolonie Kaap de Goede Hoop, de gewoone betaling geschied met slagvee, 't welk den plaats van het geld vervangen heeft, ook wel met ivoor, maar door den bitteren armoede onder ons, is het selfs den welgesteldsten onder ons onmooglyk om zulks op te leggen en zoo te bewaren.

Aan die goewerneur van Mosambiek het die volksraad geskrywe: *Bystand of hulp is ons noch nooit bewezen, hoezeer wy denzelven ook behoeven. De Handel is niets verbeterd. Wy hebben gebrek aan alles. Kruid en lood is niet te bekoomen, zoo ook allen anderen artikelen, zeer tot ons naadeel.*

Deur die droogte, inboorlingplunderings en die tsetsevlieg is hulle enigste betaalmiddel, die veestapel, met ongeveer 'n vyfde gedeelte uitgedun, sodat hulle ekonomies 'n donker toekoms tegemoet gesien het. Hulle het tog nog gehoop dat indien die handel met Holland oor Delagoabaai tot sy reg kon kom, daar baie gesinne nog veel nader aan die baai sou trek om die moeilikhede deur die groot afstand veroorsaak, uit te skakel. Hulle was ook seker dat indien die handelstoestand rooskleuriger was, daar nog 'n paar honderd huisgesinne uit die Kaapkolonie by hul geleedere sou kom aansluit, *maar de onzekerheid waarin wy verkeeren schrikt hun als noch af.*

Belangstellende vriende in Holland kon dus nie daarin slaag om 'n gereelde handelsverbinding met die Boere in Transvaal te bewerkstellig nie, alhoewel professor Lauts nog tog 1854 onversaagd aangehou het om vir die belange van die Boere te pleit. Laasgenoemde se noodkreet aan hul vriende in Holland, *Doet toch in den Naam des Heeren wat UW.Ed kan, en laat ons niet aan ons lot over; laat den Engelschen toch niet juigen over onzen ellenden!* het gaandeweg verstom namate hulle moed verloor het en in 1853 het ds Van der Hoff aan Lauts geskrywe dat *over Delagoabaai met Transvaal te handelen beschouwd men hier algemeen als dwaasheid.*

Die hoë verwagtings wat Andries Hendrik Potgieter en die volksraadsparty ten opsigte van die handel met Delagoabaai gekoester het en wat die vernaamste beweegrede vir die stigting van die nedersetting te Ohrigstad in 1845 was, het gevolglik heeltemal teleurgestel sodat die nedersetting geensins aan sy beoogde doelstellingen beantwoord het nie. Daarom het die mislukking van die handel met die buiteland in die hand gewerk dat Ohrigstad 'n ontvolkingsproses moes deurmaak en

dat die swaartepunt van die republiek weer eens na die weste teruggeplaas is.

Ohrigstad word verlaat

Soos in die vorige hoofstuk uiteengesit is, was die onvermoë van die Voortrekkerstaat om 'n suksesvolle handel oor Delagoabaai met die buiteland op te bou, die oorsaak dat die nedersetting te Ohrigstad eintlik geen bloeiperiode beleef het nie, niesteenstaande die beste pogings deur hoofkommandant Potgieter en die volksraad daartoe aangewend. Afgesien van hierdie groot struikelblok het die inwoners spoedig na hul aankoms bevind dat die weiveld nie aan dieselfde vereistes voldoen het as wat die Potchefstroomse gebied en die Magaliesbergstreek aan hulle kon bied nie. Aangesien die veeboerdery op hierdie stadium die vernaamste middel van bestaan vir die emigrante uitgemaak het, het baie ingesetenes spoedig in die versoeking gekom om hul nuutaangetekende plase weer net so te laat lê en na die weste terug te keer.

Die gevreesde malaria het alreeds gedurende die eerste somer van 1845-1846 sy verskyning gemaak en sy eerste slagoffers geëis en daartoe bygedra om die onsekerheid oor die toekoms wat daar op hulle in Ohrigstad gewag het, by die emigrante in te skerp.

As gevolg van die ongunstige handelstoestand was Ohrigstad nou nog meer van die buitewêreld geïsoleer as wat die geval met Potchefstroom was, omdat handelaars vanuit die suide die nedersetting moeiliker kon bereik. Gevolglik was noodsaaklike lewensmiddele haas onverkrygbaar en baie duurder as wat dit byvoorbeeld in Pietermaritzburg was. Koffie het 2/6 (25 sent) per pond en tee 10/6 (R1-05) per pond gekos. Die produkte van die Boere het ook minder waarde as in Pietermaritzburg gehad. Die prys van 'n buffelsvel was maar 'n halfkroon (25 sent) en 'n elandsvel was maar 'n sjieling (10 sent) werd, sodat die waarde

van 'n pond sterling in Ohrigstad maar op 13/6 (R1-35) vasgestel is.

Hierdie ongunstige ekonomiese toestande het 'n geleidelike exodus uit Ohrigstad aangewakker wat selfs so vroeg as aan die einde van 1845 'n aanvang geneem het, soos die geval was met Louis van Wyk, *die desen maatschapey heef verlaten, naa allen waarscheynlykheid om niet weder om te komen*. Sy geval is spoedig opgevolg deur Gert en Casper Kruger en verskillende ander persone wat teruggegaan het om hulle agtergelate gesaaides te gaan oes.

Omdat die agterblywendes bevrees was dat hierdie persone wat met al hulle besittings verhuis het nie weer na Ohrigstad sou terugkeer nie en op hierdie manier die veiligheid van die nedersetting deur die uitdunning van sy geleedere onnodig in gevaar gebring het, het hulle baie sterk verhoë tot die volksraad gerig om hierdie terugtog met streng maatreëls die hoof te probeer bied.

Vier-en-vyftig inwoners van Ohrigstad wat op hierdie stadium nog geen plase in hierdie omgewing besit het nie het by die volksraad daarop aangedring om die plase van persone wat die nedersetting verlaat het aan hulle toe te ken en het druk op die raad probeer uitoefen deur die dreigement om andersinds self Ohrigstad te verlaat indien hulle nie geholpe sou raak nie.

Die volksraad het die erns van die toestand besef en op 20 Januarie 1846 besluit dat aan alle persone wat weggetrek het om te gaan oes of om ander redes hulle plase verlaat het geleentheid gegee sal word tot 1 Mei 1846 om weer met al hulle besittings terug te keer en hulle plase te kom bewoon of

anders sou die verlate gronde aan ander aanspraakmakers toegeken word..

Of die mense wat nog van voornemens was om ook te trek hulle nie aan die raadsbesluit gesteur het nie en of hulle nie eers van die besluit bewus was nie is moeilik om vas te stel, maar op 21 Februarie 1846 skrywe 26 ondertekenaars in 'n brief aan Potgieter persoonlik *dat er een grootte deel van menschen is die zeg terugwaarts op trek wilt begeven*. Hulle het die hoofkommandant versoek om hulle met gesag te beklee om die trekkery teë te gaan wat Potgieter dan ook gedoen het..

In aansluiting hierby het die volksraad daarna besluit om enige trekkery verder as Magneetshoogte te verbied en het 'n beroep op al die inwoners gedoen om die uittog te probeer keer. Persone wat genoodsaak was om te verhuis, moes hulle redes voor die raad kom verstrek.

Ten einde te voorkom dat die persone wat gedreig het om te trek indien hulle nie aan plase gehelp word nie ook by die geleedere van die verlaters sou aansluit, het die volksraad sy maatreëls nog verder verskerp en besluit om die reg op verlate gronde maar te laat verval en om die plase aan bogenoemde persone toe te ken.

Daar is besluit om aan persone wat sonder verlof na Magaliesberg toe gaan 'n boete op te lê. Verder is besluit dat persone wat sonder verlof met al hul besittings deur die Olifantsrivier wegtrek hulle gronde verbeur het. Selfs persone wat tydelik na die Kaapkolonie afgereis het en hul vee op hulle grond agtergelaat het, sou binne ses maande moes terugkeer of anders sou hulle hul reg op hulle plase verbeur.

Nadat die mense wat weer na Magaliesberg teruggetrek het met die verskoning om te gaan oes, verneem het van die raadsbesluit dat hulle plase te Ohrigstad vervalde verklaar is, het hulle heftig beswaar gemaak teen die feit dat daar *wet op wet en gebot op gebot uitgevaardigt word daar den meesten deel van het publiek onbewust van is*, maar hulle het geensins hulle voorneme te kenne gegee om weer na oos-Transvaal terug te keer nie. Die volksraad het dus magteloos gestaan om die uittog te verhoed. Teen die winter van 1846 moes 'n aansienlike getal huisgesinne Ohrigstad alreeds verlaat het om na wes-Transvaal terug te keer..

Nadat die skeuring tussen hoofkommandant Potgieter en die volksraadsparty op 8 Junie 1846 plaasgevind het, het die tempo van verlating nog meer versnel, sodat Potgieter op 10 Desember 1846 aan Gert Kruger te Magaliesberg geskrywe het *dat de grootste gedeelte van mynen menschen van tyd tot tyd uittrekken en onze partey hier zoo zwak laat dat ik vrees, als wy van U niet spoedig hulp kreygen, onze zaak onherstelbaar zal verlooren gaan*.

Ohrigstad was dan ook bevoorreg om daarna tydelik 'n veel groter bevolking te huisves as waaraan die nedersetting gedurende die afgelope jaar gewoon was, toe baie burgers van Magaliesberg en Potchefstroom aan Potgieter se oproep gehoor gegee het en op sy plaas Strydfontein vergader het om die volksraad te betuel.

Nietemin het die aantal vaste inwoners hiervandaan teen 'n sneller tempo verminder, sodat Stuart verklaar het dat Ohrigstad teen 1847 *alreeds nagenoeg vervallen* was.

Alhoewel die geskille tussen die Potgieter-party en die volksraadsparty deur die ooreenkoms van 2 Maart 1847 bygelê is, het die onderlinge wantroue in mekaar se doen en late Potgieter laat besef dat daar op hierdie stadium geen hoop meer bestaan het om Ohrigstad aan sy oorspronklike doel te laat beantwoord nie. Hy het nog 'n laaste poging aangewend om 'n geskikte handelspad na Delagoabaai te ontdek en het te Lourenco Marques van die Portugese goewerneur toestemming verkry om 'n nuwe pad na die kus deur Portugese gebied te soek.

Hierdie nuwe pad sou nie vanaf Ohrigstad na Delagoabaai wees nie maar vanaf die Soutpansberg na Inhambane want Potgieter het besef dat Ohrigstad vir suksesvolle handel met Delagoabaai ongunstig geleë was. Omdat die nedersetting ook nie vir suksesvolle veeboerdery geskik was nie en omdat die malaria reeds 'n aansienlike aantal slagoffers geëis het, het die gedagte by hom posgevat om met sy volgelinge self die Ohrigstadse nedersetting permanent te verlaat, waarvoor die voorgenome tog na Inhambane as voorbereiding moes dien.

Potgieter het dan ook op 12 Junie 1847 aan die hoof van 230 manskappe na die noorde vertrek en na 'n afwesigheid van drie maande weer te Ohrigstad aangekom, na 'n skermutseling met Mzilikazi ver noord van die Limpopo en sonder dat daarin geslaag kon word om Inhambane te bereik. Potgieter het tydens hierdie tog die geleentheid gehad om aan die hang van die Soutpansberg 'n geskikte terrein vir die uitlê van 'n nuwe dorp uit te soek en het nou gereed gemaak om daarheen te verhuis. Die trek het Ohrigstad vroeg in 1848 verlaat op pad na die Olifantsrivier. Potgieter het die trek hier onder toesig van Jan Valentyn Botha gestel en self met 'n paar volgelinge na Potchefstroom afgereis, weer oor Ohrigstad teruggekeer en sy

trek na Soutpansberg gevolg waar hy 'n nuwe nedersetting, Schoemansdal, aangê het.

Vir Ohrigstad het hierdie uittog van Potgieter en sy mense geen heil ingehou nie aangesien die getal agterblywendes alreeds op 'n handjie vol gereken kon word. Vir die volksraad het hierdie toestand 'n netelige probleem geskep want in weerwil van die onveiligheid van die verswakte nedersetting teenoor die dreigende swart gevaar, het nog heelwat meer van die inwoners wat nie veel simpatie met die volksraadsparty gehad het nie hulle gronde verlaat en na die weste verhuis. Die raad het hulle twee maande kans gegee om terug te keer of anders sou hul plase aan ander toegeken word.

Die volksraad het gevrees dat nog meer persone *om onveiligshalve verpligt zullen zyn dat alhier te verlaten* en het gevolglik besluit om die ontvolkte gebied vir bewoners aan die voorposte oop te stel, ten einde die nedersetting weer te beveilig. Die raad het al self begin wanhoop aan die toekoms van Ohrigstad maar was nietemin nog vasbeslote om die nedersetting te *blyven vast houden zolang dat immer mogelyk is*.

Teen April 1848 het daar nog steeds berigte van mense wat gereed gemaak het om te trek die volksraad bereik, sodat besluit is om 'n algemene byeenkoms van die inwoners op te roep *om de verwarring onder het publiek voortekoomen en voor de beste veiligheid te waken*. Die dorp self is deur die trekkery in so 'n weerlose toestand gelaat dat veiligheidsontalwe aan almal wat gewillig was toestemming verleen is om die verlate erwe te kom bewoon en te bewerk.

Ten einde die kern van getroues nog beter te sentraliseer, is aan persone wat meer as vier uur te perd van die dorp af gewoon

het, vryheid verleen om hulle plase te laat verval en om binne die bepaalde grenslyn ander plase te kom uitsoek, mits hulle gewillig was om op hierdie gronde of op die dorp self te kom woon.

Strydfontein, die plaas van kommandant Potgieter, het eweneens verval en is *tot een colonies plaats ingetrokken*. Die publiek het die reg verkry om van hierdie en ander vervalle plase tydelik vir eie voordeel gebruik te maak.

Selfs van die getroustes het aan die belange van die nedersetting ontrou geword want in April 1848 het drie van die volksraadslede self Ohrigstad verlaat. Daar was toe nie meer genoeg geskikte persone beskikbaar om die vakatures weer aan te vul nie..

Gevolglik het Ohrigstad na Potgieter se verhuising na Soutpansberg al hoe meer 'n sukkelbestaan begin voer deurdat Jacobus Burger met sy volksraadsgroep in 'n groot mate magteloos aan hulleself oorgelaat was. Klein in getal, omring deur talryke vyandige naturellestamme en menigmaal in die hoop op 'n florerende handel met die buiteland bedroë, het hulle verarming en agteruitgang in die gesig gestaar.. Hulle het nog steeds gehoop dat Smellekamp spoedig sou opdaag en het só reikhalsend na sy koms uitgesien dat 'n mens die indruk kry dat hulle geglo het dat sy teenwoordigheid alle probleme sommer in 'n oogwenk sou wegtower. Onderwyl die maande vrugteloos verbygesleep het, het hulle mekaar oor die mislukking begin verwyte toeslinger en in 'n toestand van moedeloosheid verval.

Die somer van 1848-1849 het aangebreek en 'n hewige malaria-epidemie het weer eens sy verskyning gemaak.

Na aanleiding van berigte wat Andries Pretorius te Magaliesberg bereik het, het hy aan ds Faure op 4 Maart 1849 geskrywe: *Wy moeten u met droefheid mededeelen dat d(e) geele koorts met het schyden des somers.....heeft gewoed te Origstad en zelfs te Zoudpansb(erg). Er is rykelyk menschen gestorven.*

WJ Grobler het aan sy neef te Magaliesberg geskrywe: *De koorssiekte is fan dit jaar feel erger als anders. Hier is verschy(dene) gestorfen.....Myn schoonmoeder en broer Jan du Pree en een fan zyn soons is doot en ben nog feel sieken.*

In 'n brief van Jacobus Burger aan Jacob de Clercq meld hy die erns van die toestand met hierdie woorde: *Het gaat hier in de ronte ellendig met de trekken en sterfgevallen.* In Mei 1849 is Burger self aan die gevreesde malaria oorlede.

Dit word beweer dat daar naderhand selfs drie persone in een graf begrawe moes word en dat daar soms niemand was wat die dooies kon begrawe nie. Te Ohrigstad lê daar 47 grafte, by Nooitgedacht 12 en naby die samevloei van Steelpoort- en Spekboomrivier 46, terwyl op elke plaas ongeveer 'n halfdosyn grafte die laaste rusplaas van die slagoffers van die epidemie aantoon.

Onderwyl die sterfgevalle toegeneem het, het die oorblywendes alreeds begin om al hul besittings op te pak en suidwaarts na 'n hoërliggende streek, waarvan Krugerspos die sentrum was, weg te trek. 'n Rukkie later, gedurende Augustus 1849, het landdros Versfeld sy kantoor ook na Krugerspos verskuif. en spoedig was die dorpie Ohrigstad geheel en al verlate. Die paar winkels, die goewermentskantoor, die halfklaar kerk, die tronk

en die stuk of 40 woonhuise het daar bly staan tot diens van die naguile, slange, vlermuise en spinnekoppe.

Op 19 September 1849 het die volksraad op Krugerspos byeengekom en nog dieselfde dag besluit om 'n nuwe dorp, nog meer suidwaarts op die plaas Boshok, Waterval en Enkeldoorn, wat aan A Fick, J Malan en P Schoeman onderskeidelik behoort het, op te rig. Die genoemde eienaars sou vergoeding vir die verlies van hulle plase ontvang in die vorm van "regte" en erwe op die nuwe dorp en uitbetaling van verbeteringe op die plase aangebring. 'n Kommissie is benoem om voorsiening te maak vir die aanleg van 'n watervoor, die uitmeting van erwe en strate, uitsoek van geskikte plekke vir 'n kerk, 'n "kantoor" en 'n markgebou en die verkoping van erwe aan die hoogste bieders.

Die volgende dag, 20 September, het die volksraad besluit om die nuwe dorp met die naam *Leidenburg* te doop en om fondse in te samel *om eenen gebou opterichten op het nieuw dorp om de goddienst uitte oefenen.*

Nadat 'n begin gemaak is met die aanleg van die watervoor is daar bevind dat die beskikbare watervoorraad nie genoeg was om in die behoeftes van 'n dorp te voorsien nie. Daarom het die volksraad op 23 Januarie 1850 te Potchefstroom besluit om die drie plase weer aan hul vorige eienaars terug te gee en om die plaas Rietspruit wat aan Johannes Coetzer behoort het vir die uitleg van die dorp te gebruik.

Daar is weer met haas voorbereidings getref vir die oprigting van 'n "pale huis"-kantoor en die anlê van water na die terrein, sodat in Mei 1850 die uitleg van die dorp alreeds so ver gevorder het dat die volksraad daar kon byeenkom.

Versoeningspogings

By die sitting van die volksraad te Potchefstroom is daar alreeds op 16 Oktober 1850 gepraat van *den hoofdplaats Lydenburg* en was hierdie dorp *tegen den breeden bergrug.....op eene tamelyk uitgestrekte grasvlakte.....dat den naam verkreeg van het lyden aan de geele koorts door onze landgenooten te Ohrigstad doorgestaan*, bestem om in die eersvolgende jare 'n belangrike rol in die wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek te speel..

'n Tydgenoot soos ds Van der Hoff het egter nie al te gunstig in 1854 oor die toestand en vooruitsig van hierdie nedersetting aan professor Lauts gerapporteer nie: *Lydenburg dat zoo fraai als hoofdplaats in de brochure van de Amsterdamche Commissie prykt, is een ellendig nest; 10 à 12 huizen of liever hutten, ter nauwernood voor de helft bewoond, van hier byna ongenaakbaar door de hooge en klipperige berg ruggen; enfin een nest, dat even als Ohrigstad schynt opgegeven te zullen worden: men bood my althans een erf aldaar te koop voor een pond, en hier te Mooirivier moet men van 35 tot 70 pond betalen.*

Lydenburg het in elk geval nou die plek en status ingeneem wat Ohrigstad voor die verlating beklee het, naamlik die setel van die regering van die Voortrekkerstaat, waarvandaan die aanhangers van die volksraadsparty onder nuwe aanvoering van HT Bührmann, C Potgieter en WH Jacobs, na Jacobus Burger se dood, probeer het om hierdie ontvolkte geweste sy bevoorregte status te laat behou.

Aan die begin van 1848 het dit geskyn asof daar maar min hoop bestaan het dat die verspreide en twistende groepe emigrante noord van die Vaalrivier in 'n nouer eenheidsband saamgetrek sou word. Daar is reeds aangetoon dat met die ontvolking van Ohrigstad die aantal inwoners in die omgewing van Potchefstroom en Magaliesberg weer heelwat vermeerder het, aangesien die getal ook aangevul is deur Trekkers uit die deur Engeland verowerde Natal. As gevolg van die afwesigheid van Potgieter in hierdie streek het hierdie groep emigrante hulle nie as onderhorig aan sy gesag beskou nie en was hulle dus eintlik leierloos. Die invloed wat die Ohrigstadse volksraad op hierdie streek uitgeoefen het, was maar baie onbeduidend omdat hulle aandag grotendeels deur die swart gevaar en mislukte handelstryd in beslag geneem is, soos alreeds beskryf is.

Na Potgieter se verhuising na Soutpansberg het die volksraadsparty nog enige maande lank die haat teen eersgenoemde sterk aangeblaas maar uiteindelik moes die kookpot tog maar afkoel omdat die hoofkommandant self nie daar was om aanleiding tot nuwe onenighede te gee nie.

Ten spyte van die rusies was die drang tot eenheid egter ook steeds lewendig, selfs by die volksraadsparty, soos gesien kan word in die oproep van JJ Burger aan die publiek om bymekaar te kom om te sien of daar nie *verandering en verbetering....waar door vereeniging onder ons en daardoor versterking kan geboren worden*, bewerkstellig kan word nie.

Tot op hierdie stadium was die groepe wat deur die onenigheid en skeuring in groot mate geraak is, nog hoofsaaklik tot die volksraadsparty en Potgieter-groep beperk. Albei partye het,

soos in hoofstuk 3 aangetoon is, gedurende die eerste fase van die struweling heelhartig na die koms van Smellekamp verlang omdat hulle hom in staat geag het om 'n oplossing vir al die probleme te verskaf. Omdat Smellekamp getalm het om te kom, het die twee partye se eie geesdrif en verlange om die geskille by te lê, gaandeweg verflou en is die verdeelde toestand met die verhuising van Potgieter na Soutpansberg as 'n onvermydelike euwel aanvaar.

Smellekamp het per brief vanaf Delagoabaai in Julie 1848, nadat hy met die *Animo* anker gewerp het, die hoop weer laat opvlam met die woorde: *.....ik twyfel geenszins, indien men elkander wel begrypen wil, dat best alle deze onaangenaamheden uit de weg te ruimen zyn, waartoe ik volgaarne met myne besten raad wil bystaan, waarom ik UEd. verzoek.....naar hier te komen, ten einde daarover te beraadslagen.....*

Al bydrae tot die oplossing van die probleme wat hy egter kon lewer, was om HT Bührmann, 'n kantoorkneg van Amsterdam wat een van die passasiers op die *Animo* was, na die Trekkers te stuur *om de betrekking van Schoolmeester by u te vervullen*. Daar is geen aanduiding dat Smellekamp Bührmann as arbiter in sy plek aangestel het nie, alhoewel Bührmann self daarop aanspraak gemaak het dat Smellekamp hom *in zyn plaats benoemd had*.

Met hierdie doel voor oë het Bührman daarin geslaag om Ohrigstad te bereik en het onmiddellik begin om uitvoering aan sy planne te gee.

Intussen was die koms van Andries Pretorius na Transvaal daarvoor verantwoordelik dat gaandeweg 'n nuwe indeling van groepe noord van die Vaalrivier ontwikkel het. Kort nadat

Pretorius besluit het om sy plaas Welverdiend in Natal te verlaat omdat hy dit daar nie meer onder die Engelse bewind se natuurlikebeleid kon uithou nie, het sir Harry Smith op 3 Februarie 1848 vanaf die Tugelarivier die proklamasie uitgevaardig wat die hele Vrystaatse gebied onder Britse beheer geplaas het.

Pas vantevore het Pretorius nog planne beraam om Natal weer te gaan bevry, maar na die anneksasie van die Vrystaat het hy onmiddellik begin organiseer om hierdie gebied weer te ontset en het die hulp van die Ohrigstadse volksraad ingeroep.

Hierdie verwickelinge het Hendrik Potgieter ook na Potchefstroom laat kom waar die twee leiers albei teenwoordig was op 'n vergadering wat op 15 Mei 1848 gehou is. Potgieter het die sienswyse gehuldig dat Smith die Vrystaat geannekseer het as gevolg van Andries Pretorius se bemoeiinge met die Engelse en 'n beleid van nie-inmenging voorgestaan om te verhoed dat Transvaal miskien ook geannekseer kon word.. Potgieter se sienswyse het op hierdie vergadering geseëvier, maar nogtans het Pretorius 'n paar maande later die gewapende opstand in die Vrystaat aangedurf wat met die mislukte slag te Boomplaas geëindig het. Met hierdie gebeurtenis het Pretorius hom onder andere die misnoeë van WH Jacobs, die gewese landdros van Winburg, op die hals gehaal omdat Jacobs sy eiendomme verloor het en genoodsaak was om Transvaal toe te vlug aangesien die Engelse hom saam met Pretorius as die sondebok en oorsaak van die onluste gebrandmerk het. Jacobs het op Ohrigstad gaan woon en het die volksraadsparty teen Pretorius beïnvloed.

Die Boomplaas-voorval het die verhouding tussen die twee Voortrekkerleiers, Potgieter en Pretorius, nog verder versleg.

Pas na die anneksasie van die Vrystaat het sir Harry Smith al probeer om die twee leiers teen mekaar te laat uitspeel, met die hoop dat Potgieter die meeste invloed sou verwerf, ten einde Pretorius skadeloos te stel. Deurmiddel van korrespondensie tussen Potgieter en Smith het die goewerneur nou na die slag van Boomplaas 'n poging aangewend om Potgieter aan die hoof van die Voortrekkergemeenskap noord van die Vaalrivier te stel, onder 'n *liberale goewerment* onder Britse beheer.

By die onderhandelinge wat daarna tussen Potgieter en Southey, as Smith se verteenwoordiger, aan die Vaalrivier plaasgevind het, was Bührmann ook teenwoordig. Potgieter het nie kans gesien om so 'n beperkte onafhanklikheid vir Transvaal te aanvaar nie. Hy het saam met Bührmann na Potchefstroom teruggekeer, waarna aan die publiek oor die onderhandelings met die Engelse verslag gegee moes word.

Bührmann het nou ook weer geleentheid gehad om met sy selfopgelegde taak van vredemaker voort te gaan. Hy het dusver nog met Potgieter se sienswyse in sake staatsake akkoord gegaan en Andries Pretorius se handelwyse veroordeel.

Bührmann het alreeds kort na sy aankoms te Ohrigstad in Oktober 1848 na Soutpansberg gereis, waar hy aan Potgieter te kenne gegee het dat die mense van Ohrigstad begerig is om die ou geskille by te lê en om met Soutpansberg te verenig. Hy het toe alreeds 'n paar voorstelle op skrif gestel wat as basis vir die voorgestelde vereniging moes dien en het hulle aan die Soutpansbergers vir kommentaar voorgelê, te wete: Alle partye moes gewillig wees om die ou struweling en die daade wat daaruit voortgespruit het, te vergewe en te vergeet en bereid wees om die volksraad as hoogste gesag in die republiek te

erken. Verder moes Potgieter onder die gesag van die volksraad hoofkommandant bly, *om de zaak te bevorderen*.

Potgieter en sy mense het egter na rype oorweging geaarsel om hul goedkeuring aan twee van die artikels te heg omdat dit moeilik was om te vergeet dat die volksraadsparty hulle plase te Ohrigstad gekonfiskeer het en omdat hulle hierdie misdryf nog nie kon vergewe nie. Bührmann het die volksraad aangeraai om die vervalde plase ter wille van die vrede weer aan hulle vorige eienaars terug te gee en het die volksraadsparty se aandag ook daarop gevestig dat dit onregverdig en ook 'n groot belediging vir Potgieter sou wees indien sy hoofkommandantskap hom ontnem sou word, al was hy miskien nie meer geskik vir die amp nie.

Nietemin was Potgieter tot onderhandeling geneë en het hy die volksraad uitgenooi om 'n vergadering aan die Olifantsrivier te kom bywoon, waar kalm oor die wegruiming van die moeilikhede gepraat kon word.

Bührmann het ook agtergekom dat die Potgieter-aanhangers die volksraadsparty daarvan verdink het dat hulle Pretorius in sy handelinge met die Engelse ondersteun het en dat die volksraad-aanhangers Potgieter weer van samewerking met Pretorius verdink het. Hy het sy bes gedoen om hierdie twee wanbegrippe by die twee partye uit die weg te ruim.

Hierna is Bührmann saam met Potgieter na die suide om te sien of hy nie met die onderhandelinge met die Kaapse goewerneur 'n handjie kon bysit nie. Die eerste geleentheid wat hy daarna gekry het om weer versoeningspogings tussen die verskillende groepe aan te wend, was vroeg in Februarie 1849, onderwyl hy

besig was om by die mense van Magaliesberg rond te kuier en die eenheidsaak te propageer.

Op 9 Februarie 1849 is 'n groot vergadering te Hekpoort gehou waar Potgieter verslag gedoen het van die uitslag van sy sending na Southey. Op hierdie vergadering het die byeengekome publiek die beperkte onafhanklikheid wat die Engelse hulle aangebied het, geheel en al verwerp.

Andries Pretorius was ook op hierdie vergadering saam met Potgieter en Bührmann teenwoordig. Omdat Bührmann gedurende die kort periode wat hy hom onder die Transvalers bevind het reeds veel agting by die gemiddelde Trekker verwerf het en dit hom ongetwyfeld na die hoof gestyg het, het hy gekrenk gevoel dat Pretorius hom nie ook op die hande gedra het nie. Bührmann het hom tewens ook die reg aangematig om op hierdie vergadering Pretorius te betig oor sy opstand teen die Engelse in die Vrystaat en Pretorius het beloop om in soortgelyke toestande nie weer soiets te doen nie.

Ongelukkig is met hierdie voorval 'n twis ontketen wat geen heilsame invloed op die vredes pogings uitgeoefen het nie. Bührmann het verklaar dat Andries Pretorius hom geweldig gehaat het maar hy het ook erken dat hy Pretorius baie verwyt en beskuldig het.

Tydens die vergadering het die publiek besluit dat die tyd ryp was om 'n einde aan die óu onenighede te maak en dat daar 'n sterk regering opgerig moes word, met die volksraad as hoogste gesag en dat alle offisiere en amptenare daaraan gehoorsaam moes wees. Potgieter het sy goedkeuring aan hierdie besluit geheg en daarna na Soutpansberg teruggekeer, nadat ooreengekom is om op 20 Maart 1849 'n vergadering aan die

Olifantsrivier by Van der Merwedrif te hou waar al die groepe in die republiek teenwoordig moes wees ten einde *de zoo lang gewenste vereeniging tot stand te brengen.*

Bührmann het in die Magaliesberg-omgewing agtergebly om Pretorius se invloed teë te werk omdat hy bang was dat laasgenoemde net sou wag *tot ik van hier ben om te zien of hy niet het een of ander op kan werken om de twist weder aan de gang te brengen.*

Soos begryp kon word, het Bührmann se beledigings en die feit dat hy hom aan Potgieter se kant geskaar het wat staatkundige opvattinge betref, veral in sake die Trekkers se verhouding met Engeland, glad nie daartoe bygedra om Pretorius se toegeneentheid tot laasgenoemde twee persone te laat toeneem nie. Hy skrywe byvoorbeeld op 12 Februarie 1849: *Het komt my voor of den Hollander ons allen onder den Commandantschap van Potgieter wilt bringen, maar dat zal hy van my niet gedaan krygen. Ik en de myne wil onder een onpertydigen Volksraad staan, maar nooyd onder Potgieter.*

Maar dat Pretorius baie sterk vir vereniging van alle groepe gestaan het, blyk duidelik uit sy skrywe aan ds Faure in Maart 1849: *Voorts kan ik U.E.W. met blydschap zegge dat de zeer noodzakelyke eengezindheid onder ons sterk toeneemt, zoodat hier tans weinig onder ons gevonden worde die niet eensgezind ben. Myne groo(t)ste tegenstanders is nu byna myn beste vrinden.*

Nieteenstaandie die ontketende twis tussen Bührmann en Pretorius het dit dus op hierdie stadium geskyn of daar geen groot struikelblokke meer in die weg van algehele eenheid gelê het nie. Afgesien van die verskil in mening by die twee

Voortrekkerleiers aangaande optrede teenoor die Britse owerheid was altwee nou gewillig om hulle aan die gesag van 'n sterk sentrale regering, naamlik 'n volksraad, te onderwerp. Daar was nog maar een groep wat weens tuisprobleme en die aard van hulle afsondering nog geen bydrae tot verwerwing van eenheid gemaak het nie. Bührmann het die Ohrigstadse volksraad volledig ingelig oor die Hekpoortse besluite en hulle uitgenooi om die vergadering aan die Olifantsrivier te kom bywoon.

Die volksraad het laat weet dat hulle *niets meer wenschen dan een algemene vereniging met alle uitgewekene Emigranten*, maar die feit dat Pretorius en Potgieter hulle met die Engelse gaan bemoei het, was volgens dié party regstreeks teen die raadgewing en bevele van Smellekamp en voordat laasgenoemde nog nie opgedaag het om die regte leiding te gee nie het hulle nog nie kans gesien om enigiets met die verenigingspogings te doen te hê nie. Hulle het ook nie kans gesien om met so'n kort kennisgewing betyds gereed te wees om die vergadering aan Olifantsrivier by te woon nie. Benewens hierdie beswaar was hulle ook bevrees om hul families weerloos op die dorp en plase agter te laat.

Ondertussen was Bührmann ywerig en met geesdrif doenig. Al het hy gedurende sy sesmaandelange verblyf in Transvaal nog geen stuiwer as skoolmeester verdien nie en geen vaste woonplek gehad nie, het hy hom met die gedagte gevlei dat dit alles gedoen word ter wille van die *zeer verdrukte volk, het welk door vele misleiding in oneenigheid was*. Volgens hom was sy taak reeds amper afgehandel.

Uiteindelik het die volksraad dit tog oorweeg om miskien 'n deputasie na Olifantsrivier te stuur, maar toe die vergadering op

22 Maart aldaar byeengekom het, was hulle tog nie teenwoordig nie.

Die byeengekome publiek het weer eens besluit dat 'n volksraad voortaan die hoogste gesag sou uitmaak en dat geen persoon ooit weer as enkeling met groter gesag as die volksraad beklee sou word nie. Alle amptenare en offisiere sou aan die raad onderdanig moes wees. Potgieter word vergun om hoofkommandant te bly totdat hy eendag ontslaan sou word weens ouderdom, siekte of ander oorsake maar daarna sou daar geen hoofkommandant meer aangestel word nie.

Voorts is daar ook besluit om 'n buitengewone hof saam te stel wat al die ou twiste moes ondersoek en die skuldiges moes straf..

Die saak moes nou nog net met Ohrigstad in die reine gebring word om die vereniging volkome te maak. Sommige inwoners van Ohrigstad se omgewing het die byeenkoms bygewoon en hulle goedkeuring aan die besluite geheg. Die ooreenkoms is deur 90 persone onderteken, waaronder ook die handtekening voorkom van WH Jacobs, HT Bührmann en AH Potgieter. Soos te begrype is, was Andries Pretorius nie op hierdie vergadering teenwoordig nie..

Daar word beweer dat Bührmann op die vergadering 'n baie aanmatigende houding ingeneem het en die Ohrigstadse volksraad en ook Potgieter verwyt het dat hulle net hulle eie belange probeer bevorder het. Hy het homself glo hoog aangeprys en daarop aanspraak gemaak dat hy die kroon bo Potgieter se hoof gehou het deur hom as hoofkommandant te laat aanbly. Na ondertekening van die besluite het hy verklaar dat hy al sy kragte sou inspan om Potgieter *onder te bring*, met

die gevolg dat laasgenoemde hom vererg het en sy handtekening op die ooreenkoms teruggetrek het. Potgieter is daarop met sy gevolg na Soutpansberg terug, waarop hy hom andermaal afgesonder het.

Met die Olifantsriviervergadering is ook besluit om 'n deputasie bestaande uit vyf lede waaronder ook Bührmann en WH Jacobs was, na Ohrigstad te stuur om die volksraad tot vereniging te gaan oorhaal. Met uitsondering van JJ Burger wat die saak uitgestel wou hê totdat Smellekamp sou opdaag, het al die ander persone wat by die samesprekings teenwoordig was hul goedkeuring aan die Olifantsrivierbesluite geheg en toegestem om die eerste sitting van die nuwe volksraad te Derdepoort, die plaas van Roelof Jansen, op 22 Mei 1849 by te woon, onder voorwaarde dat vir elke drie sittings van die raad, twee daarvan te Ohrigstad moes wees en een te Derdepoort. Ohrigstad sou ook die reg hê om die helfte van die volksraadslede te kies maar het voorgestel dat uit *het publiek van voren 2 delen meer gekozen worden daar ieder rys de helft van te Ohrigstad kunnen persent zyn*. Daarbenewens moes Ohrigstad ook die *hoofd plaats* van die verenigde republiek bly.

Jacobus Burger wat teen die vereniging was, het 'n hele paar griewe gekoester naamlik dat Pretorius en Potgieter hulle in weerwil van Smellekamp se vermanings bemoei het met gronde waarop die Britse regering aanspraak gemaak het. Hy kon ook nie begryp hoe die *schoolmeester* Bührmann nou skielik in 'n *Commissaris* ontpop het nie want Bührmann het geen opdrag van die Ohrigstadse volksraad gehad om hom met hierdie sake in te laat nie en hy kon ook nie bewys dat Smellekamp hom in sy plek as arbiter aangestel het nie.

Die mening word gehuldig dat Burger se gramskap te wyte was aan die feit dat hy in die nuwe, meer verteenwoordigende volksraad nie meer oor dieselfde magsposisie en invloed sou beskik as wat hy homself tot dusver toegeëien het nie.

Kort daarna is Burger aan malaria te Ohrigstad oorlede en sou daar dus uit hierdie geweste nie meer struikelblokke in die weg na eenheid gelê word nie. Daarna het ook die idee van 'n reddende Smellekampshand stadigaan weggekwyn.

Op 23 Mei 1849 het al die belangstellendes in die republiek toe te Derdepoort vergader om die vereniging finaal te beklank. Hendrik Potgieter het nie opgedaag nie en die pasverkose volksraad het besluit om hom "aan te skryf" om by die volgende sitting van die raad wat gedurende September 1849 te Krugerspos sou plaasvind, te verskyn, ten einde alle verskille uit die weg te ruim.

Die volksraad het sitting geneem met ses Ohrigstadse lede teenwoordig en vyftien ander nuutingesworenes. Die 33 Artikels is eenparig as grondwet aanvaar en daar sou elke vier maande 'n sitting van die volksraad plaasvind. Daar is verder besluit om 'n *Commissie Raad* van vyf lede in die lewe te roep wat in dringende gevalle noodsaaklike besluite kon neem gedurende tye wanneer die volksraad nie sit nie, op voorwaarde dat die besluite later deur die volksraad beskragtig moes word. Andries Pretorius is as voorsitter van die vergadering gekies en het in sy toespraak 'n kragtige pleidooi gelewer vir vrede en eensgesindheid onder mekaar.

Engelbrecht beweer dat Pretorius vooraf verneem het dat Bührmann siek was en gevolglik die vergadering nie sou kon bywoon nie en daarom die vrymoedigheid gehad het om op die

byeenkoms teenwoordig te wees terwyl Potgieter nie van Bührmann se ongesteldheid geweet het nie en om daardie rede nie opgedaag het nie.

Nietemin het op die vergadering van Derdepoort tog, ten spyte van die feit dat Potgieter en die Soupansbergers nog 'n afsydige houding ingeneem het, die langbegeerde vereniging tot stand gekom met die oprigting van 'n volksraad wat die bevolking van die Suid-Afrikaanse Republiek redelik goed verteenwoordig het. Die volk het voortaan gaandeweg geleer om die volksraad as hoogste gesag te erken en laasgenoemde het spoedig van sy eie waardigheid en hoë roeping bewus geraak en al hoe meer vasberade geword om sy gesag te handhaaf.

Tydens die raad se volgende sitting te Krugerspos in September 1849 is daar dan ook besluit dat daar 24 volksraadslede sou wees, twaalf lede vir Ohrigstad en twaalf vir die ander dele van die republiek. Ohrigstad of Lydenburg sou die "hoofd plaats" bly. Planne vir die aanlê van laasgenoemde dorp was toe alreeds in wording.

Potgieter het hom aan die brief van die volksraad vanaf Derdepoort geskrywe gladnie gesteur nie en nie te Krugerspos opgedaag nie. Daar moes iets aan die saak gedoen word en aanvanklik het die raad besluit om Potgieter en sy *colegen* deur middel van wapengeweld onder aanvoering van Adriaan Standers te gaan haal om verantwoording vir hul dade te kom doen. Die raad het hom egter bedink en besluit om Potgieter, Jan Valentyn Botha, HJ Potgieter, Andries Combrink, Frans van Dyk, Nicolaas Snyman en Jacobus Breet te dagvaar om in Januarie 1850 voor die hof van Landdros en Heemrade te verskyn om te kom rekenskap gee waarom die Olifantsrivierse

besluit nie nagekom is nie. Voorts is besluit om Soutpansberg te blokkeer. *Alle commenecatie, zoowel handel als anderzints, ten stelligste is belet.* Persone wat hierdie maatreël verontagsaam sou swaar gestraf word.

Ten einde 'n moontlike herhaling van die vroeëre hoofkommandant-volksraadstryd te voorkom, het die raad ook nog besluit dat die veldkornette in hulle wyke moes toesien dat geen vergaderings met die doel om 'n hoofkommandant of 'n kommandant-generaal te kies, gehou word nie en 'n dag of wat daarna is bogenoemde amp geheel en al afgeskaf.

Hieruit blyk dat daar nog steeds gevrees is dat Pretorius miskien bogenoemde magsoosisie kon verower en weer met die Engelse kon gaan heul. Op die vergadering het 'n soort versoening tussen Pretorius en Bührmann plaasgevind, waartydens eersgenoemde moes belooft om *afstand te doen van alle bemoeing over de zes en twintigste graad.*

In al hierdie bepalings is die volksraad stellig gelei deur die Ohrigstadse afdeling van die raad wat hiermee nie net probeer het om Andries Pretorius teë te werk en enige moontlike aksie van sy kant af te kortwiek nie, maar hiermee ook 'n poging aangewend het om aan Ohrigstad 'n bevoorregte status in die groter republiek te besorg. Vandaar die bepalings in sake verdeling van die aantal volksraadslede, sittingstye en die naarstiglike vasklewing aan Ohrigstad as hoofplaas. Op hierdie stadium was Ohrigstad se bevolking alreeds so skraal dat daar geen regverdiging vir hierdie eise gevind kan word nie. Buitendien het die volksraad ook nie besef dat die uitgestrektheid van die republiek 'n sterk uitvoerende gesag in die persoon van 'n kommandant-generaal noodsaaklik gemaak het nie.

Die jaar 1850 het aangebreek sonder dat daar veel vordering met die oplossing van die bestaande probleme gemaak is. Pretorius het sat geword vir beledigings wat voortdurend na sy hoof geslinger is, soos dié van die weduwee van Thomas Dreyer wat hom daarvan beskuldig het dat dit aan sy lafhartigheid te wyte was dat haar man tydens die Boomplaasslag gesneuwel het. WH Jacobs het, soos vroeër uiteengesit is, voortgegaan om teen hom te agitêr na aanleiding van die Vrystaatse gebeurtenisse totdat Pretorius hom naderhand genoodsaak geag het om 'n lastergeding teen Jacobs aan die gang te sit wat egter nie veel vrug afgewerp het nie. Jacobs het intussen lid van die volksraad geword en Pretorius hier nog verder opdraande gegee.

Die onenigheid tussen laasgenoemde en Bührmann het, ten spyte van die sogenaamde versoening te Krugerspos nog glad nie ten einde geloop nie. Alhoewel Stuart beweer het dat die publiek *letterlyk verblind waren in hun gevoelens omtrent de kennis, de magt en den invloed van Bührmann*, het hulle teen hierdie tyd sake al weer in die regte perspektief begin sien en hul verontwaardiging uitgespreek oor die feit dat 'n vreemde persoon soos Bührmann toegelaat word om Andries Pretorius so te beledig.

Aangesien WH Jacobs as lid van die volksraad en mondstuk van die Ohrigstadse groep en Bührmann as sekretaris van die raad vanaf Januarie 1850 vir Pretorius die wêreld moeilik gemaak het, het hy as volksraadslid bedank en is dit begryplik dat daar gaandeweg tussen hom en Potgieter weer toenadering sou kom.

Potgieter het hom glad nie aan die dwangmaatreëls wat op hom toegepas is, gesteur nie en die volksraad was magteloos. In November 1849 het C Rabe vanaf Soutpansberg aan Pretorius geskryf dat hulle verneem het dat laasgenoemde op las van die volksraad na Soutpansberg sou kom maar dat hy verhinder is. Hy het Pretorius hartlik uitgenooi om wel te kom en het verklaar dat Potgieter en die hele Soutpansbergse gemeenskap hereniging begeer maar dat Potgieter alleen verlang om teen Bührmann se beledigings beskerm te word.

'n Rukkie later het Potgieter self 'n brief aan Pretorius gerig nadat Rabe 'n gunstige antwoord van Pretorius ontvang het, waarin laasgenoemde van Bührmann se beledigings teenoor hom melding gemaak het. Potgieter het geskryf dat hy lankal begerig was om *mond aan mond* met Pretorius te praat maar die geleentheid nie kon vind nie. Sy afsydige handelwyse het hy verklaar deur na Bührmann te verwys: *Wie kon onder een maatschappy buigen waar zoo een perzoon de heerschende magt in zyne handen neemt en als een dwingeland wil regeren.....die onder een schyn van vredelievendheid de grootste tweedracht zaaid.....Waarom moeten wy ons nog langer van een dolsinnige Hollander by de neus laten leiden en (zo) veel insolentien van hem verdragen?*

Pretorius kon egter nie geleentheid vind om die aangebode samewerking met 'n besoek aan Soutpansberg te gaan beklink nie omdat hy voorlopig al sy aandag aan die kommandant-generaalkwessie gewy het.

In weerwil van die feit dat die volksraad hierdie amp afgeskaf het, het 168 persone die volksraad in Januarie 1850 versoek om Pretorius in hierdie amp aan te stel. Die raad het besluit om eers die gevoelens van die publiek te pols voordat 'n beslissing

gevel sou word. Gedurende die volgende drie maande is lyste ingesamel met handtekening wat die saak moes beslis. Bührmann was hiermee ywerig besig in 'n poging om soveel moontlik handtekeninge teen die instelling van die kommandant-generaalskap te bekom. Gevolglik het die volksraad bevind dat die meerderheid van die republiek se inwoners daarteen was en het weer eens besluit dat *zodanig een perzoon nimmer mogen aangesteld worden of het moet op een kommissie of kommando noodzakelyk bevonden worden, en dan ook niet langer als hetzelfde duurt.*

Swart onluste in die Maricodistrik het die raad egter laat besef dat die doeltreffendheid van die staatsmasjinerie in oorlogstyd onbevredigend was as gevolg van die afwesigheid van 'n uitvoerende gesag en het toe vier kommandante aangesê om die saak op te los. Moontlik het hierdie gebeurtenis ook daartoe bygedra om die volksraad in Oktober 1850 te laat besluit om Andries Pretorius in tydelike hoedanigheid as kommandant-generaal aan te stel en weer die gevoelens van die publiek te pols in sake permanente instelling van hierdie amp.

Nadat kieslyste ingesamel is, het die volksraad in Januarie 1851 te Elandsrivier vergader en omdat die raad huiwerig was oim self 'n beslissing te vel, het hy dit gelaat in die hande van die krygsraad, bestaande uit die twee landdroste, die kommandante en veldkornette wat wyslik besluit het om maar liever vier kommandant-generaals aan te stel, naamlik WF Joubert vir Lydenburg, AH Potgieter vir Soutpansberg, AWJ Pretorius vir Magaliesberg en 'n gedeelte van Marico en JA Enslin vir die ander deel van Marico, *doch wel te verstaan alle onder het gezag en instrukties van den Eedele Volksraad.*

Die raad was eers huiwerig om die aanbeveling ten opsigte van Potgieter goed te keur omdat hy nie teenwoordig was nie maar het dit tog aanvaar onder voorwaarde dat Potgieter by die volgende raadstting teenwoordig moes wees *om zig onder den staat in te willigen en zyn post te moge aanneemen.*

Met die aanstelling van kommandant-generaals is nog 'n stappie gevorder in die rigting van sentralisasie van die republiek. Veral het dit Andries Pretorius in staat gestel om sy staatkundige oogmerke te verwesenlik..

Sir Harry Smith en majoor Warden het baie lus gehad om die hele Afrikaanse grondgebied tot aan die ewenaar te annekseer, maar Londen wou nie soveel onkoste aangaan nie en het begeer dat die inboorlingstamme liever self teen die republikeine in opstand moes kom. Die Britse regering het egter geen beswaar gehad om voorlopig tot aan 25 grade suiderbreedte te annekseer nie, indien 'n doeltreffende militêre mag beskikbaar gestel kon word.

Pretorius het gedurig op hoogte gebly met gebeurtenisse suid van die Vaalrivier. Hy het besef dat Transvaal in sy verhouding met die Engelse 'n krisis tegemoet gaan. Die hoofbrekens wat Mosjes, Panda en die Soewereiniteitse republikeine aan die Engelse regering besorg het, het Pretorius laat besef dat daar nuwe geleentheid was om tot voordeel van Transvaal in hierdie sake in te gryp.

Gevolglik het die volksraad hom al in Mei 1850 gewaarsku *om geen bemoeyingen van oorlog.....over de gezegden Vaalrivier te bewerken of behulpzaam te zyn* en Potgieter het vanaf Soutpansberg aan Pretorius geskrywe dat hy verneem het dat daar planne onder die *voorste Emigranten* bestaan om 'n nuwe

oorlog teen Engeland te begin. Hy het hom gewaarsku om hom op die hoede te stel teen *listige raadslagen* en *vuige vleiery* en was van mening dat die dag *van onze algemeene verlossing* nog nie aangebreek het nie.

Nadat verdere berigte in hierdie verband Potgieter weer bereik het, het hy weer aan Pretorius en die inwoners van Magaliesberg geskrywe en gewaarsku om nie die Engelse binne hul eie *limietsbepalings* te gaan aanval nie. Gerugte dat so iets sou gebeur, het hom dusver van vereniging met die ander weerhou, maar hy nooi Pretorius uit om oor albei aangeleenthede te kom gesels.

Die verskil in staatkundige opvattinge tussen die twee Voortrekkerleiers het algehele versoening dus nog steeds in die wiele gery. Pretorius het nie geleentheid gehad om na Soutpansberg te gaan nie maar het nou al sy aandag aan die onafhanklikheidskwessie gewy. Die instruksies vir die kommandant-generaals, deur die volksraad uitgereik, het hom egter gekortwiek, ten opsigte van die bepaling van die 26e graad as grenslyn. Hy wou van die volksraad weet waar hierdie lyn geleë is, maar die volksraad het ook nie geweet nie en hom aangeraai om maar sy instruksies uit te voer, hoe onduidelik dit ook al was en te sorg dat daar veral geen bemoeiing met sake suid van die Vaalrivier plaasvind nie.

Die volksraad het die gedagte gehuldig dat die Engelse hulle met rus sou laat indien hulle rustig ten noorde van die genoemde graadlyn woon, maar Pretorius en sy ondersteuners het weer eens protes aangeteken en geëis dat die Vaalrivier as grenslyn *welk ons vyand selfs gemaakt heeft* erken moes word. Pretorius was nou al baie krielwelrig omdat die Lydenburgse afdeling van die volksraad hulle so afsydig aangaande die

onafhanklikheids- kwessie gedra *terwyl den vrug nu voor ons ryp is* en hulle verwyt dat hulle aan die slaap is. Laasgenoemdes, onder aanvoering van Bührmann en WH Jacobs, het glad nie geglo dat daar enige gevaar van die Engelse te vrees was nie maar dat Pretorius dit wel deur sy handelwyse kon veroorsaak.

Op 'n kommissieraadsvergadering wat op 30 Mei 1851 te Magaliesberg (Rustenburg) gehou is, het die agt lede nou sake in hul eie hande geneem en die 26e graadlyn met die Vaalrivier as grenslyn vervang.

Weens die lang afstand tussen die ooste- en westekant van die republiek is volksraadsittings selde voltallig bygewoon en kommissieraadvergaderings het 'n al hoe groter rol begin speel. Omdat die Lydenburgse lede nie opgedaag het nie by 'n volksraadsitting wat oor hierdie dringende aangeleenthede te Rustenburg in September 1851 moes besluit, het Pretorius nou van die krygsraad, die landdros en heemrade en die byeengekome publiek gebruik gemaak om hom magtiging te verleen om met die Engelse oor onafhanklikheid te gaan onderhandel.

Hy het intussen druk uitgeoefen op die Engelse outoriteite wat na hul neerlae teen die Basoeto's sy inmenging in die Vrystaatse probleme gevrees het. Die dag na die krygsraadsitting het Pretorius aan Warden en aan Mosjes laat weet dat hy as gevolg van verhoë wat die Soewereiniteit se blankes en Mosjes aan hom gerig het, magtiging ontvang het om Vrystaat toe te kom om die vrede en orde te gaan herstel.

Omdat daar vinnig gehandel moes word, het die krygsraad alle verantwoordelikheid oorgeneem, die onwillige volksraadslede

aangeskryf om voor die hof te Rustenburg te verskyn, die 26e graad-grensllyn weer herroep en die volksraad verbied om enige staatsaangeleenthede te hanteer voordat genoemde hof oor hul doen en late 'n beslissing gevel het.

Nietemin het Pretorius tog aan die Lydenburgse volksraadslede laat weet dat hulle teenwoordigheid verlang word op 'n vergadering wat op 10 Desember 1851 te Rustenburg gehou sou word om die saak te bespreek.

In plaas van om hieraan gehoor te gee, het die Lydenburgers voorbereidings getref om 'n kommando teen Sekwati en Mapog uit te stuur en onder andere vir Pretorius en veldkornette SJP Kruger en L van Wyk gevra om hulle te kom help, wat natuurlik onmoontlik was weens die erns van die onafhanklikheidsaak.

Warden het op 10 Oktober 1851 aan Pretorius laat weet dat hy sy voorstel aan die Britse Hoëkommissaris sou voorlê en op 18 November het hy geskrywe dat die assistent-kommissaris gewillig was om die saak na te gaan wanneer hulle te Bloemfontein sou aankom.

Op 8 Desember 1851 het die krygsraad op Rustenburg vergader om reëlins vir die sending na die suide te tref. Die Lydenburgers was nie teenwoordig nie en Pretorius het weer eens geskrywe en twee afgevaardigdes uit hulle geledere gevra om saam te gaan.

Potgieter het van die verwickelinge te hore gekom en aan Pretorius geskrywe en hom andermaal dringend gewaarsku om nie daarmee voort te gaan nie. Hy kon nie begryp waarom daar om kommissaris "gevra" word terwyl daar geen oorlog tussen

die Engelse goewerment en die Boere was nie. Hy was bevrees dat die Voortrekkerstaat met hierdie onderhandelings die vryheid wat hy tot dusver geniet het, gaan verloor.

Warden het aan Pretorius geskrywe dat die kommissaris hom met sy gevolg op 16 Januarie 1852 op die plaas van Piet Venter aan die Sandrivier sou ontmoet.

Ten spyte van hul vyandigheid het vier lede van Lydenburg, naamlik WH Jacobs, H Grobler, AT Spies en WF Joubert tog die kommissieraadvergadering op 10 Januarie 1852 te Potchefstroom bygewoon en Pretorius gemagtig om te gaan onderhandel.

So het dit dan gebeur dat op 16 Januarie 1852 kommandant-generaal AWJ Pretorius met die 16 lede van sy afvaardiging die twee Britse assistent-kommissaris WS Hogge en C Mostyn Owen te Sandrivier ontmoet het, waar die nege bepalings in sake die algehele onafhanklikheid van Transvaal op skrif gestel en deur albei partye goedgekeur en later deur die Britse Hoëkommissaris, sir George Cathcart, bekragtig is.

Op 20 Januarie was Pretorius-hulle weer op Potchefstroom terug en het die volksraad opgeroep om op 16 Maart te Rustenburg te vergader, waar verslag gedoen sou word.

Kommandant GJ Kruger het Potgieter te Soutpansberg per brief oor die uitslag van die onderhandelings ingelig en hom dringend uitgenooi om die vergadering te kom bywoon sodat hy self kon sien *de vreyheid die wey alle bekomen heeft aan deze zeyde van de Vaalrivier*.

Potgieter het besluit om te gaan en het reeds op 11 Maart op Rustenburg aangekom. Pretorius het op 15 Maart opgedaag en dagbreek die volgende dag het die aandoenlike algehele versoening tussen die twee leiers plaasgevind, waarvan Stuart sê: *Dit is een der heerlyke toneelen, die ik in dit land heb mogen bywonen.*

Die volksraad het na oorweging besluit om Pretorius se buitengewone handelwyse goed te keur en die Sandrivier-traktaat te bekragtig. Kommandant-generaal Potgieter het verklaar dat hy die volksraad ten volle erken *en zyn genegen zich aan de volksraad te onderwerpen.* Die twee kommandant-generaals het ooreengekom om mekaar wederkerig hulp te verleen in die uitoefening van hul militêre pligte.

Potgieter het sy ampseed as kommandant-generaal afgelê. Deur sy erkenning van die volksraad as hoogste gesag is uiteindelik die laaste verwarde draad wat sedert die ongelukkige gebeurtenisse van 1846 losgebreek het weer in 'n harmoniese geheel saamgebind.

Die enigste disharmonie wat daar nog geheers het, het van die kant van sekere Lydenburgers gekom, wat onder aanvoering van Bührmann die traktaat gekritiseer het en die waarde daarvan betwyfel het.

Die grondslag van hierdie Lydenburgse afsydigheid is deur die vroeëre "volksraadsparty" gelê, onder aanvoering van JJ Burger en later WH Jacobs en HT Bührmann in hulle stryd teen Hendrik Potgieter en Andries Pretorius, ten einde te verhoed dat daar 'n sterk uitvoerende gesag in die republiek tot stand kom. Lydenburg se ligging en sy geloof in Smellekamp se raadgevinge het ook hul deel tot hierdie afsydigheid bygedra.

Lydenburg skei af

Die uiteindelijke verkryging van staatkundige eenheid het dus helaas geen harte-eenheid meegebring nie. Veral die Lydenburgers, wat inderdaad die volksraadsgesinde Ohrigstaders was wat die stryd so lank teen Potgieter gevoer het, was nie so maklik vir hartlike samewerking te vinde nie en omstandighede het daartoe bygedra om hulle steeds meer en meer van die res van die republiek te laat vervreem.

In die eerste plek het die wegtrek van Potgieter na Soutpansberg en die terugkeer vanaf Ohrigstad na Potchefstroom en Magaliesberg van 'n aansienlike getal huisgesinne wat nie aan die volksraadsparty behoort het nie, hulle as 'n geïsoleerde groep in Oos-Transvaal laat agterbly met Lydenburg as hoofsetel. Hierdie geïsoleerdes het 'n onwrikbare vertrouwe in Smellekamp se raadgevinge gekoester en sy raad om die 25e breedtegraad as die suidgrens van die republiek te beskou, só ter harte geneem dat hulle inderdaad vyandig gestaan het teen die pogings van Andries Pretorius om die Engelse uit die Vrystaatse gebied te verdryf. Só sterk het hulle oor hierdie saak gevoel dat hulle sedert 1848 hulle distrik stelselmatig van Pretorius-volgelingen gesuiwer het en daardeur nog meer geïsoleerd geraak het. Hulle het naamlik almal wat aan Pretorius se oproep gehoor gegee het om die Engelse uit die Vrystaat te gaan verdrywe, gedwing om hulle distrik te verlaat, sodat in Ohrigstad en later in Lydenburg alleen 'n klein getal "gesuiwerde" isolasioniste oorgebly het.

'n Hollander wat Lydenburg in 1858 besoek het, het verklaar dat die hele dorp maar uit sowat twintig wonings bestaan het, versprei in 'n groot vlakte, deur berge omring. Waar die

Lydenburgse gemeenskap so 'n sterk houding ingeneem het oor die 25e breedtegraad as suidgrens van die republiek, kon daar dus van die staanspoor af geen hartlike samewerking bestaan tussen hulle en die inwoners van Wes-Transvaal wat saam met Pretorius geglo het dat die gebied wat die Boere toegekam het veel verder suidwaarts, ja selfs tot aan die Oranjerivier gestrek het nie.

Die afgesonderde ligging van Lydenburg het die bestaande verskille tussen die inwoners van dié gebied en die res van die land in die hand gewerk. Weens die groot afstand vanaf Rustenburg of Potchefstroom na Lydenburg en die gebrek aan doeltreffende paaie kon 'n gereelde verkeer nie gehandhaaf word nie want 'n reis vanaf Lydenburg na Potchefstroom het in hierdie dae ongeveer 80 uur geduur. Hierdie feit het noodwendig daartoe meegehelp om afsondering in die hand te werk.

Landdros De Clercq het in 1853 oor die ongereelde posdiens gekla: *De onzekerheid met oervoeren van briefen is zoo gevaarlyk dat van 10 slegs vyf teregte komp.* Gevolglik het kennisgewings van belangrike vergaderings soms glad nie hul bestemming bereik of betyds bereik nie, waaruit dan veel misverstand kon ontstaan.

Die lang afstand en tyd wat so'n reis in beslag geneem het, het lede van die volksraad wat in een gebied woonagtig was dikwels daarvan weerhou om sittings in die ander deel van die republiek te gaan bywoon. Reeds in 1851 het die inwoners van die Suikerbosrand die behoefte gevoel*dat ons hoofstad meer in het dikste midden van de bevolking mogte zyn, en niet op het uithoek*, sodat raadsittings vir lede nie met groot koste gepaard moet gaan nie en die reis gouer en makliker afgelê kon

word. Aangesien Lydenburg as vooraf vasgestelde hoofsetel van die republiek nie hierdie status regverdig het nie weens sy klein getal inwoners en sy afgesonderde ligging, het MW Pretorius in 1853 probeer om die volksraad te oorreed tot die stigting van 'n nuwe dorp aan die Apiesrivier, ten einde 'n meer sentraal geleë sittingsplek vir die volksraad te hê. Lydenburg was egter nie gewillig om aan die "voorste" distrikte so'n vergunning toe te staan nie.

Die verskille tussen die Lydenburgers en die res van die republiek is verder in die hand gewerk deur die feit dat die Lydenburgers hulle eie probleme, soos die voortdurende bedreiging van vyandige inboorlingstamme, byna deurgaans selfstandig hanteer het sonder die samewerking van die res van die republiek. Die geïsoleerde ligging van Lydenburg het dit in die hand gewerk en sodoende gaandeweg meegehelp om by die Lydenburgse gemeenskap 'n onderlinge samehorigheidsgevoel te kweek en die gevoel dat hulle inderdaad 'n onafhanklike gemeenskap was. Dit wil voorkom asof die Lydenburgers later die standpunt gehuldig het dat die Lydenburgse kommissieraad meer reg as die volksraad gehad het om te beslis oor sake wat Lydenburg alleen aangaan. Daar is ook beweer dat die Lydenburgers die standpunt gehuldig het dat hulle kommissieraad die hoogste gesag uitgemaak het wanneer die volksraad nie in sitting was nie.

Dat dit kon geskied, is te wyte aan die konstitusionele inrigting van die republiek. Naas die volksraad as sentrale gesag, het die bestuurstelsel naamlik voorsiening gemaak vir sogenaamde *kommissierade* wat op enige plek opgeroep kon word wanneer dringende omstandighede dit sou vereis in tye wanneer die volksraad nie byeen was nie. So 'n kommissieraad het bestaan uit 'n minimum van 5 volksraadslede en alle besluite daarvan

het dieselfde gesag as volksraadsbesluite gedra, solank dit nie deur 'n volksraadsitting afgekeur is nie. Hierdie stelsel het 'n ryke bron van potensiële moeikhede geskep. Immers, uit die aard van die saak en onder die omstandighede hierbo uiteengesit moes die kommissierade veral ten aansien van die geografies geïsoleerde Lydenburg, eintlik ontaard in distriksrade of "plaaslike besture" met uitgebreide magte en kon die kommissieraad in een distrik besluite neem wat teenstrydig was met dié van 'n kommissieraad in 'n ander distrik. Bowendien het die Lydenburgse kommissieraad in die besondere posisie verkeer dat hy homself as 'n voltallige volksraad kon konstitueer, want Lydenburg het 12 lede in die volksraad gehad wat die vereiste minimumgetal was om 'n voltallige volksraad uit te maak.

Die kommissieraad het dan ook 'n belangrike rol in die afskeiding van Lydenburg gespeel en was dikwels die oorsaak van onenigheid tussen laasgenoemde gemeenskap en Rustenburg-Potchefstroom. Toe in Mei 1851 die Potchefstroomse lede van die raad nie te Lydenburg teenwoordig kon wees nie het die twaalf Lydenburgse lede hulself as 'n voltallige raad beskou en met die vergadering voortgegaan. In Oktober 1852 is daar te Rustenburg 'n kommissieraadsvergadering gehou wat eintlik 'n volksraadsvergadering moes gewees het maar wat egter nie kon gebeur nie aangesien geen lede van Lydenburg opgedaag het nie.

Lydenburg het dus vanweë swakhede in die konstitusionele konstruksie van die republiek in die posisie verkeer dat hy homself feitlik onafhanklik kon regeer en selfs die res van die republiek in 'n mate kon oorheers. Selfs met minder as twaalf volksraadslede kon hy of enige ander distrik in so'n posisie geraak, want dit was 'n konstitusionele gebruik dat 'n

kommissieraad wanneer nodig sy geledere uit lede van die publiek kon aanvul totdat die kworum vir 'n volksraadsitting bereik is. Trouens, dit was die gebruik in Natal en hierdie gebruik is in Junie 1853 deur die Lydenburgers oorgeneem toe hulle, blykbaar vererg oor die feit dat daar vanaf September 1851 tot Junie 1853 nooit 'n volksraadvergadering te Lydenburg gehou is nie, hulle kommissieraad in 'n volle volksraadsitting omskep het en die ledetal uit hul eie geledere aangevul het.

Om die pil vir die ander distrikte, van wie daar geen verteenwoordigers was nie, minder bitter te maak, is deur hierdie raad bepaal dat sake wat op Lydenburg alleen betrekking gehad het deur hierdie "volksraad" finaal afgehandel sou word, maar dat die byeenkoms as 'n kommissieraad beskou sou word wanneer dit oor aangeleenthede handel wat ook op die ander distrikte betrekking het. 'n Gewone voltallige volksraad sou dus die reg hê om die besluite deur hierdie Lydenburgse raad met betrekking tot die res van die republiek te veto, maar nie die besluite met betrekking tot die distrik Lydenburg nie.

Hierop het die westelike distrikte van die republiek in gelyke munt geantwoord. Op 9 Augustus 1853 het naamlik 'n kommissieraad op Rustenburg op dieselfde wyse hulle vergadering op aandrang van die publiek in 'n volksraadsvergadering omskep deur nog vier lede uit die publiek by te kies en as volksraadslede in te sweer. Net soos Lydenburg gedoen het, het hulle ook alle plaaslike sake op die sakelys finaal afgehandel maar oor Lydenburgse aangeleenthede alleen voorlopig as kommissieraad besluite geneem.

Hierdie optrede het die Lydenburgers dwars in die krop gestee en met die volgende vergadering van die raad wat in September 1853 te Lydenburg gehou is en waarop 12 Lydenburgse lede en 3 van die weste teenwoordig was, is misnoeë oor die aanmatiging van die Rustenburgse kommissieraad uitgespreek.

Dit het op sy beurt weer die misnoeë van die weste verwek oor die getaloorwig wat Lydenburg in die volksraad gehad het, naamlik 12 lede teenoor 6 van die ander distrikte en met die volgende sitting wat in November 1853 te Potchefstroom plaasgevind het, is daar getrag om 'n einde aan hierdie oorwig te maak deur te besluit dat elke distrik slegs ses lede mog kies waarvan slegs drie enige sitting moes bywoon. Hierdie besluit is deur die publiek goedgekeur en in Junie 1854 is dit weer te Potchefstroom bekragtig.

Die Lydenburgers was hieroor egter nie te vinde nie omdat hulle besef het dat hulle in 'n kleiner volksraad nie soveel invloed soos vantevore sou kon uitoefen nie en het hulle dan ook teen dié besluit verset. Hulle wou die volksraad oorheers en het liewers die weg van afskeiding bewandel as om toe te laat dat die ander distrikte in die geleentheid gestel word om hulle uit hulle posisie te verdring.

As die leiers van die Lydenburgse gemeenskap gematigde mense was wat in opregtheid na samewerking met die ander distrikte gestrewe het, kon die afskeiding heelwaarskynlik afgeweer gewees het. Helaas, hierdie Lydenburgse leiers wat hulle vanaf die dae van die twis met Potgieter beskou het as die kampvegters vir demokrasie teen 'n "eenhoofdige bestuur", het die leidende figure in die weste steeds as 'n gevaar vir die demokrasie beskou en in plaas van om met hulle saam te werk, het hulle verkies om met hulle te twis. So byvoorbeeld het

hulle Andries Pretorius, wat na Potgieter se trek noordwaarts die groot leier in die weste geword het, van die staanspoor af geoponeer. Hy was vir hulle die nuwe verpersoonliking van 'n "eenhoofdige bestuur" en daarom het hulle die benoeming van 'n kommandant-generaal in vrede tyd so bitter teengestaan. Dit was waarskynlik ook een van die redes waarom hulle Pretorius se planne om die Engelse met geweld uit die Vrystaat te verdryf so heftig bekamp het. Hulle het gevrees dat dit sy invloed sou laat toeneem.

Soos Jacobus Burger, die eertydse leier van die Ohrigstadse volksraadsgroep die stryd teen Potgieter tot die bitter einde volgehou het, so het die leiers van die Lydenburgse gemeenskap op wie Burger se mantel na sy afsterwe geval het, te wete C Potgieter, WH Jacobs en HT Bührmann, teen Andries Pretorius geveg en geagiteer en na sy afsterwe in Julie 1853, ook teen sy seun en opvolger MW Pretorius. Hierdie persoonlike rusies tussen die voormanne van Lydenburg dié van die weste het beslis daartoe bygedra om Lydenburg op die pad van afskeiding aan te help.

Tydens die Sandrivier-onderhandelinge was Bührmann só met wrewel teenoor Andries Pretorius vervul dat hy planne beraam het om laasgenoemde om die lewe te bring. Daarom het die volksraad op 17 Maart 1852 te Rustenburg Bührmann ontslaan as landdros van Lydenburg en bepaal dat hy twee persone voor die landdroshof moes lewer om vir sy goeie gedrag borg te staan of anders sou hy *dadelyk in verzekerde bewaring gehoude word*.

Bührmann het uiters gebelgd gevoel oor die vonnis wat hom opgelê is en het in elk geval in gebreke gebly om die twee borge te lewer. Op Lydenburg het hy Pretorius met hernude

ywer geloop en beswadder en soveel simpatie het die Lydenburgers vir hom gehad dat hulle by wyse van 'n petisie teen die raad se vonnis geprotesteer het.

Soos ook reeds vroeër aangetoon is, het Bührmann met sy ondersteuners vurig teen die Sandrivierse traktaat geagiteer. Hy het sy eie wraakgevoelens probeer bevredig deur middel van sy pogings om die hele Lydenburgse gemeenskap in verset teen Andries Pretorius op te maak en die feit dat die Lydenburgse kommissieraad hom in Junie 1855 van alle blaam onthef het en *oordeelt het te swaar voor den heer HT Bührmann om langer onder die blaam te blyven*, bewys dat hy daarin suksesvol was. In Lydenburg het die straat waarin hy gewoon het "Bührmannstraat" geheet en volgens 'n Hollander wat Lydenburg in 1858 besoek het en met Bührmann kennis gemaak het, *heeft hy zich zoo diep in het vertrouwen dezer onnozele lieden weten intedringen, dat men hem als een bekwame staatkundig persoon beschouwd*.

Het die gebeure met Bührmann 'n diep wig tussen die Lydenburgse kommissieraad en die lede van die volksraad elders in die republiek ingedryf, dan het die optrede van die volksraad te Rustenburg teen JA Smellekamp, wat hom intussen in die republiek kom vestig het en wat soos reeds aangetoon is baie hoog deur die Lydenburgers geag was, 'n onoorbrugbare kloof tussen Lydenburg en die res van die republiek veroorsaak..

Smellekamp het in die gedrang gekom vanweë sy optrede teen ds Dirk van der Hoff, die eerste predikant van die Voortrekkers wat gedurende 1852 deur prof. Lauts in Holland vir Transvaal verkry is en wat op 16 Mei 1853 te Potchefstroom aangekom het. Die Lydenburgers was blykbaar nie danig gediend met

hom nie en het van die staanspoor af gekla dat die salaris wat aan hom toegeken is vir die landsomstandighede te hoog was.

Op 9 Augustus 1853 is tydens die sitting van die Rustenburgse kommissieraad, wat hul vergadering as 'n volksraadsbyeenkoms beskou het, 'n algemene kerkvergadering gehou waar ds Van derHoff benoem, aangestel en erken is as wettige en geordende leraar van die land. Die vergadering het ook besluit om voorlopig nog nie die kerk van die republiek by die Kaapse sinode in te lyf nie omdat daar vir hulle geen predikante uit die Kaapkolonie gestuur is nie en hulle hul nie aan die Kaapse kerkwette kon onderwerp nie.

Omdat die Lydenburgers glad nie by hierdie vergadering teenwoordig was nie het daar oor dié besluite ontevredenheid bestaan. Die volksraad wat op 19 September 1853 te Lydenburg sitting geneem het en waar die Lydenburgers in die meerderheid was, het Van der Hoff erken as predikant vir Potchefstroom, Rustenburg en Soutpansberg, maar hulle het dit aan die Lydenburgse gemeente self oorgelaat om te besluit of hulle hom as predikant wou hê aangesien hulle nie teenwoordig was toe hy te Rustenburg bevestig is nie. Hulle wou ook nie die Rustenburgse besluit om die kerk in die republiek nie by die Kaapse sinode in te lyf nie, bekragtig nie.

Die Lydenburgse gemeente het op hierdie tydstip gekla dat dit vir hulle gelyk het asof hulle *als niets beschouwd word*, maar hulle het Van der Hoff nogtans as predikant aanvaar.

In November 1853 het die volksraad te Potchefstroom finaal besluit om nie die kerk by die Kaapse sinode in te skakel nie. Bührmann en die Lydenburgers het Van der Hoff verwyt dat dit aan sy toedoen te wyte was dat die Transvaalse kerk nie by die

Kaapse sinode ingelyf is nie. Die Lydenburgse gemeente het egter nou verkies om 'n eie predikant te hê en in Junie 1854 het die volksraad toegestem om 'n leraar vir Lydenburg en Soutpansberg te beroep.

Smellekamp het aan die begin van 1854 in Transvaal aangekom en gedurende Februarie van dieselfde jaar vir ds Van der Hoff te Lydenburg ontmoet, alwaar sommer onmiddellik onenigheid tussen die twee ontstaan het as gevolg van Smellekamp se planne en reëlins om 'n predikant uit Holland vir Lydenburg te werf sonder samewerking van professor Lauts.

Daarna het Smellekamp Rustenburg toe gegaan en onder andere daar rondvertel dat Van der Hoff geen geordende leraar was nie en dat hy en die hele kerkraad *Godverloogchenaars* was. Die kerkraad het Smellekamp voor die volksraad wat op Rustenburg in sitting was, aangekla maar laasgenoemde was huiwerig om 'n beslissing te vel en wou die saak liever deur die hof beslis hê. Hulle het Smellekamp egter voor die raad gebring waar hy ontken het dat hy sou beweer het dat Van der Hoff nie georden was nie.

Daarop het die kerkraad by die krygsraad om hulp gaan aanklop, waarop laasgenoemde veldkornet Paul Kruger na die volksraad gestuur het om te gaan verneem waarom die kerkraad *niet na behooren zyn beschermd geworden*. Die volksraad het die verskoning aangebied dat hulle nie oor genoegsame getuienis in die saak beskik het nie. Die krygsraad lewer toe twee persone om getuienis af te lê en eis dat 'n besluit wat die vorige jaar geneem is, uitgevoer moes word, naamlik om persone wat die kerk belaster met 500 Rds te beboet en by 'n tweede oortreding te verban. Daarop het die volksraad Smellekamp met 500 Rds beboet en hom gewaarsku om hom

stil en rustig te gedra en hom nie met kerklike of politieke sake te bemoei nie of anders sou hy verban word.

'n Rukkie daarna het Smellekamp op Potchefstroom aangekom. Sy gramskap het nou ook teen MW Pretorius as voorsitter van die krygsraad, ontvlam. Nadat hy 'n beledigende brief aan laasgenoemde gerig het, het die landdros van Potchefstroom hom gelas om die republiek te verlaat. Hy is dus verban en het 'n dag of wat later na Bloemfontein vertrek.

Die Lydenburgers was oor hierdie gebeurtenisse baie ontevrede en het hulle skerp uitgespreek oor die feit dat Smellekamp sonder die gebruikelike verhoor gevonnissen is, dat die krygsraad hom met die aangeleentheid bemoei het en dat aan Smellekamp geen reg tot appél toegestaan is nie. Hulle het net soveel wrewel as Smellekamp teenoor ds Van der Hoff en MW Pretorius gekoester en toe Smellekamp dan ook 'n paar maande later vanaf Bloemfontein, waar hy intussen as provisionele landdros aangestel is, sy lot oor sy vonnis by die Lydenburgse kommissieraad bekla het, het hulle 'n paaierende en vertroostende brief aan hom gerig en beloof om die "misverstand" uit die weg te ruim en het hom van hulle vriendskap verseker.

Lydenburg het Van der Hoff nou as Pretorius se predikant begin beskou en was vasberade om hom teë te werk. Die Lydenburgse kommissieraad het die gemeente se voornemens om 'n eie predikant te beroep, ondersteun. Daarop het die Lydenburgse kerkraad die kommissieraad gevra om hulle behulpsaam te wees om by die Kaapse sinode aan te sluit omdat Van der Hoff *om zyn wanstaltig levensgedrag, zyn ampt onder ons, zich heeft onwaardig gemaakt*. Die kommissieraad het sy goedkeuring aan hierdie kerklike afskeiding geheg en beloof om so ver moontlik daarmee behulpsaam te wees.

Kommissieraadsbesluite moes egter deur die volksraad goedgekeur word. Wat die Lydenburgse gemeente se belange betref om 'n predikant te beroep, het die volksraad in Junie 1855 te Rustenburg dit dan ook goedgekeur en bekragtig. Die kommissieraad se besluit om aansluiting by die Kaapse sinode te soek is egter afgekeur en Cornelis Potgieter wat voorsitter van die betrokke kommissieraad was, is berispe en met 5 Rds beboet omdat hy die kommissieraad toegelaat het om teen die besluite van die volksraad van November 1853 te handel.

Daarmee was die saak egter nog nie afgehandel nie want op hierdie vergadering was die Lydenburgse lede van die volksraad in die meerderheid. By die volgende raadsvergadering wat op 11 September te Pienaarsrivier gehou is, was Lydenburg egter in die minderheid en is die sinodekwessie weer behandel.

MW Pretorius het in 'n brief wat hy voor die raad gelê het, geëis dat die lede van die Lydenburgse kommissieraad gestraf moes word omdat hulle buite hulle bevoegdheid gehandel het, om die volgende redes: Alleen die algemene kerkvergadering van die republiek het reg om oor so 'n versoek soos dié van die Lydenburgse kerkraad te beslis en nie die kommissieraad nie. Die feit dat laasgenoemde liggaam ook nog sy steun aan die kerkraad toegesê het en daarby al die ander gemeentes van die republiek tot 'n vereniging met die kerkbestuur van 'n buitelandse moondheid wou insleep, het van moedswillige handelwyse getuig. Die genoemde kommissieraad het verder ook geen reg gehad om namens die volksraad aan die verbanne Smellekamp 'n brief te skrywe nie. Hulle het daarmee die landswet oortree en meened gepleeg.

Die saak is deur die volksraad na "n *competente* geregshof verwys, bestaande uit die vier landdroste en die heemrade van die vier distrikte - tesame 20 persone, wat die agt lede van die Lydenburgse kommissieraad, naamlik WH Jacobs, C Potgieter, LJ Nel, AT Spies, JH Breytenbach, GC Schoeman, JJ Scheepers en JW Grobler tot 'n boete van 150 Rds elk gevonnissen het en hulle as volksraadslede afgesit het deur hulle as *onwaardig om enige betrekking binnen deze landpalen te bekleeden* te verklaar. Die volksraad het die vonnis eenparig goedgekeur en die landdroos van Lydenburg kennis gegee om vir die volgende sitting vyf lede te laat kies, maar die Lydenburgse publiek het geantwoord dat hulle die *gedeperteerde* lede nog steeds as volksraadslede beskou *terwyl het tot hier toe nog niet gebleken of bekend gesteld is wat de misdaad der leden was waardoor sylieden eerloos verklaard kon worden*.

Nietemin het landdroos De Clercq die geskorstes tot 'n kommissievergadering opgeroep om te beraadslaag wat hulle te doen staan. Op die vergadering is twee biewe voorgelees van die Lydenburgse publiek wat ten volle met die geskorste lede gesimpatiseer het, terwyl laasgenoemdes hulself ook as onskuldig beskou het en gemeen het dat hulle volkome reg gehad het om die Kaapse sinode te erken en aan Smellekamp 'n brief te skrywe.

Die inwoners van Lydenburg het verklaar dat aangesien hulle volksraadslede gevonnissen en geskors is omdat hulle volgens MW Pretorius *landverraders* en *wetverbrekers* sou wees, verkeer die hele Lydenburgse gemeenskap gevolglik ook onder dieselfde blaam en het derhalwe 'n herondersoek van die saak geëis. Hulle het die volksraadsbesluite te Pienaarsrivier as onwettig beskou, totdat die hele saak weer ondersoek en

opgelos sou wees, *en zien wy ons verpligt om ons tot zoolang van de thans aldaar bestaande Volksraad te onthouden tot der tyd dat het ons blykt dat de wet en het regt aldaar behoorlyk gehandhaafd word.*

Omdat kommandant-generaal Schoeman van Soutpansberg met die Lydenburgers gesimpatiseer en die volksraad se handelwyse afgekeur het, het hulle aan hom geskrywe dat hulle twee afgevaardigdes sou stuur om 'n protesvergadering soos deur hom voorgestel is in Desember 1855, op Rustenburg by te woon. Hulle het verklaar dat hulle hul nog aan die ooreenkoms en besluite te Olifantsrivier in Maart 1849, te Origstad in April en te Krugerspos in September 1849 hou en hulle as verenigd beskou met almal wat ook daaraan hou. Almal wat daarteen werk, is verbrekers van die vereniging en as daar skeuring ontstaan, sou Lydenburg hom as verenigd beskou met almal wat hierdie wette regverdig bly handhaaf *en dat zy stellig beslooten hebben on zich des noods geheel aftezonderen van allen die daartegen zyn, omreden het onmooglyk is om na zoo veel ondervinding en zwaren lyding noch langer op zulk een voet als vroeger voort te gaan.*

Die gedagte aan afskeiding het by Lydenburg dus nou al sterk op die voorgrond getree, indien hy nie daarin kon slaag om die westelike deel van die republiek aan sy eise te laat toegee nie en soos dit uit die voorgaande blyk het hy geredeneer dat dit dan in daardie geval Rustenburg-Potchefstroom sou wees wat van die

131

res afskei omdat hulle die ou ooreenkomste sou verbreek het.

As gevolg van hierdie standpunt het Lydenburg benewens Soutpansberg ook nog die inwoners van Utrecht, wat 'n stuk

grond aan die Buffelsrivier van Panda vir 100 beeste in 1854 geruil het, tot hul sienswyse probeer oorhaal. Hulle het aan JC Kloppers en AT Spies geskrywe dat die volksraad nie weer 'n nuwe verkiesing van lede vir Lydenburg oopgestel het nie, dat die volksraad Lydenburg sy regering ontnem het en gesorg het dat daar nie weer een opgerig kon word nie en dat hulle die Lydenburgse publiek ook nie in kennis gestel het vir watter misdade hul raadslede afgesit is nie. Indien almal op die voorgenome vergadering te Rustenburg hulle aan die ou ooreenkomste gaan hou, sal Lydenburg met hulle verenigd bly, maar indien nie, *zal zich dit Distrikt van de anderen afzonderen, en weder op zich zelve blyven bestaan.* Daarom wou hulle graag met Utrecht verenig.

Dit was nie net alleen die sinode- en Smellekampkwessie en die daaropvolgende gebeurtenisse wat Lydenburg op hierdie stadium al ernstig aan afskeiding laat dink het nie maar ook die verskil in mening wat daar oor die opstel van 'n grondwet vir die republiek bestaan het en die verwickelinge wat in verband daarmee plaasgevind het. Die volksraad se besluit in Junie 1854 om 'n nuwe grondwet te laat opstel, het onmiddellik die teenkanting van Lydenburg uitgelok. Laasgenoemde was van mening dat dit nie nodig was nie en te veel onkoste sou teweeg bring, dat die meerderheid in die volksraad nie die "wet van die land" is nie, maardie publiek wat die "koningstem" uitmaak.

Nietemin is deur die volksraad tydens sy sitting te Pienaarsrivier in September 1855 'n kommissie benoem om die grondwet op te

132

stel en by die volgende sitting van die raad in November van dieselfde jaar, waar geen Lydenburgers teenwoordig was nie, is die konsep voorgelê en aanvaar.

Die Lydenburgers het na die volgende vergadering van die volksraad te Rustenburg in Maart 1856 gekom om die grondwet te kom bespreek, maar die raad het geweier om vyf van hulle, wat gevonniss was, as lede in te sweer. Hierdie vyf persone het weer heftig teen hulle vonnis te velde getrek en het verklaar dat dit onwettig was, veral omdat MW Pretorius wat die aanklaer was, 'n swaer was van landdros J Kock wat die vonnis gevel het. Daarop het nege van die agtien teenwoordige lede wat die vonnis help vel het, dit as 'n belediging teen hulle self beskou en die vergadering verlaat.

Daar kon dus nie met die werksaamhede in verband met die grondwet se opstel aangegaan word nie en die oorblywende lede het bepaal dat die saak weer by die volgende vergadering in Oktober 1856 te Lydenburg te berde gebring sou word.

MW Pretorius het egter intussen op 'n kommissieraads-vergadering te Pretoria in Mei 1856 die grondwet stuk vir stuk laat afhandel met die verskoning dat die enigste oplossing om die verdeeldhede uit die weg te ruim, sou wees om die bestaande regeringsvorm te verander en die regering op 'n vaste grondslag te plaas. Op 'n kommissieraadsitting te Potchefstroom in Januarie 1857 is besluit om die grondwet in werking te stel en is MW Pretorius as president ingesweer.

Die volksraadsvergadering wat vir Oktober 1856 te Lydenburg bepaal was, kon nie deur die Rustenburgse en Potchefstroomse lede bygewoon word nie weens inboorlingmoeilikhede op die wesgrens. Die Lydenburgers het egter op hierdie datum vergader en omdat die ander geweste van die republiek nie teenwoordig was nie het hulle nou finaal onder die indruk gekom dat die res niks met hulle te doen wou hê nie en daarom

van Lydenburg afskei. Daarom het hulle op hierdie vergadering die ontbrekende getal lede aangevul en as 'n selfstandige volksraad opgetree en besluit om *dit distrikt onder een afzonderlyk bestuur te brengen*.

Hulle het gegrief gevoel omdat die grondwet sonder hul teenwoordigheid deur die kommissieraad te Pretoria afgehandel is en die konsep nie voor alle groepe vir goedkeuring voorgelê is nie. Daarbenewens was hulle bevrees dat aan MW Pretorius as president onder die nuwe grondwet te veel gesag toegeken sou word, want Bührmann het vertel dat Pretorius met geweld *als koning over het geheelen land wil regeren* en dat ds Van der Hoff deur die hysing van die vierkleur die republiek en sy inwoners as wettige eiendom van Pretorius erken het.

Hulle het dus nog steeds die ou vrees gekoester dat die gesag van die volksraad deur 'n "eenhoofdige bestuur" en deur die aanname van die grondwet onderwyn sou word en was nie gewillig om die leidende aandeel in staatsake wat hulle sedert die Ohrigstadse tydperk besit het, prys te gee nie. Dit was een van die vernaamste redes *dat de bevolking dier plaats zich tot eenen afzonderlyken Staat heeft geconstitueerd*.

Die eerste Lydenburgse volksraad het daarna op 16 Desember 1856 by die Steenkampsberge vergader, waar die afskeiding 'n voldonge feit geword het. Op 11 Maart 1857 het hulle hulself officieel verklaar tot *De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika* en het 'n grondwet wat hulle al in 1853 self opgestel het met enige veranderings aanvaar. Volgens Lydenburg was die onmiddellike faktore wat tot die afskeiding aanleiding gegee het, Smellekamp se vonnis, hulle pogings tot vereniging met die Kaapse sinode wat deur die ander distrikte teëgewerk is, die skorsing van die lede van die Lydenburgse kommissieraad en hul vergeefse pogings om die vonnis weer opgehef te kry, die

ander distrikte se onttrekking aan die gesamentlike volksraadsittings en hulle pogings om sonder Lydenburg 'n nuwe grondwet in te stel.

MW Pretorius het egter nie lank getalm om weer die vriendskapshand aan Lydenburg te reik nie en het hulle in September 1857 uitgenooi om *eene verzoening aan te knopen, waardoor de vroeger bestaande vriend- en broederschap, die zoo ongelukkig verbroken is geworden, weder geheeld kon worden.* Dit het daartoe gelei dat C Potgieter en HT Bührmann in Februarie 1858 die kommissieraadsvergadering te Rustenburg bygewoon het, waar die grondwet weer hersien is. Die Lydenburgers is in die wysiging van die grondwet tegemoet gekom, met die gevolg dat hulle dit aanvaar het en in 1860 weer met die Suid-Afrikaanse Republiek verenig het.

Daarmee is toe eindelijk beëindig wat ons mag noem die "Ohrigstadse tydperk" in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, dit wil sê die tydperk waarin 'n minderheidsgroep gekonsentreerd in die Oos-Transvaalse laeveld, eers te Ohrigstad en daarna te Lydenburg, probeer het om die totstandkoming van 'n behoorlik ingerigte gereelde bestuur en van 'n sterk verenigde Transvaalse staat te dwarsboom. Ook is daarmee die grondslae voltooi waarop die Z A R as één sterk verenigde staat kon gedy tot 'n toonaangewende mag in die res van Suid-Afrikaanse state en kolonies.